UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE KLEUTER SE BELEWENIS VAN VERLIES NA DIE DOOD VAN `N OUER IN `N ZOELOEGEMEENSKAP

deur

Anzel Niebuhr

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER MAATSKAPLIKE WERK**

in

**SPELTERAPIE**

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Me H Bauling

**PRETORIA** **Maart 2009**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## DANKBETUIGINGS

**My opregte dank word hiermee betuig aan elkeen wat `n bydrae gelewer het om hierdie verhandeling te voltooi, in besonder aan:**

- My studieleier, Me H Bauling, vir haar bekwame leiding, volgehoue belangstelling en ondersteuning met die uitvoering van hierdie studie ten spyte van haar besige skedule.
- My gesin vir hul tonne liefde en ondersteuning.
- Hugo my man, vir al jou liefde en motivering.
- Marietjie Cronje, Ruth Kuhlase en Sarafina Mbatha vir kennis en belangstelling aangaande die onderwerp van die studie.
- Isitimela Créche vir die gebruik van die perseel om die studie te kon uitvoer.
- Die groeplede wat aan die studie deelgeneem het. Elke lid het op sy unieke wyse bygedra tot die sukses van die studie.
- Groot dank aan my Hemelse Vader vir lewe, krag en motivering.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**OPSOMMING**

**Die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap**

**deur**

**Anzel Niebuhr**

**Studieleier: Me H Bauling**

**Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie**

**MMW Spelterapie**

Wêreldwyd word kinders meer en meer blootgestel aan situasies wat verlies impliseer. Wanneer `n kind `n ouer aan die dood afstaan is dit `n traumatiese belewenis wat potensieel die kind se lewe drasties beïnvloed. Indien `n kind wat verlies ervaar, nie bemagtig word om sy verlies te integreer nie kan hierdie leemte wat as gevolg van verlies manifesteer op negatiewe wyse gevul word. Onkunde en ongemak rakende die identifisering, verbalisering en hantering van emosies is in die alledaagse lewe vir volwassenes en kinders `n probleem.

Wanneer kleuters se ontwikkeling in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat hulle beperkte kognitiewe, sosiale en emosionele vermoëns het. Hulle vind dit dus moeilik om emosies te verbaliseer. Die navorser is van mening dat die meeste kleuters se verliese nie aangespreek word nie, aangesien sommige volwassenes van mening is dat kleuters beperkte vermoëns het en byvoorbeeld nie die konsep 'dood' verstaan nie. Binne die Zoeloe-kultuur blyk die emosies van kleuters nie noodwendig vooropgestel te wees nie. Sover vasgestel kon word is daar nog geen navorsing oor die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in Zoeloegemeenskappe gedoen nie. Inligting oor die wyse van verlieshantering deur die kleuter binne `n Zoeloegemeenskap na die dood van `n ouer kan moontlik toekomstige probleme uitsluit en effektiewe dienslewering kan aan dié kleuters verskaf word.

Die doelstelling van die navorsing was om ondersoek in te stel na die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap. Ongestruktureerde onderhoudvoering en waarneming in die vorm van gestaltgroepwerk het verseker dat die data vir die studie suksesvol ingevorder is. Vyf kleuters binne `n Zoeloegemeenskap wat gedurende `n een jaar periode voor die data invorderingsgeleenthede hul ouer(s) aan die dood afgestaan het, is vir die studie geselekteer. Die groepsessies het by die Isitimela Créche in Bhekuzulu, `n Zoeloegemeenskap in Noord KwaZulu-Natal plaasgevind. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is as die geskikste navorsingsbenadering vir hierdie studie beskou aangesien die doel van die studie was om insig ten opsigte van die kleuter binne `n Zoeloegemeenskap se belewenis van verlies na die dood van `n ouer te bekom. Met behulp van `n literatuurstudie en gesprekke met kundiges het die navorser daarin geslaag om `n teoretiese raamwerk daar te stel ten opsigte van die ontwikkeling van die kleuter; die belewenis van verlies binne `n Zoeloegemeenskap, sowel as spel binne gestaltgroepwerk.

Verskeie faktore soos die kultuur, geslag, ouderdom en persoonlikheidseienskappe beïnvloed `n kleuter se reaksie na die dood van `n ouer. Kulturele invloede speel `n betekenisvolle rol in die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer. Binne die Zoeloe-kultuur word daar baie tyd aan begrafnisrituele spandeer en min tyd aan die emosionele hantering van die dood. Beperkte geleenthede vir die emosionele hantering van verlies na die dood van `n ouer word dus vir die kleuter binne `n Zoeloegemeenskap geskep.

Tydens die empiriese studie is die inligting wat deur middel van groepwerk ingesamel is, geanaliseer. Na elke sessie het die navorser oor die sessie gereflekteer en prosesnotas is ooreenkomstig Cresswell se kwalitatiewe data-analiseproses verwerk. Op grond van die navorsingsbevindinge kom die navorser tot die gevolgtrekking dat, hoewel die aanname binne die Zoeloe-kultuur gemaak word dat die kleuters te klein is om die konsep 'dood' te verstaan, kleuters binne die Zoeloe-kultuur wel emosies na die dood van `n ouer ervaar en dat daar `n behoefte aan erkenning en begrip van hierdie emosies bestaan. Die leiding van volwassenes word egter in dié opsig benodig. Vir toekomstige navorsing word aanbeveel dat die kleuter se wyse van verlieshantering binne die Zoeloe-kultuur oor die algemeen nagevors word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## SUMMARY

**The preschool child`s experience of loss after the death of a parent in a Zulu community**

**by**

**Anzel Niebuhr**

**Supervisor: Ms H Bauling**

**Department of Social Work and Criminology**

**MSW Play Therapy**

All over the world children are more exposed to situations that involve loss. If a child loses a parent due to death it is a traumatic experience that can influence his life drastically. If a child is not empowered to integrate the loss it can possibly influence his life negatively. A lack of knowledge regarding the verbalisation, identifying and handling of emotions is an obstacle for most adults as well as children.

If the preschool child`s development is taken into consideration it becomes clear that he has limited cognitive, social and emotional abilities. Due to the preschool child`s limited cognitive ability he finds it difficult to verbalise his emotions. The researcher is of the opinion that the majority of losses preschool children are exposed to, are not addressed due to adults opinions that preschool children have limited ability to understand the concept 'loss'. In the Zulu culture emotions of preschool children are not sufficiently addressed. The researcher is not aware of research that has been done in Zulu communities on the preschool child`s experience of loss after the death of a parent. The early identification and handling of loss could possibly eliminate obstacles in the future and ensure effective service delivery to preschool children in a Zulu community.

The goal of the research was to investigate the preschool child`s experience of loss after the death of a parent in a Zulu community. Unstructured interviewing and observations in the form of gestalt group work ensured that the data was successfully collected. Five preschool children in a Zulu community, who lost a parent during the preceding year before the data collection was done, were selected for the study. The group sessions were held at the Isitimela Créche in Bhekuzulu, a Zulu community in Northern KwaZulu-Natal.

A qualitative research approach was considered as the most appropriate approach for this study, since the aim of the study was to explore the preschool child`s experience of loss after the death of a parent in a Zulu community. Through a literature study and consultations with experts the researcher could successfully compile a theoretical framework regarding the development of the preschool child; the preschool child`s experience of loss in a Zulu community and play within gestalt group work.

Several factors such as culture, personality traits, age and gender influence a child`s experience of loss. Cultural influences seem to play a significant role in a preschool child`s experience of loss. In the Zulu culture a lot of time is spent on burial rituals and none on the emotional handling of loss after a death. As a result limited opportunities are created for the preschool child to handle the loss of a parent.

During the empirical study, the data collected from the gestalt group work sessions, was analysed. After every session the researcher made notes which were analysed according to Cresswell`s method of data-analysis. Due to research findings the researcher came to the conclusion that the assumption is made in a Zulu community that the preschool child is not able to understand the concept of death. However the preschool child does experience a range of emotions after the death of a parent and he has a need to express himself. It is obvious that adults should give assistance to the child due to his lack of cognitive abilities. Further research is required to investigate the preschool child`s experience of loss after the death of the parent in the Zulu culture in general.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**KERNBEGRIPPE**

Kleuter

Belewenis

Verlies

Zoeloegemeenskap

Spelterapie

Gestaltgroepwerk

Zoeloe-kultuur

Rouproses

Emosies

Kruis-kultureel

**KEY CONCEPTS**

The preschool child

Experience

Loss

Zulu community

Play Therapy

Gestalt group work

Zulu culture

Grieving process

Emotions

Cross cultural

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**


**HOOFSTUK 1:**

**1. ALGEMENE INLEIDING** .... 1
**1.1 INLEIDING** .... 1
**1.2 PROBLEEMFORMULERING** .... 3

**1.3 DOEL EN DOELWITTE** .... 4
1.3.1 Doel .... 5
1.3.2 Doelwitte .... 5

**1.4 NAVORSINGSVRAAG** .... 5
**1.5 NAVORSINGSBENADERING** .... 5
**1.6 TIPE NAVORSING** .... 6

**1.7 NAVORSINGSONTWERP EN - PROSEDURES** .... 7
1.7.1 Navorsingsprosedure en -werkswyse .... 7
1.7.2 Analisering van data .... 8

**1.8 VOORONDERSOEK** .... 10
1.8.1 Uitvoerbaarheid van die studie .... 10
1.8.2 Toetsing van data-invorderingsinstrument .... 10

**1.9 OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING** .... 11
1.9.1 Omskrywing van die universum en populasie .... 11
1.9.2 Steekproef en wyse van steekproefneming .... 11

**1.10. ETIESE ASPEKTE** .... 12
1.10.1 Ingeligte toestemming .... 12
1.10.2 Skade aan respondente .... 13
1.10.3 Privaatheid en konfidensialiteit .... 13

1.10.4 Aksies en bevoegdheid van die navorser ..... 13
1.10.5 Publikasie van resultate ..... 13
1.10.6 Ontlading van respondente ..... 14

**1.11 LEEMTES VAN DIE STUDIE** ..... 14

**1.12 DEFINIËRING VAN HOOFKONSEPTE** ..... 15
1.12.1 Die kleuter ..... 15
1.12.2 Belewenis ..... 15
1.12.3 Verlies ..... 15
1.12.4 Zoeloegemeenskap ..... 16
1.12.5 Spelterapie ..... 16
1.12.6 Gestaltgroepwerk ..... 16

**1.13 INHOUD VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG** ..... 17

**HOOFSTUK 2: DIE KLEUTER SE BELEWENIS VAN VERLIES BINNE DIE ZOELOE-KULTUUR**

**2.1 INLEIDING** ..... 18

**2.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEUTER** ..... 18
2.2.1 Emosionele ontwikkeling ..... 19
2.2.2 Sosiale ontwikkeling ..... 22
2.2.3 Liggaamlike ontwikkeling ..... 23
2.2.4 Kognitiewe ontwikkeling ..... 23

**2.3 FAKTORE WAT `N KIND SE REAKSIE OP VERLIES KAN BEÏNVLOED** ..... 26
2.3.1 Kulturele invloede ..... 26
2.3.2 Geslagsverskille ..... 27
2.3.3 Die ouderdom van individu wat verlies ervaar ..... 28
2.3.4 Persoonlikheidseienskappe ..... 29

**2.4 DIE KLEUTER SE REAKSIE NA DIE DOOD VAN `N OUER** ..... 29
2.4.1 Slapeloosheid ..... 30

2.4.2 Sosiale onttrekking ........ 30
2.4.3 Skoolprestasie ........ 31
2.4.4 Vrees en angs ........ 31
2.4.5 Fisiese simptome ........ 32

**2.5 DIE ROUPROSES VAN DIE KLEUTER** ........ 33
2.5.1 Taak 1: Om die realiteit van verlies te aanvaar ........ 34
2.5.2 Taak 2: Om die pyn en emosionele aspekte van verlies te ervaar ........ 35
2.5.3 Taak 3: Om by omstandighede aan te pas waar die oorledene nie meer teenwoordig is nie ........ 36
2.5.4 Taak 4: Om die dood van 'n persoon te aanvaar en daarby aan te pas ........ 37

**2.6 GEVOLGTREKKING** ........ 38

**HOOFSTUK 3: SPELTERAPIE DEUR MIDDEL VAN GESTALTGROEPWERK**

**3.1 INLEIDING** ........ 39

**3.2 GESTALTTERAPIE** ........ 40
3.2.1 Gestaltterapie as terapeutiese benadering ........ 40
3.2.2 Die gestaltterapeutiese proses ........ 40

**3.2.3 Fundamentele beginsels van gestaltterapie** ........ 42
3.2.3.1 Holisme ........ 42
3.2.3.2 Homeostase en die figuur-grondbeginsel ........ 43
3.2.3.3 Bewustheid en ervaring in die hier-en-nou ........ 45
3.2.3.4 Polariteite ........ 45
3.2.3.5 Kontak en kontakgrensversteurings ........ 46

**3.2.4 Perls se vyf lae van doeltreffende kontak** ........ 50
3.2.4.1 Die valse laag ........ 50
3.2.4.2 Die fobiese laag ........ 51
3.2.4.3 Die impasse laag ........ 51
3.2.4.4 Die implosiewe laag ........ 51

3.2.4.5 Die eksplosiewe laag ........ 52

**3.2.5 Enkele spelterapietegnieke wat tydens die gestaltbenadering gebruik kan word.** ........ 53

3.2.5.1 Sensoriese kontakmaking ........ 53

3.2.5.2 Projeksietegnieke ........ 54

3.2.5.2.1 Kreatiewe spel ........ 55

3.2.5.2.2 Bibliospel ........ 57

3.2.5.2.3 Drama ........ 58

**3.3 GESTALTGROEPWERK** ........ 59

3.3.1 Doelstelling van gestaltgroepwerk ........ 60

3.3.1.1 Tentatiewe doelwitte vir die gestaltgroepwerk-proses ........ 60

3.3.2 Samestelling van groep ........ 61

3.3.3 Stel van grense ........ 61

3.3.4 Die proses tydens een gestaltgroepwerksessie ........ 62

**3.4 GEVOLGTREKKING** ........ 64

**HOOFSTUK 4: DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN DIE VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS**

**4.1 INLEIDING** ........ 66

**4.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE** ........ 66

4.2.1 Navorsingsbenadering ........ 66

4.2.2 Tipe navorsing ........ 66

4.2.3 Navorsingsprosedures en –werkswyse ........ 67

4.2.4 Analisering van data ........ 67

**4.3 INTERPRETASIES EN BEVINDINGE** ........ 67

4.3.1 Die verloop van die gestaltgroepwerksessies ........ 67

**4.3.2 Sessie 1** ........ 67

4.3.2.1 Doelwitte vir die eerste sessie ........ 68

4.3.2.2 Die verloop van die eerste sessie ..... 67
4.3.2.3 Evaluering van die eerste sessie ..... 70
4.3.2.4 Die evaluering van individuele groeplede tydens die eerste sessie ..... 71

**4.3.3 Sessie 2** ..... 72
4.3.3.1 Doelwitte vir die tweede sessie ..... 72
4.3.3.2 Die verloop van die tweede sessie ..... 73
4.3.3.3 Evaluering van die tweede sessie ..... 76
4.3.3.4 Die evaluering van die individuele lede tydens die tweede sessie ..... 77

**4.3.4 Sessie 3** ..... 78
4.3.4.1 Doelwitte vir die derde sessie ..... 78
4.3.4.2 Die verloop van die derde sessie ..... 79
4.3.4.3 Evaluering van die derde sessie ..... 80
4.3.4.4 Die evaluering van die individuele lede tydens die derde sessie ..... 81

**4.3.5 Sessie 4** ..... 82
4.3.5.1 Doelwitte vir die vierde sessie ..... 82
4.3.5.2 Die verloop van die vierde sessie ..... 82
4.3.5.3 Evaluering van die vierde sessie ..... 83
4.3.5.4 Die evaluering van individuele groepslede tydens die vierde sessie ..... 84

**4.3.5 Sessie 5** ..... 85
4.3.6.1 Doelwitte vir die vyfde sessie ..... 85
4.3.6.2 Die verloop van die vyfde sessie ..... 85
4.3.6.3 Evaluering van die vyfde sessie ..... 87
4.3.6.4 Die evaluering van die individuele lede tydens die vyfde sessie ..... 87

**4.3.6 Sessie 6** ..... 88
4.3.7.1 Doelwitte vir die sesde sessie ..... 88
4.3.7.2 Die verloop van die sesde sessie ..... 88
4.3.7.3 Evaluering van die sesde sessie ..... 89
4.3.7.4 Die evaluering van die individuele lede tydens die groepwerkreeks ..... 89

**4.4 BEVINDINGE MET BETREKKING TOT DIE ROUPROSES** .......... **90**

4.4.1 Taak 1 Om die realiteit van die verlies te aanvaar .......... **90**
4.4.2 Taak 2 Om die pyn en emosionele aspekte van verlies te ervaar .......... **91**
4.4.3 Taak 3 Om by die omstandighede aan te pas waar die oorledene nie meer teenwoordig is nie .......... **91**
4.4.4 Taak 4 Om die dood van 'n persoon te aanvaar en daarby aan te pas .......... **92**

**4.5 GEVOLGTREKKING** .......... **92**

**HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

**5.1 INLEIDING** .......... **93**
**5.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE** .......... **94**
5.2.1 Samevatting .......... **94**

**5.3 LITERATUURSTUDIE** .......... **94**
**Hoofstuk 2: Die kleuter se belewenis van verlies binne die Zoeloe-kultuur**
5.3.1 Samevatting .......... **95**
5.3.2 Gevolgtrekkings .......... **95**
**Hoofstuk 3: Spelterapie deur middel van gestaltgroepwerk**
5.3.3 Samevattings .......... **96**
5.3.4 Gevolgtrekkings .......... **97**

**5.4 EMPIRIESE STUDIE** .......... **97**
5.4.1 Samevatting .......... **97**
5.4.2 Gevolgtrekkings .......... **98**
5.4.3 Aanbevelings .......... **99**

**5.5 NAVORSINGSVRAAG** .......... **100**

**5.6 SLOTOPMERKING** .......... **100**

**BRONNELYS** .......... **102**

## LYS VAN TABELLE

**Tabel 1:** Eriksson se stadiums van ontwikkeling ........ 19
**Tabel 2:** Kinders se emosionele reaksie na die dood van 'n ouer ........ 30
**Tabel 3:** Sensoriese bewustheid ........ 54
**Tabel 4:** Die stel van grense ........ 62
**Tabel 5:** Die evaluering van individuele groeplede tydens die eerste sessie ........ 71
**Tabel 6:** Die evaluering van individuele groeplede tydens die tweede sessie ........ 77
**Tabel 7:** Die evaluering van individuele groeplede tydens die derde sessie ........ 81
**Tabel 8:** Die evaluering van individuele groeplede tydens die vierde sessie ........ 84
**Tabel 9:** Die evaluering van individuele groeplede tydens die vyfde sessie ........ 87
**Tabel 10:** Die evaluering van individuele groeplede tydens die groepwerkreeks

## LYS VAN FIGURE

**Figuur 1:** Die gestaltterapeutiese proses...... ..........................................................41
**Figuur 2:** Die fundamentele beginsels van gestaltterapie ..........................................42

## VISUELE VOORSTELLINGS

**Visuele voorstelling 1:** Voorstelling van emosies.............................................................74
**Visuele voorstelling 2:** Voorstelling van `n groeplid se familielede ..................................81
**Visuele voorstelling 3:** Voorstelling van `n groeplid se emosies op sy liggaam................84

## BYLAE

**Bylaag 1:** Toestemming van SAVF

**Bylaag 2:** Ingeligte toestemming

**Bylaag 3:** Imvume yombiko (Ingeligte toestemming in Zoeloe)

HOOFSTUK 1

# 1. ALGEMENE INLEIDING

## 1.1 INLEIDING

Ons lewe in `n tydvak, waarin daagliks berig word van kinders wat aan verskeie situasies wat verlies impliseer, blootgestel word. Misdaad, geweld, armoede en siektes soos malaria, MIV en VIGS, bring mee dat baie kinders wees gelaat word. Wanneer `n kind verlies ervaar beleef *hy een of ander tyd `n rouproses, wat gewoonlik in depressie, psigosomatiese simptome of interpersoonlike konflik manifesteer (Blom, 2004:209; Lewis, 1999:147). Verskeie faktore in `n kind se omgewing soos byvoorbeeld die media en die manier waarop `n volwassene reageer op die dood van `n geliefde, beïnvloed `n kind se belewenis van verlies (Thompson & Rudolph, 2000:451). Volgens Granot (2005:37) is die kind se belewenis van verlies verwant aan die kulturele en sosio-ekonomiese omgewing waarin hy grootword. Verskeie faktore beïnvloed dus die kind se belewenis van verlies.

Daar word algemeen aanvaar dat die verhouding tussen ouer en kind een van die mees betekenisvolle verhoudings in die samelewing is. Granot (2005:7), asook Blom (2004:212) en Lewis (1999:147) noem dat die mees traumatiese verlies wat `n kind kan ervaar, die verlies van sy ouer is. Jennings (1993:28) meld dat die wyse waarop `n kind ontwikkel, afhanklik is van sy interaksiepatrone binne `n gesin en ondergeskik is aan kulturele invloede. Die teenwoordigheid van `n ouer in `n kind se lewe, sowel as die verhouding tussen `n ouer en kind is dus van kardinale belang ten einde stabiliteit en `n optimale ontwikkeling vir die kind te bied. Wanneer `n kind dus `n ouer aan die dood afstaan, is dit `n traumatiese belewenis wat potensieel die kind se lewe drasties beïnvloed. Volgens Lewis (1999:148) debatteer verskeie navorsers egter of die dood van `n ouer altyd traumaties vir `n kind is. Die navorser is van mening dat die tipe verhouding wat die kind met sy ouer het en ook die manier waarop die ouer gesterf het, hetsy in `n ongeluk of weens `n siekte, bepaal of die kind die ouer se dood as traumaties beleef of nie.

Die Suid-Afrikaanse samelewing word gekenmerk deur `n verskeidenheid kulture. Granot (2005:32) noem dat elke kultuur en godsdiens oor die dood onderhandel en dat die kind se belewenis van verlies verwant is aan die kulturele en die sosio-ekonomiese omgewing waarin hy grootword.

* Die navorser sal die manlike aanspreekvorm gebruik. Daar word egter nie ten opsigte van geslag gediskrimineer nie.

Volgens Corr (1995:1) word `n kind se kognitiewe ontwikkeling beïnvloed deur ervaring en kultuur. Die omgewing en kultuur waarin `n kind grootword, speel dus `n groot rol in sy belewenis van verlies.

Volgens Landreth (1991:7) moet kinders benader word vanaf `n ontwikkelingsperspektief en moet hulle nie as klein volwassenes beskou word nie, aangesien hulle psigies, emosioneel, kognitief en fisies van volwassenes verskil. Oaklander (1988:122) toon aan dat kleuters onbekend is met verskillende persoonlike emosies en oor `n bepaalde onvermoë beskik om hierdie emosies te kommunikeer. Flory (2005:131) meld dat die meeste kleuters gedurig hulp benodig om hul emosies te reguleer. Die meeste volwassenes vind dit ook moeilik om kleuters se emosies te hanteer, aangesien hulle meestal nie kennis dra van die kleuter se ervaring en die hantering van verlies nie. Blom (2004:212) noem dat kleuters dieselfde emosies as volwassenes tydens verlies ervaar, maar dat kleuters nie die vermoë het, of oor die kognitiewe vaardighede beskik, om hul emosies te verbaliseer nie. Blom (2004:217) meld verder dat wanneer `n kleuter verlies ervaar, hy deur dieselfde fases en emosies as `n volwassene beweeg. Die verskil lê egter in die uitdrukking van emosies en hou verband met die ouderdom en ontwikkelingsfase van die kind. Granot (2005:33), asook Thompson en Rudolph (2000:451) noem dat jong kinders `n onvermoë het om die finaliteit en onveranderlikheid van die dood te verstaan. Alhoewel kleuters dieselfde fases en emosies as volwassenes beleef, beskik kleuters nie oor kognitiewe vermoëns om hul emosies te verbaliseer en tot `n sekere mate te verstaan nie. Tydens hulpverlening aan die kleuter wat verlies ervaar moet bogenoemde dus in ag geneem word.

Sover vasgestel kon word is daar nog nie voldoende navorsing oor kleuters se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in Zoeloegemeenskappe gedoen nie. Beter insig oor bogenoemde kan vir maatskaplike werkers wat met die Zoeloesprekende kleuter in die praktyk werk, as hulpmiddel dien. Hierdie inligting sal dus kan bydra tot die verryking van die maatskaplikewerkprofessie.

Die navorser se belangstelling in die studie het tydens haar betrokkenheid by `n gemeenskapsprojek in `n informele nedersetting in Noord Kwa-Zulu Natal ontwikkel. Die projek, geloods deur die SAVF, onder leiding van Me Marietjie Cronje `n maatskaplike werker, het gefokus op die versorging van bejaardes en dit het duidelik na vore gekom dat

baie bejaardes die verantwoordelikheid moet neem om vir hul kleinkinders te sorg, aangesien die kinders hul ouers verloor het, dikwels weens MIV en VIGS of weens geweld. Die meeste van die kinders is in die kleuterfase. Volgens Cronje (2007) is daar 'n groot behoefte aan kennis oor die wyse waarop die kleuter in die Zoeloegemeenskap verlies ervaar na die dood van 'n ouer. Die navorser is van mening dat kennis rakende die leefwêreld van die kleuter in die Zoeloegemeenskap en die wyse waarop hy verlies ervaar, noodsaaklik sal wees om effektiewe hulpverlening aan hom te bied.

Blom (2004:217) noem dat spel 'n uitstekende middel is om gevoelens uit te druk. Die navorser is van mening dat groepwerk binne die raamwerk van gestaltterapie, moontlik 'n veilige omgewing is waar die kind uitdrukking aan sy gevoelens kan gee, kan bied. Sodoende sal die navorser poog om meer insig ten opsigte van die kleuter in die Zoeloegemeenskap se belewenis van verlies, na die dood van 'n ouer te bekom.

**1.2 PROBLEEMFORMULERING**

Die belang van probleemidentifisering sowel as die seleksie en formulering van die probleem, word as een van die belangrikste stappe in die navorsingsproses beskryf, aangesien dit die basis en riglyn vir die navorsingsproses vorm (Olivier, 1998:5). Tydens probleemformulering is die navorser gedurig besig om besluite te neem. Verskeie faktore beïnvloed egter die besluitneming, wat die proses en produk insluit (Fouché, 2002a:106). Volgens Leedy (1997:46) kan die doel van probleemformulering soos volg uiteengesit word "... to formulate a problem that is carefully phrased and that represents the single goal of the total research effort".

Deeglike besluitneming en formulering van die probleem wat nagevors word, is dus nodig, ten einde 'n duidelik geformuleerde probleem daar te stel. Die navorser het seker gemaak dat die probleem relevant is en nagevors kan word, alvorens daar met die studie begin word. Leedy (1997:48) noem dat dit van groot belang is dat die literatuur ter verklaring van die probleem, asook die faktore wat bydra tot die probleem, aandag sal geniet ten einde 'n duidelik geformuleerde probleem daar te stel. Hierdie faktore sal vervolgens bespreek word.

Kinders wêreldwyd word meer en meer aan situasies wat verlies impliseer, blootgestel. Die kind wat verlies ervaar se proses word op bykans alle vlakke van funksionering beïnvloed. Volgens Doka (1995:1) ontwikkel kinders nie net fisies of kognitief nie, maar

emosioneel en sosiaal ook. Indien 'n kind wat verlies ervaar, nie bemagtig word om sy verlies te integreer nie, kan hierdie leemte wat as gevolg van verlies manifesteer op negatiewe wyse gevul word. Toenemende bewyse bestaan dat daar 'n verband tussen verlies tydens kinderjare en depressie is, wanneer verlies nie dadelik hanteer word nie (Jewett in Blom, 2004:216). Vroeë identifisering van emosies by kinders wat verlies ervaar is dus noodsaaklik ten einde toekomstige probleme uit te sluit en om die kind wat verlies ervaar, te bemagtig.

Volgens Blom (2004:210) het treurende en getraumatiseerde kinders verskeie behoeftes, naamlik die behoefte om bewus te word van hul gevoelens, die behoefte om te vertrou, die behoefte aan familie-ondersteuning en die behoefte om emosies uit te druk. Blom (2004:209), asook Olivier (1998:6) meld dat die meeste kinders onbekend met verskeie emosies is en dat hulle nie die vermoë het om hierdie emosies te verbaliseer nie. Onkunde en ongemak rakende die identifisering, verbalisering en hantering van emosies is in die alledaagse lewe vir mense en veral vir kinders 'n probleem. Volgens Berard (1998:64) word kinders se verliese nie aangespreek nie, aangesien volwassenes kinders die pyn om daaroor te praat, wil spaar.

Sover vasgestel kon word is daar min literatuur beskikbaar oor die wyse waarop die kleuter in Zoeloegemeenskappe verlies ervaar. Olivier (1998:6) noem dat wanneer kleuters trauma beleef hulle nie oor die vermoë beskik om hul emosies te verbaliseer nie. Dit blyk volgens Cronje (2007) dat die emosies van die kleuters in die Zoeloe-kultuur nie noodwendig vooropgestel word nie. Onkunde en ongemak rakende die identifisering, verbalisering en hantering van emosies blyk dus 'n probleem te wees vir die volwassene wat met die Zoeloesprekende kleuter werk. Vroeë identifisering van emosionele probleme is dus nodig ten einde toekomstige probleme aan te spreek en effektiewe hulp aan die kleuter, wat verlies ervaar, te bied.

### 1.3 DOEL EN DOELWITTE

Fouché (2002a:107) verwys na die *Webster's Third International Dictionary* waar die doel van die studie beskryf word as "... the end toward which effort or ambition is directed." Daar word dus na die einddoel of eindresultaat waarna gestrewe word, verwys. Doelwitte word deur Fouché (2002a:107) beskou as die stappe wat gevolg word om hierdie eindresultaat te bereik. Ten einde resultate te bereik, moet 'n doel en doelwitte geformuleer word. Die doel en doelwitte vir hierdie studie is soos volg geformuleer:

### 1.3.1 Doel

Die doel van hierdie navorsing was om ondersoek in te stel na die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap.

### 1.3.2 Doelwitte

Die doelwitte wat die navorser in staat gestel het om die doel van die studie te bereik, was die volgende:

- Om met behulp van `n literatuurstudie en inligting verkry vanuit gesprekke met kundiges, `n teoretiese raamwerk daar te stel ten opsigte van die kleutertydperk binne die Zoeloekultuur; die belewenis van verlies binne `n Zoeloegemeenskap; spel binne gestaltgroepwerk as kommunikasiemiddel.

- Om `n empiriese ondersoek te loods en sodoende vas te stel hoe die kleuter verlies ervaar na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap.

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer, in `n Zoeloegemeenskap vir professionele persone en ten opsigte van verdere navorsing.

## 1.4. NAVORSINGVRAAG

Volgens De Vos (2002a:119) word daar van `n navorsingsvraag gebruik gemaak tydens `n navorsingsondersoek, indien "...convincing theory about the supposed relationship among variables may be lacking." `n Navorsingsvraag word dus benut indien daar nie `n voldoende kennisbasis bestaan rakende die fenomeen wat ondersoek gaan word nie. Die volgende navorsingsvraag is vir die studie geformuleer: "Wat is die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap?" Tydens die studie is die emosies en ervarings van kleuters binne die Zoeloegemeenskap, wat hul ouers aan die dood afgestaan het, geëksploreer. Hierdie studie was dus verkennend van aard (Fouché, 2002b:109).

## 1.5. NAVORSINGBENADERING

Volgens Fouché en Delport (2002:79), asook De Vos (2002b:365) kan daar tussen drie navorsingsbenaderings onderskei word, naamlik die kwalitatiewe, die kwantitatiewe, asook `n kombinasie van die genoemde benaderings. Volgens Leedy (1997:165)

verteenwoordig elke benadering ˋn paradigma wat ˋn bepaalde rigting aan die navorsingsondersoek verleen.

Vir die doeleindes van die studie is daar vanuit die kwalitatiewe benadering gewerk. Babbie (2001:270) noem dat in kwalitatiewe navorsing nie gepoog word om sosiale verskynsels te verklaar of te omskryf waarom dit voorkom nie, maar eerder om dit te beskryf en die aard van die bestaande sosiale verskynsel te verduidelik. Neuman (2000:331) maak melding van die waarde van die sosiale konteks ten einde die sosiale wêreld beter te verstaan en sodoende te omskryf.

Die navorser het tydens die studie beoog om insig te bekom ten opsigte van die kleuter binne ˋn Zoeloegemeenskap se belewenis van verlies na die dood van ˋn ouer. Volgens Royse (1991:219) bied kwalitatiewe navorsing die navorser die geleentheid om die respondente persoonlik te leer ken en om insig tot hul wêreld te bekom. Kwalitatiewe navorsing bied dus ˋn ryk beskrywing van die interaksie ooreenkomstig die waarde wat die respondente self daaraan heg.

**1.6. TIPE NAVORSING**

Vir die doeleindes van hierdie navorsingondersoek was toegepaste navorsing, toepaslik. Volgens Neuman (2000:22) is toegepaste navorsing oorspronklike ondersoekwerk wat uitgevoer word om wetenskaplike en tegnologiese kennis te vermeerder, met praktiese benutting as uitsluitlike oogmerk. Fouché (2002a:108) noem dat toegepaste navorsing daarop gemik is om probleme op te los, sowel as om die praktisyn te help om sy doelwitte te bereik. Neuman (2000:23) noem verder dat toegepaste navorsing vir gemeenskapsdiens soos die bemagtiging van ˋn gemeenskap en die verbetering van maatskaplike toestande, benut word.

Tydens die studie is daar gepoog om die kleuter in ˋn Zoeloegemeenskap se belewenis van verlies te eksploreer, deur middel van groepwerk vanuit die gestaltbenadering. Wanneer die genoemde kleuter se belewenis van verlies verstaan word, kan die gemeenskap bemagtig word om die sosio-emosionele belewenisse van hierdie kleuters te begryp en meer effektief aan te spreek. Sodoende kan die SAVF en die maatskaplike werkers wat met die kleuter in die Zoeloegemeenskap werk, effektiewe dienslewering aan hierdie kleuters en hul gemeenskap bied.

## 1.7. NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURES

Mouton (in Fouché & De Vos, 2002:137) meld dat die navorsingsontwerp die bloudruk of plan is waarvolgens die navorsing uitgevoer gaan word. Die navorsingsontwerp se doel is om 'n plan of resep te voorsien om maatskaplike vrae te beantwoord. Dit vorm dus die struktuur waarvolgens die ondersoek gedoen sal word. Volgens Fouché en Delport (2002:81) is die navorsingsontwerp tydens 'n kwalitatiewe studie altyd uniek en buigsaam en ontwikkel dit gedurende die navorsingsproses. Die navorsingsontwerp is dus die plan waarvolgens navorsing geskied; binne die plan is daar 'n buigsame proses wat gevolg word.

Volgens Fouché (2002b:273) poog die fenomenolgiese benadering om die betekenis wat subjekte aan hulle daaglikse lewe heg, te verstaan en te interpreteer. Die navorser het sover dit moontlik was, gepoog om die leefwêreld van die kleuter deur middel van spel en waarneming te betree en sodoende insig te ontwikkel ten opsigte van die kleuter in die Zoeloegemeenskap se verlies na die dood van 'n ouer.

### 1.7.1 Navorsingsprosedure en -werkswyse

Die navorsingsprosedure is vanuit 'n kwalitatiewe benadering geloods. Volgens Kuzel (1999:33) is dit nie moontlik om al die bronne wat beskikbaar is vir 'n ondersoek te bestudeer nie. Dus is dit vir die navorser noodsaaklik om 'n toepaslike besluit te neem aangaande die navorsingsprosedure en werkswyse, sodat die mees relevante en bruikbare inligting bestudeer kan word. Tydens die studie is daar van ongestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak, in die vorm van gestaltgroepwerk. Volgens Greeff (2002:298) is die doel van ongestruktureerde onderhoudvoering nie om antwoorde op vrae te verkry of om hipoteses te toets nie. Ongestruktureerde onderhoudvoering het eerder ten doel om die ervarings van ander te verstaan en die betekenis wat hulle aan hul ervarings heg, te begryp. Ongestruktureerde onderhoudvoering en waarneming word dus gebruik om individue se persepsies, opinies en reaksies te bepaal.

Landreth (1991:7) konstateer dat spel die enkele sentrale aktiwiteit van kindwees is wat in alle tye en op alle plekke voorkom. Volgens Thompson en Rudolph (2000:375) geniet kinders van alle kulture en sosiale klasse dit om te speel. Deur middel van spel, deel kinders van hulle wêreld met ander. Die navorser het gepoog om die ongestruktureerde onderhoude binne 'n groepsituasie te hanteer. Volgens Thompson en Rudolph (2000:416)

funksioneer kinders en volwassenes as lede van `n groep in hul daaglikse aktiwiteite. Kinders se persepsies van hulself en ander word dus gevorm vanuit die terugvoer deur ander. Zambelli en De Rosa (in Thompson & Rudolph, 2000:426) noem dat ondersteuningsgroepe met kinders veral effektief is wanneer daar met kinders wat rou, gewerk word. Bibliospel, kreatiewe spel en vryespel word gebruik om gesprekke tussen die groeplede te fasiliteer. Die kinders leer sodoende om hul gedagtes en gevoelens met ander te deel. Volgens Silveira, Trafford en Musgrove (1988:2) bied groepwerk `n struktuur waarbinne observasies gemaak kan word, rakende `n kind se interaksie met ander groeplede. Groepwerk word dus beskou as `n effektiewe metode om kinders se belewenis en persepsies rondom `n aspek te eksploreer.

Volgens Greeff (2002:299) word `n formaat vereis en `n spesifieke proses word gevolg wanneer daar van ongestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak word. Die navorser het vanuit die gestaltbenadering, ses groepsessies gelei met die doel om data in te vorder. Volgens Thompson en Rudolph (2000:421) word die aantal kinders wat aan die gestaltgroepwerk deelneem bepaal deur die ouderdom van die kinders. Thompson en Rudolph (2000:421) noem verder dat vyf- tot sesjarige kinders se konsentrasievermoë baie kort is en dat die tyd van die groepsessies daarvolgens aangepas moet word. Die aantal kinders in `n groep mag nie meer as ses wees nie. Die navorser het twee keer per week vyf groeplede in 45 minuut sessies betrek. Hierdie sessies is by die Isitimela Créche in Bhekuzulu gehou. Volgens Greef (2002:300) moet onderhoudvoering in `n stil omgewing plaasvind, waar daar geen onderbrekings is nie. Die gestaltgroepwerk het in `n klaskamer van die Isitimela Créche plaasgevind; die klaskamer was toegerus met fasiliteite wat die navorser kon gebruik vir die groepwerk. Volgens Thompson en Rudolph (2000:421) verseker `n heterogene groep aktiewe gesprekke en word `n balans van seuns en meisies gehandhaaf.

Tydens die gestaltgroepwerk het die navorser beoog om die kleuters se belewenis van verlies na die dood van `n ouer te verstaan. Die navorser is Zoeloe magtig en het die sessies dus in Zoeloe hanteer. Die navorser het van `n video-opname gebruik gemaak tydens die groepsessies om data-invordering met akkuraatheid te verseker.

**1.7.2 Analisering van data**

Nadat inligting deur middel van gestaltgroepwerk verkry is, is die data geanaliseer. Die doel van die analisering van data is om data te verminder tot vorme wat interpreteer kan

word, sodat navorsingprobleme bestudeer en getoets kan word en gevolgtrekkings gemaak kan word (De Vos, Fouché & Venter, 2002:223). Creswell (in De Vos, 2002b:340) identifiseer vyf stappe wat gevolg moet word tydens kwalitatiewe data-analise. Die proses van data-analise en interpretasie word as 'n analitiese spiraal-proses beskryf, eerder as 'n liniêre proses. Die stappe word soos volg omskryf:

- **Insameling van data:** Volgens Silverman (1993:116-119) is dit belangrik om omvattende data tydens data-invordering te bestudeer. De Vos (2002b:340) noem dat die data wat ingesamel word georganiseer en bruikbaar gehou moet word. Prosesnotas is na elke groepsessie geskryf en waarnemings is sorgvuldig aangeteken.
- **Hantering van data:** Dit is volgens De Vos (2002b:343) die stap waar die data georganiseer word in leêrs, of rekenaarleêrs. Die navorser het elke respondent se data in 'n aparte leêr bewaar.
- **Bestudering en memorisering van data:** Volgens De Vos (2002b:343) moet die prosesnotas verskeie kere bestudeer word om 'n geheelbeeld te verkry van die onderhoud voordat dit in temas ingedeel word. Die navorser het oor elke gestaltgroepsessie gereflekteer en notas gemaak oor aspekte waarop daar in verdere groepsessies gefokus is.
- **Beskrywing, klassifisering en interpretering:** Hierdie stap verteenwoordig die kern van kwalitatiewe data-analise en vereis 'n verhoogde bewustheid van data (De Vos, 2002b:344). Dit is waar temas, sub-temas, konteks, onderliggende betekenisse, patrone en herhalende idees geïdentifiseer word. Interpretering behels die bewuswording van data wat op insigte en aanbevelings gegrond is. Die identifisering van onderliggende betekenisse en sekere temas vorm deel van die proses van die gestaltgroepwerk. Die navorser het gepoog om die temas en onderliggende betekenisse met die kleuters in die groepsessies te toets, om sodoende 'n geheelbeeld te vorm van die data wat verkry is.
- **Verteenwoordiging en visualisering:** Die data word volgens De Vos (2002b:344) in die vorm van 'n teks, tabel of figuur aangebied. Die verloop en evaluering van elke groepwerksessie is tydens die studie in die form van teks sowel as tabel uiteengesit, waarna elke kleuter individueel bespreek is.

Tydens die aanbieding van data is die bogenoemde model gevolg. Daar is veral aandag geskenk aan temas en patrone wat verband hou met subjektiewe ervaringe van die kleuters se belewenisse van verlies na die dood van `n ouer. Die navorser het ook die kleuters se vaardighede om emosies en gedagtes uit te druk, getoets.

## 1.8. VOORONDERSOEK

Die *New Dictionary of Social Work* (1995:70) definieer die voorondersoek as `n proses waarvolgens navorsingsontwikkeling vir die beoogde ondersoek getoets word. Strydom (2002a:11) noem dat die voorondersoek meer behels as net die analisering van die data-insamelingsinstrument. Dit is die "...dress rehearsal of the main investigation". `n Voorondersoek is dus die studie wat vooraf gedoen word om betroubare en bruikbare inligting in te win oor die onderwerp wat nagevors sal word. Babbie (2001:250) noem dat die voorondersoek die veiligste manier is om seker te maak dat die ondersoek reg uitgevoer word.

### 1.8.1 Uitvoerbaarheid van die studie

Volgens Cronje (2007) bestaan daar `n behoefte aan die beplande studie, aangesien daar min inligting beskikbaar is oor die wyse waarop `n kleuter in `n Zoeloegemeenskap verlies ervaar na die dood van `n ouer. Die onderwysers en die personeel wat daagliks met die kleuters by die Isitimela Creché werk, het `n behoefte om die kleuter wat verlies ervaar, beter te verstaan en om hulp aan hom te bied. Vir enige studie om suksesvol te wees, moet die navorser seker maak dat die studie uitvoerbaar is (Fouchė, 2002a:100). Vir die doeleindes van die studie het die navorser geskrewe toestemming verkry vanaf die SAVF om die perseel (Isitimela Crechè) te gebruik vir navorsing en om die navorsing uit te voer (kyk bylaag 1). Nadat die gestaltgroepwerk voltooi is, het die navorser terugvoer gegee aan die voogde/ouers, sowel as aan die onderwyseres wat daagliks met die kleuters werk. Minimale kostes was aan die studie verbonde en is deur die navorser self gedra. Die empiriese studie is tydens vier agtereenvolgende weke uitgevoer (twee sessies per week).

### 1.8.2 Toetsing van data-invorderingsinstrument

Die navorser het die respondente wat tydens die voorondersoek betrek is op dieselfde wyse as die respondente wat vir die empiriese studie gebruik is, gewerf. Volgens Greeff (2002:300) is `n voorondersoek noodsaaklik, aangesien die navorser so kan vasstel hoe om kontak te maak met die respondente en die navorser kan ook sy eie

onderhoudvoeringsvaardighede toets. Drie kleuters in `n spesifieke Zoeloegemeenskap, tussen die ouderdom vier en ses jaar, wat hul ouers gedurende die afgelope jaar aan die dood afgestaan het, is geselekteer. Die beoogde groepsessies, vanuit die gestaltbenadering, is met bogenoemde respondente hanteer om seker te maak dat die mees toepaslike spelaktiwiteite benut word om kommunikasie, waartydens hulle hul ervarings en belewenisse kan deel, met die kleuters te bewerkstellig. Die kleuters wat tydens die voorondersoek betrek is, het nie deel gevorm van die steekproef wat vir die studie gebruik is nie.

## 1.9 OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

### 1.9.1 Omskrywing van die universum en populasie

Volgens Arkava en Lane (in Strydom & Venter, 2002:198) verwys universum na "... all potential subjects who posses the attributes in which the researcher is interested." Vir die doeleindes van hierdie studie word die universum beskryf as die kleuter in `n Zoeloegemeenskap in Kwa-Zulu Natal, wat rou as gevolg van die verlies van sy ouer(s). Strydom en Venter (2002:199) noem dat die populasie die "... totality of persons, events, organization units, case records or other sampling units with which our research problem is concerned", is. Die populasie wat vir die studie gebruik is, was geografies beperk tot kleuters wat hul ouers die afgelope jaar verloor het en die Isitemela Crechè in Bhekuzulu, Vryheid, Noord Kwa-Zulu Natal, bywoon.

### 1.9.2 Steekproef en wyse van steekproefneming

Aangesien hierdie studie `n kwalitatiewe studie is, is daar van nie-ewekansige steekproefneming gebruik gemaak. Strydom en Venter (2002:207) beskryf doelgerigte steekproefneming as "... a sample that is composed of elements that contains the most characteristics, representative or typical attributes of the population." Die navorser het dus `n steekproef saamgestel wat uit elemente bestaan wat die meeste eienskappe van die populasie weerspieël. Deur middel van doelgerigte steekproefneming is vyf Zoeloesprekende kleuters van beide geslagte, tussen vier- en sesjarige ouderdom, wat hul ouer(s) gedurende `n een jaar periode voor die data-invorderingsgeleenthede aan die dood afgestaan het, geselekteer. Hierdie kleuters is volgens hul vermoë om verbaal te kommunikeer, geselekteer. Alle respondente woon die Isitimela Créche in Bhekuzulu, Vryheid, Noord Kwa-Zulu Natal by.

### 1.10 ETIESE ASPEKTE

Aangesien mense die objekte is wat in die sosiale wetenskappe bestudeer word, is daar unieke probleme waarmee navorsers te doen kry (Strydom, 2002b:62). Strydom (2002b:63) definieer etiek as die basis waarop die navorser sy eie gedrag evalueer. Die navorser is van mening dat dit die navorser se primêre verantwoordlikheid is om eties korrek op te tree. Die navorser is aanspreeklik vir die positiewe en negatiewe gevolge van elke besluit wat geneem word. Die volgende etiese aspekte was van toepassing tydens die studie.

#### 1.10.1 Ingeligte toestemming

Volgens Strydom (2002b:65) moet respondente ingelig word oor die doel van die ondersoek, die prosedure wat gevolg sal word gedurende die ondersoek en die moontlike voordele en nadele wat uit die ondersoek kan voortspruit. Babbie (2001:437) noem dat die navorser maatreëls moet instel wat verseker dat respondente vrywillig kan deelneem aan die ondersoek. Deur middel van `n ingeligte toestemmingsbrief het die navorser gepoog om alle moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondente blootgestel kan word, te vermeld. Die voogde en kinders is ingelig ten opsigte van die aard en omvang van die navorsing en dat hulle op vrywillige basis deelneem. In die ingeligte toestemmingsbrief (kyk bylaag 2) is die voogde ingelig dat daar geen kostes aan die navorsing verbonde is nie en dat daar ook geen finansiële vergoeding voortspruit uit deelname aan die studie nie. Die voogde is ook ingelig dat navorsingsdata vir `n periode van 15 jaar geberg sal word. Die toestemmingsbrief is in Zoeloe aan die voogde beskikbaar gestel vir ondertekening.

Hoewel die respondente te jonk is om ingeligte toestemming te verskaf, het die navorser die aard en omvang van respondente se deelname aan die navorsingsprojek mondelings aan hulle verduidelik. Daar is ook aan hulle verduidelik dat hulle te enige tyd aan die studie mag onttrek. Die verduideliking het op die kleuter se ontwikkelingsvlak geskied en die kleuter se betrokkenheid by die spelaktiwiteite is eenvoudig, maar so akkuraat as moontlik aan hulle beskryf. Die respondente is eers gevra of hulle deel wil wees van die groepsessies. Op hierdie wyse het die navorser gepoog om eties korrek ten opsigte van die verkryging van toestemming vanaf hierdie jong respondente, op te tree.

### 1.10.2 Skade aan respondente

In die sosiale wetenskappe is hoofsaaklik emosionele benadeling ter sprake. Strydom (2002b:66) is van mening dat die navorser eties verplig is om die aard van die navorsing te verander, eerder as om die respondente aan die geringste fisiese of emosionele benadeling bloot te stel. Tydens die navorsing het die navorser nie van enige aktiwiteit gebruik gemaak wat fisiese skade aan die respondente kan veroorsaak nie. Die navorser het die respondente se voogde die geleentheid gegee om `n ingeligte besluit te neem rakende hul kinders se deelname aan die ondersoek, met ander woorde die respondente se voogde was bewus van die aard en omvang, alvorens hulle deelgeneem het.

### 1.10.3 Privaatheid en konfidensialiteit

Babbie (2001:440) noem dat respondente se privaatheid deur konfidensialiteit en anonimiteit beskerm moet word. In die ingeligte toestemmingbrief is daar aangedui dat alle inligting konfidensieel hanteer sal word. Strydom (2002b:68) noem dat `n video-opname nie sonder die medewete en toestemming van die deelnemer gebruik mag word nie. Die voogde, sowel as die respondente is ingelig dat daar van `n video-opname tydens die sessies gebruik gemaak sal word en dat die resultate wat verkry is in `n mini-verhandeling weergegee sal word. Om privaatheid van die respondente te verseker het die navorser skuilname gebruik. Slegs die navorser het toegang tot die respondente se identifiserende besonderhede.

### 1.10.4 Aksies en bevoegdheid van die navorser

Volgens Strydom (2002b:69) word die navorser eties verplig om seker te maak dat hy/sy bevoeg en akademies vaardig is om die navorsing uit te voer. Die navorser het `n B.Soc.Sci (Maatskaplike Werk) graad behaal en het die teoretiese en praktiese komponente van `n MSW (Spelterapie) graad voltooi. Deur die navorsingsondersoek het die navorser gepoog om objektief en professioneel op te tree. Strydom (2002b:69) noem dat die navorser veral sensitief moet wees wanneer kruis-kulturele studies gedoen word. Die navorser het gepoog om objektief te bly en die respondente met die nodige respek te hanteer. Die navorser is ook geregistreer as maatskaplike werker by die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe.

### 1.10.5 Publikasie van resultate

Aangesien hierdie navorsingsprojek deel vorm van die navorser se MSW Spelterapie kwalifikasie, word die data in die vorm van `n mini-verhandeling gepubliseer. `n Manuskrip

vir moontlike publikasie sal ook ingedien word. Strydom (2002b:71) noem dat die resultate duidelik en korrek en op 'n wetenskaplike wyse gepubliseer moet word.

### 1.10.6 Ontlading van respondente

Volgens Strydom (2002b:73) moet die respondente die geleentheid kry om deur hulle ervarings en die gevolge daarvan te werk. Strydom (2002b:73) waarsku dat in sommige gevalle (veral by kwalitatiewe studies) proefpersone so baat en betrokke raak by die navorsing dat die afhandeling van die program vir hulle skadelik kan wees. Hier moet die persone voorberei word op terminering en die afsluiting en onttrekking moet met sensitiwiteit hanteer word. Die navorser het elke respondent deeglik voorberei vir terminering van die groepsessies. Die navorser sou die respondente verwys na Me Marietjie Cronje (Maatskaplike Werker) indien daar 'n moontlikheid van emosionele skade of ongemak sou bestaan. Indien nodig, sou die grootouers/voogde geadviseer word om die respondente vir terapie na Me Natasha Uys (Sielkundige) te neem ten opsigte van die verwerking van hul verlies.

## 1.11 LEEMTES VAN DIE STUDIE

Die volgende leemtes word deur die navorser geïdentifiseer:

- Aangesien die steekproef klein is, kan die navorsingsinligting nie veralgemeen word nie.
- Alhoewel daar baie literatuur aangaande verlies/rou beskikbaar is, is daar 'n gebrek aan literatuur oor die kleuter se wyse van verlieservaring, veral binne die Zoeloe-kultuur. Daar is ook 'n gebrek aan literatuur aangaande spelterapie met kleuters en die gebruik van spelvorme en tegnieke by kleuters wat verlies ervaar.
- Die navorser was dus genoodsaak om literatuur in te sluit wat nie resent is nie (Doka, 1995; Dyregrov, 1991; Jennings, 1993; Killian & Perrot, 1994; Olivier, 1998; Royse, 1991).
- Die navorser kon 'n groter verskeidenheid van projeksietegnieke toegepas het tydens gestaltgroepwerk met die kleuters binne die Zoeloe-kultuur om vas te stel of die emosies wat die kleuters uitleef wél verband hou met die verlies van hul ouer(s).

## 1.12 DEFINIËRING VAN HOOFKONSEPTE

### 1.12.1 Die kleuter

Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (1994:537) beskryf `n kleuter as `n kind bo die leeftyd van `n suigeling en onder diė van `n skoolkind. Botha, Van Ede, Louw, Louw en Ferns (1998:238) beskryf die kleuter as `n kind van ongeveer twee- tot sesjarige ouderdom. Dit is `n tydperk waarvolgens aansienlike kognitiewe en fisiek motoriese ontwikkeling plaasvind. Nuwe vaardighede word aangeleer en dit word beïnvloed deur die onmiddellike huishouding, sosiale invloede en die kultuur waarin die kleuter grootword. Vir die doeleindes van die studie sal die kleuter wat aan die Zoeloekultuur behoort, betrek word. Kleuters in `n spesifieke Zoeloegemeenskap, tussen die ouderdom vyf- en ses jaar, sal geselekteer word vir die studie, aangesien hulle makliker kommunikeer as die jonger kleuter.

### 1.12.2 Belewenis

Belewe of beleef word beskryf as "... om te ondervind; daarvan getuie te wees; ervaring van die gees..." (*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 1994:72). Volgens die *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek* (1997:39) word belewenis as `n ervaring van `n besondere aard wat met heelwat emosie gepaard gaan omskryf. Belewenis in terme van hierdie studie verwys dus na dit wat die kleuter ondervind na die dood van sy ouer(s).

### 1.12.3 Verlies

Verlies word gedefinieer as "...skade, die verlore gaan van iets, nadeel, ontvalling of treurige afsterwe..." (*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 1994:1180). Blom (2004:215) beskryf verlies as `n toestand waar `n individu iemand of iets verloor wat nadelig is vir die individu of objek, aangesien die individu `n belangrike rol in die kind se gesonde funksionering gespeel het. Om iets te verloor, moet `n persoon eers iets besit. Om deur `n rouproses te beweeg behoort die persoon wat iets verloor het `n emosionele binding met die verlore objek of persoon te hê. Soos reeds genoem is die kind se verhouding met sy ouers een van die mees betekenisvolle verhoudings in sy lewe. Wanneer `n kind dus sy ouer aan die dood afstaan, en sodoende verlies ervaar kan die aanname gemaak word dat dit `n impak op sy lewe sal hê.

### 1.12.4 Zoeloegemeenskap

Volgens die *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek* (1997:121) word `n gemeenskap as `n groep organismes wat na aan mekaar lewe en deel is van `n sosiale organisasie, omskryf. `n Gemeenskap kan dus gesien word as `n groep persone wat dieselfde belange of doelstellings het. Vir die doeleindes van hierdie studie word Zoeloegemeenskap beskou as `n gemeenskap waarbinne lede dieselfde belange het en aan die Zoeloe-kultuur behoort. Die Zoeloegemeenskap wat tydens die studie bestudeer is, is in Bhekuzulu, Vryheid, Noord Kwa-Zulu Natal.

### 1.12.5 Spelterapie

Volgens Landreth (1991:7) is spel die enkele sentrale aktiwiteit van kind-wees wat in alle tye en op alle plekke voorkom. Kinders van alle kulture en uit alle sosiale klasse geniet dit om te speel en spel is deel van hulle normale ontwikkeling. Spel gee die geleentheid vir fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale groei en is gewoonlik spontaan en kreatief (West, 1996:13; Botha *et al.*, 1998:307-308). Spel is dus `n kind se natuurlike vorm van kommunikasie. Landreth (2002:16) definieer spelterapie as:

> a dynamic interpersonal relationship between a child and a therapist trained in play therapy procedures who provides selected play materials and facilities, the development of a safe relationship for the child to fully express and explore self (feelings, thoughts, experience and behaviors) through play, the child`s natural medium of communication for optimal growth and development.

Spel is dus `n hulpmiddel wat kommunikasie tussen kind en terapeut bewerkstellig tydens `n terapeutiese proses.

### 1.12.6 Gestaltgroepwerk

Die basiese doelstelling van gestaltgroepwerk is, volgens Corey (2000:304), om `n omgewing te skep wat groeplede in staat stel om bewustheid van wat hul doen en ervaar, te verhoog. Die gestaltbenadering is nie-interpreterend en van mening dat `n persoon met die nodige bewustheidsvlak en ondersteuning vanuit die omgewing, oor genoegsame vermoëns beskik om selfregulerend op te tree en op `n effektiewe wyse probleme op te los (Corey, 2000:304).

Volgens Landreth (2002:42) is groepspelterapie basies `n "... psychological and social process in which children, in the natural course of interacting with one another in the playroom, learn not only about other children, but also about themselves."

Gestaltgroepwerk is dus `n proses waar die groepleier vanuit die gestaltbenadering `n proses fasiliteer wat die groeplede se bewustheid van hul omgewing en hulself verhoog en waar die groeplede van mekeer leer.

### 1.13. INHOUD VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit vyf hoofstukke en word soos volg uiteengesit:

- Hoofstuk 1: Algemene inleiding tot die studie.
- Hoofstuk 2: Literatuurstudie: Die kleutertydperk binne die Zoeloe-kultuur; die belewenis van verlies binne die Zoeloekultuur.
- Hoofstuk 3: Literatuurstudie: Groepspelterapie vanuit `n gestaltbenadering.
- Hoofstuk 4: Die empiriese studie en literatuurkontrole.
- Hoofstuk 5: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

HOOFSTUK 2

# DIE KLEUTER SE BELEWENIS VAN VERLIES BINNE DIE ZOELOE-KULTUUR

## 2.1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse samelewing word gekenmerk deur `n verskeidenheid kulture, waarvan die Zoeloe-kultuur een is. Volgens Granot (2005:32) onderhandel elke kultuur en godsdiens oor die dood. `n Kind se belewenis van verlies is verwant aan die kulturele- en sosio-ekonomiese omgewing waarin hy grootword. Wanneer `n kleuter binne die Zoeloe-kultuur verlies na die dood van `n ouer ervaar, sal dit dus op `n wyse geskied wat verwant is aan die Zoeloe-kultuur en die sosio-ekonomiese omgewing waarin die kleuter grootword.

In hierdie hoofstuk sal daar gefokus word op die kleuter se ontwikkeling en die wyse waarop die kleuter binne die Zoeloe-kultuur die verlies van `n ouer ervaar.

## 2.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEUTER

Tydens die kleutertydperk, wat ongeveer vanaf twee- tot sesjarige ouderdom strek, vind daar aansienlike kognitiewe sowel as fisiek-motoriese ontwikkeling plaas en talle nuwe vaardighede word aangeleer. Die gesin, sosiale invloede en die kultuur waarbinne `n kleuter grootword speel ook `n beduidende rol in `n kleuter se ontwikkeling (Botha *et al.*, 1998:238). Killian en Perrot (1994:11) noem dat kinders van verskeie kulture almal deur Piaget se ontwikkelingsfases beweeg en maak die volgende stelling: "...children from 'modern' societies tend to pass through the developmental stages more rapidly than children from more traditional societies." Kleuters van verskeie kulture beweeg dus min of meer deur dieselfde ontwikkelingsfases en die navorser is van mening dat literatuur rakende die ontwikkelingfases van `n kleuter, ook van toepassing op die kleuter binne die Zoeloe-kultuur is.

Alhoewel daar in die kleutertydperk aansienlike kognitiewe, emosionele en fisiese ontwikkeling plaasvind, het die kleuter nie genoeg emosionele en kognitiewe vaardighede om die dood van `n geliefde effektief te hanteer nie (Lewis, 1999:148; Dyregrov, 1991:43). Aangesien die kleuter beperkte vaardighede het, is hy dus grootliks afhanklik van die hulp van volwassenes tydens die verlies wat hy ervaar. `n Holistiese benadering van die kleuter se ontwikkeling is dus noodsaaklik ten einde effektief tot die leefwêreld van die kleuter binne die Zoeloe-kultuur toe te tree. Die onderskeie areas in `n kleuter se

ontwikkeling is interafhanklik en met mekaar vervleg en bestaan uit emosionele-, sosiale-, liggaamlike- en kognitiewe ontwikkelingsdomeine. Hierdie domeine sal vervolgens bespreek word.

### 2.2.1 Emosionele ontwikkeling

Erik Erikson se teorie van emosionele ontwikkeling impliseer dat daar agt fases in `n individu se lewe is waarin sy ervarings spesifieke aanpassings vereis. Elke fase word gekenmerk deur ontwikkelingstake en interpersoonlike probleme wat ontlok word deur die interaksie tussen `n individu en die sosiale omgewing (Cawood, 2007:35). Die wyse waarop die individu die aanpassing verwerk, beïnvloed die hantering van die daarop volgende fases. Vyf van die agt fases word in tabel 1 uiteengesit. Vir die doeleindes van die studie sal slegs fase 3 naamlik inisiatief teenoor skuld, volledig bespreek word.

**Tabel 1: Eriksson se stadiums van ontwikkeling (Cawood, 2007:35)**

| **Stadium *(Cawood)*** | **Uitdaging/Taak *(Eriksson)*** | **As daar nie aan die vereiste van die stadium voldoen is nie** |
|---|---|---|
| Babastadium<br>Geboorte - 18 maande | *`n Gevoel van vertroue* | *Wantroue*<br>Daar word nie aan my behoeftes voldoen nie. Die wêreld is nie `n veilige plek nie. |
| Kleuter<br>18 maande - 3 jaar | *Selfbeskikking*<br>Onafhanklikheid | *Skaamte en vertwyfeling*<br>Ek wil uiting gee aan my onafhanklikheid, maar ek word nie toegelaat om dit te doen nie. |
| Speelstadium<br>3 - 6 jaar | *Inisiatief*<br>Gesonde selfbeeld | *Skuldgevoel*<br>Wanneer ek probeer en dan foute maak, is ek in die moeilikheid. Ek is waarskynklik `n slegte, dom mens. |
| Skoolstadium<br>6 -12 jaar | *Gevoel van werkywer*<br>Bekwaam wees | *Minderwaardigheid*<br>Ek kan niks so goed doen soos ander mense nie. Ek is nie die beste met enigiets nie. |
| Adolessensie | *Identiteit*<br>Wie is ek? Waarheen is ek op pad | *Rolverwarring*<br>Waarom moet ek dinge doen soos my ouers dit wil hê? Kan ek nie myself wees nie? Ek weet nie eens wie ek regtig is nie. |

Die derde fase wat ongeveer van drie- tot sesjarige ouderdom strek, word gekenmerk deur die taak om te leer om inisiatief te toon en om gelyktydig `n gevoel van skuld te onderdruk. Volgens Erikson (in Cawood, 2007:95) is die kleuterstadium `n kritieke stadium vir die konstante versterking van `n positiewe gevoel van selfwaarde. Webb (2002:56), asook Cawood (2007:95) is van mening dat die wyse van verlieshantering van die volwassenes in die kleuter se lewe afhang. `n Kleuter se gevoel van 'self' word dus gevorm deur die manier waarop die volwassenes rondom hom reageer. Die afwesigheid van `n ouer kan volgens die navorser moontlik `n effek op die vorming van `n kleuter se selfbeeld hê. Cawood (2007:95) noem verder dat wanneer `n kleuter ontoereikend oor ander se gedrag of belangstelling voel, hy `n sin van skuld oor die 'self' kan ontwikkel. Wanneer `n kleuter egter toereikend oor ander se gedrag of belangstelling voel, ontwikkel hy `n sin van verantwoordelikheid, betroubaarheid en selfdissipline (Craig & Baucum, 2002:205). Dit is dus van kardinale belang dat `n kleuter die nodige ondersteuning kry na die dood van `n ouer, ten einde optimale emosionele ontwikkeling te verseker.

Volgens Craig en Baucum (2002:205) word `n kleuter se emosionele volwassenheid bepaal op grond van die kleuter se vermoë om emosioneel te kommunikeer. Botha *et al.* (1998:271) noem dat kleuters se ontwikkelende kognitiewe en sosiale vaardighede bydra tot die verandering in hulle emosionele belewenisse. Kleuters raak toenemend ook bewus van hul eie en ander se emosies. Verskeie outeurs (Dyregrov, 1991:43; Blom, 2004:138; Oaklander, 2006:172) noem dat kleuters dit egter moeilik vind om hul emosies te verwoord, aangesien hul kognitiewe vermoë beperk is en hulle nie oor die nodige vaardighede en woordeskat beskik nie. Dyregrov (1991:43) noem dat kleuters tydens `n dood- of krisissituasie baie kwesbaar is en dat hulle baie afhanklik is van die hulp van volwassenes om balans te herwin. Vir sommige volwassenes is dit egter moeilik om kleuters se ervarings van emosies te verstaan. Richter en Müller (2005:1005) maak die volgende stelling: "Adults often have difficulty with understanding the lived experiences of children and how children relate to the problems they face." Volgens Killian en Perrot (1994:10), asook Kuhlase (2007) glo volwassenes binne die Zoeloe-kultuur dat kleuters teen die dood beskerm moet word, aangesien hulle te klein is om die konsep 'dood' te verstaan. Richter en Müller (2005:1007) noem dat kleuters binne die Zoeloe-kultuur nie toegelaat word om aan begrafnisrituele deel te neem nie. Geen emosionele ondersteuning word aan die kleuters, sowel as die volwassenes gebied nie.

Volgens Maseko (in Richter & Müller 2005:1007) word kleuters binne die Zoeloe-kultuur wel oor die dood van `n ouer ingelig deur die oudste vroulike familielid. Besonderhede oor die dood van `n ouer word egter nie aan kleuters verskaf nie. `n Paar dae na die begrafnis word die kleuters na die begrafplaas geneem waar hulle die geleentheid kry om `n klip op die graf neer te sit. Sodra die begrafnisrituele plaasgevind het, word die rouproses as afgehandel beskou. Alhoewel kleuters nie die permanensie van die dood verstaan nie, is emosies soos woede, hartseer en verwarring deel van `n kleuter se emosionele reaksie na die dood van `n geliefde (Lewis, 1999:150; Dyregrov 1991:43). Denis (2003:2) noem dat kleuters binne die Zoeloe-kultuur dit moeilik vind om hul emosies te verwoord, aangesien die oorsaak van hul emosies nie aan hulle verduidelik word nie. Die navorser is van mening dat `n kleuter nie oor sy emosies na die dood van `n ouer sal praat nie, wanneer hy waarneem dat die volwassenes in sy lewe emosies hanteer deur nie daaroor te praat nie. Die kleuter binne die Zoeloe-kultuur se emosionele ontwikkeling word volgens die navorser beperk, aangesien hulle daarvan weerhou word om aan begrafnisrituele deel te neem en daar min erkenning aan hul emosies gegee word.

Volgens Blom (2004:134) is dit `n voorvereiste vir gesonde emosionele ontwikkeling dat kinders uitdrukking gee aan hul emosies. Wanneer `n kleuter se emosies na die dood van `n ouer nie as belangrik beskou word nie, kan dit nadelige gevolge vir verdere emosionele ontwikkeling inhou. Denis (2003:2) noem die volgende: "Children from the Zulu culture are left alone in their grief. With time, their memories of deceased parents tend to fade, creating a state of confusion that prevents them from developing their full potential." Volgens Lewis (1999:150), asook Oaklander (2006:172) is kleuters baie egosentries en glo hulle, hul wense en aksies is selfvervullend. Blom (2004:138), asook Oaklander (2006:166) is van mening dat wanneer `n kleuter nie die geleentheid kry om uiting aan sy emosies te gee nie, hy moontlik kan voel dat die dood van `n ouer, sy skuld is. Aangesien die kleuterstadium `n kritieke stadium is vir die konstante versterking van `n positiewe gevoel van selfwaarde, kan ontoepaslike skuldgevoelens `n impak op die kleuter se selfbeeld hê.

In die lig van bostaande bespreking blyk dit dat verskeie aspekte rakende `n kleuter se emosionele ontwikkeling in aanmerking geneem moet word om te verstaan hoe hy op die dood van `n ouer sal reageer. Kleuters het beperkte vermoëns om hul emosies na die dood van `n ouer effektief te hanteer en benodig die hulp van volwassenes. Sover vasgestel kon word, word daar binne die Zoeloe-kultuur min erkenning aan kleuters se

emosies na die dood van `n ouer gegee. Die wyse waarop die kleuter binne die Zoeloe-kultuur sy emosies na die dood van `n ouer hanteer hang dus grootliks af van die volwassenes en die kultuur waarbinne hy grootword.

### 2.2.2 Sosiale ontwikkeling

Tydens die kleuterjare behels sosiale ontwikkeling, veranderinge in die kleuter se omgang en verhouding met ander mense (Botha *et al.*, 1998:300). Volgens Cawood (2007:68) verwys die sosiale ontwikkeling van `n kleuter na `n proses waardeur hy leer om aan morele standaarde, verwagtings en eise vir aanvaarbare gedrag te voldoen. Die kleutertydperk is die belangrikste tyd vir die aanleer en vorming van positiewe verhoudings met ander. Vriendskappe word gevorm, wat `n belangrike deel vorm van `n kleuter se spel en gesonde ontwikkeling (Botha *et al.*, 1998:300).

Spel is een van die belangrikste wyses waarop sosiale interaksie tydens die kleutertydperk plaasvind (Botha *et al.*, 1998:308). Volgens Axline (1993:8) is spel `n kind se natuurlike medium van kommunikasie, sowel as `n hulpmiddel wat kommunikasie tussen `n kind en `n ander individu bewerkstellig. Spel is `n weerspieëling van die sosiale ontwikkeling van kinders en kan ook bydra tot hul sosiale ontwikkeling (Botha *et al.*, 1998:303). Die kleuter maak dus deur middel van spel, kontak met sy omgewing.

Volgens Thompson en Rudolph (2000:417) is spel `n aktiwiteit wat kinders in alle kulture en uit alle sosiale klasse geniet en aan deelneem. Baie Suid-Afrikaanse kinders kom uit minder bevoorregte huise en gemeenskappe. Volgens Denis (2003:2) kom die groter meerderheid kleuters binne die Zoeloe-kultuur, uit minder bevoorregte gemeenskappe. Botha *et al.* (1998:310) noem dat kinders se spel die algemene kultuur weerspieël waarin hulle grootword. Volgens Kuhlase (2007) sowel as Mbatha (2008) neem kleuters binne die Zoeloe-kultuur deel aan danse en speletjies wat eie is aan hul kultuur. Volgens Botha *et al.* (1998:310) het minder bevoorregte kinders min opvoedkundige speelgoed wat spesifiek ontwerp is om sosiale ontwikkeling te bevorder. Kuhlase (2007) noem dat die gebruik van algemeen beskikbare materiale, kleuters binne die Zoeloe-kultuur aanmoedig om kreatief en vernuwend te wees in hulle spel. Tydens die kleuter se spel ontdek hy homself in feitlik alle opsigte. Spel vorm dus `n essensiële deel van `n kleuter se sosiale ontwikkeling.

### 2.2.3 Liggaamlike ontwikkeling

Namate die kleuter bewus raak van sy eie liggaamlike ontwikkeling, verhoog sy sin van die 'self' sowel as die bewustheid van sy liggaam. Witthaus (2004:9) beskou die ontwikkeling van liggaamsbewustheid as essensieël, aangesien dit die raamwerk verskaf waarvolgens die kleuter al sy ander ervarings rig. Die kleuter is reeds in staat om op grond van fisieke reaksies emosionele inhoude te kommunikeer (Witthaus, 2004:9).

Die ontwikkeling van groot- en fynmotoriese vaardighede staan gedurende die kleuterjare op die voorgrond (Botha *et al.*, 1998:241). Grootmotoriese vaardighede behels die gebruik van grootspiere byvoorbeeld die spiere wat gebruik word om te hardloop of om te klim. Fynmotoriese vaardighede behels die gebruik van kleinspiere van die hande en vingers, byvoorbeeld die spiere wat gebruik word om te verf of met `n skêr te sny (Botha *et al.*, 1998:242). Sosio-ekonomiese faktore soos gesinsinkomste en lewensomstandighede is faktore wat `n beduidende rol speel in die liggaamlike ontwikkeling van kleuters (Botha et al., 1998:310). Volgens Kuhlase (2007) woon min kleuters wat in informele nedersettings woon kleuterskole by, weens armoede. Die groter meerderheid kleuters binne die Zoeloe-kultuur woon in informele nedersettings (Denis, 2003:2). Die ontwikkeling van fyn- en grootmotoriese vaardighede is dus beperk by kleuters binne die Zoeloe-kultuur (Mbatha, 2008; Kuhlase, 2007). Kuhlase (2007) noem dat kleuters binne die Zoeloe-kultuur wel deelneem aan normale aktiwiteite soos hardloop en klim wat die ontwikkeling van grootmotoriese vaardighede bevorder.

Botha *et al.* (1998:234) is van mening dat die liggaamlike groei van `n kleuter nie net deur geneties-biologiese faktore soos oorerwing en vroeë mediese probleme veroorsaak word nie, maar ook deur `n verskeidenheid stresvolle omgewingsfaktore soos egskeiding van ouers, werkloosheid en armoede. Die navorser is van mening dat die dood van `n ouer ook `n stresvolle situasie is wat moontlik `n invloed op `n kleuter se liggaamlike ontwikkeling en uiteindelik sy algehele ontwikkeling kan hê, wanneer daar nie aandag aan die situasie gegee word nie.

### 2.2.4 Kognitiewe ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling verwys na die ontwikkeling van taal en denke (De Jager, 2004:72-73). Volgens Botha *et al.* (1998:280) vermeerder die kind se woordeskat en die grammatikale strukture van taal aansienlik tydens die kleuterfase. Craig en Baucum (2002:251) noem dat daar `n duidelike ontwikkeling van geheue gedurende die kleuter-stadium plaasvind. Volgens Botha *et al.* (1998:257) is die kleuter se taalvaardigheid

steeds ontwikkelend en vind hy dit moeilik om sy emosies te verwoord. Craig en Baucum (2002:228) is van mening dat die kleuter `n duidelike sin van 'self' ontwikkel en daarom kan hy al met emosies teenoor ander in hierdie stadium reageer.

Piaget (in Thompson & Rudolph, 2000:145), asook Dyregrov (1991:9) maak die stelling dat `n kind se begrip van die dood beperk is tot sy kognitiewe ontwikkeling. Volgens Berk (2006:1), asook Willis (2002:221) hou vier komponente verband met `n kind se begrip van die dood naamlik die onveranderlike faktor, die finaliteit van die dood, die onvermydelike en oorsaaklikheid van die dood. Die meeste kinders bemeester die komponente van die dood by ongeveer sewejarige ouderdom (Webb, 2002:4; Berk, 2006:1). Willis (2002:222) noem dat kleuters die komponente van die dood stadig begin verstaan. Kleuters glo byvoorbeeld dat die dood omkeerbaar is en dat mense terugkeer na die lewe. Kleuters besef dus nie die finaliteit van die dood nie. Alhoewel Jean Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie nie spesifiek die kind se begrip van die dood aanspreek nie, kan sy teorie rakende die ontwikkeling van kinders se denke aangepas word by dié tema. Volgens Piaget (in Webb, 2002:4) funksioneer `n kleuter in die preoperasionele fase waar sy denke konkreet is en hy die realiteit by sy idiosinkratiese denkwyse aanpas. Die kleuter koppel die dood van `n ouer direk aan sy eie denke en dade. Konkrete verduidelikings en direkte versekering dat die kleuter nie vir die dood van sy ouer verantwoordelik is nie, is tydens die kleuterstadium toepaslik (Olivier, 1998:62). Webb (2002:5) verwys na Nagy wat bevind het dat kinders tussen drie- en sesjarige ouderdom, die dood as tydelik beskou. `n Voorbeeld hiervan is wanneer kleuters by `n begrafnis sien dat die liggaam van `n geliefde weggeneem word in `n kis, en hulle steeds geneig is om te vra wanneer die oorledene huis toe sal kom. Volgens Olivier (1998:63) behoort volwassenes kennis te neem dat kleuters herhaaldelik dieselfde vrae kan vra, aangesien die integrasie van gebeure vir kleuters tydsaam is. Staudacher (1987:129) noem dat die kleuter baie vrae oor die oorledene se liggaamlike funksies opper. Hy verwys byvoorbeeld daarna dat kleuters gereeld wonder of die oorledene genoeg kos het en of hy warm is. Dyregrov (1991:9) bevestig Staudacher se siening en het gevind dat baie vrae wat kleuters oor die dood het, rondom die persoon se fisiese gesondheid sentreer.

Goldman (2000:42) som die kleuter se konsep van die dood soos volg op:

- Die dood is tydelik en `n omkeerbare reis waarvan mense terugkeer.
- Die oorledene kan versorg word deurdat hulle warm gehou en gevoed word.
- Die oorledene kan steeds sy sintuie en denke gebruik.

- Die kleuter glo dat dinge wat hy sê en doen die dood van `n persoon kan veroorsaak.
- Die kleuter vind dit moeilik om tussen die dood en slaap te onderskei en kan angs rakende slaap en die donker ontwikkel.

Dyregrov (1991:29) noem verder dat kleuters dit moeilik vind om abstrakte denke oor die dood te verstaan. Volwassenes moet dus volgens die navorser versigtig wees om kinders te verwar met abstrakte verduidelikings oor die dood. Lewis (1991:151) stel voor dat volwassenes `n duidelike verduideliking aan kleuters rakende die dood van `n geliefde moet gee. Pennells en Smith (1996:16) maak die volgende stelling:

> Information given to children and young people concerning the death should be explanations in an attempt to understand what has happened. Children can feel as if they are out of control when something as traumatic as a death occurs, and if they have no access to information or to sensitive help this feeling can be intensified.

Volgens Kuhlase (2007) word die aanname binne die Zoeloe-kultuur gemaak dat kleuters glad nie die konsep 'dood' verstaan nie. Malherbe (in Richter & Müller, 2005:1007) noem die volgende:

> Where possible, children from the Zulu culture are kept away from an ill or dying person, and excluded from the rituals surrouding the burial of the deceased, even if the deceased are their own parents. While the burial is in progress, the adult who looks after the children is supposed the tell them what is happening.

Volgens Denis (2003:2) vind kleuters dit moeilik om hul emosies uit te druk, aangesien die volledige inligting oor die dood van die oorledene van hulle weerhou word. Kleuters binne die Zoeloe-kultuur kry ook min geleentheid om vrae te vra wat verder bydra tot onsekerheid en gevoelens van angs en hartseer (Kuhlase, 2007).

Vanuit bogenoemde bespreking blyk dit dat kleuters dit kognitief moeilik vind om begrip te toon oor die dood. Die navorser is van mening dat kleuters binne die Zoeloe-kultuur min geleentheid gegee word om die dood van `n geliefde effektief te verwerk. Oor die algemeen bly dit `n uitdaging om aan die kleuter die finaliteit en onomkeerbaarheid van die dood te verduidelik. Dyregrov (1991:10) noem dat alhoewel kleuters `n beperkte begrip oor die dood het hulle nog steeds kan verstaan dat `n geliefde persoon afwesig is en hulle wel op die verlies sal reageer. Killian en Perrot (1994:10) noem dat: "Some

background information on children`s understanding on illnesses and death is needed in order to deal with their emotions effectively." Vir kleuters om die dood van `n ouer effektief te hanteer is dit belangrik om eerlik en oop met hulle te wees en om `n geleentheid te skep waar hulle vrae kan vra. Kennis rakende hul kultuur is ook belangrik tydens hulpverlening aan die kleuter wat verlies ervaar.

## 2.3 FAKTORE WAT `N KIND SE REAKSIE OP VERLIES KAN BEÏNVLOED

Worden (1996:9) stel die enorme impak wat verlies op `n kind het soos volg: "The loss of a parent to death and its consequences in the home and in the family change the very core of the child`s existence." Daar is verskeie faktore wat `n kleuter se reaksie op die dood van `n geliefde beïnvloed en dié sal vervolgens bespreek word.

### 2.3.1 Kulturele invloede

`n Kleuter se kognitiewe en emosionele ontwikkeling is nie die enigste faktore wat `n kleuter se begrip van die dood beïnvloed nie. Webb (2002:14) noem dat religieuse en kulturele waardes van die familie ook `n beduidende rol speel in `n kleuter se begrip van die dood. Cook en Oltjenbruns (1998:102) noem dat dit in sekere kulture toegelaat word om uitdrukking aan emosies te gee na die dood van `n geliefde. In ander kulture kan `n individu wat uitdrukking gee aan sy emosies, as swak beskou word. Volgens Cronje (2007) is dit `n struikelblok dat sekere kulture nie die kind se emosionele behoeftes as belangrik beskou nie. Kinders word aangemoedig om nie oor die dood van `n geliefde te praat nie en veral nie wanneer die voorgeskrewe periode van rou, volgens hul kultuur verby is nie (Kuhlase, 2008). Volgens Maseko (in Richter & Müller, 2005:1006) word slegs volwassenes binne die Zoeloe-kultuur by `n begrafnis toegelaat. Kleuters moet onder die toesig van `n volwassene gehou word en mag nie die begrafnis bywoon nie. Na die begrafnis word die roudraers se hare afgeskeer. Die hare word tesame met die oorledene se klere verbrand in `n poging om hulself van die besmetting van die dood te reinig. Volgens Zoeloe-tradisie word `n kombers ook in die kis geplaas.

Na afloop van die begrafnis neem die roudraers deel aan `n feesmaal-geleentheid. `n Bok of `n os word vir die geleentheid geslag. Malherbe (in Richter & Müller, 2005:1006) noem dat die Zoeloe`s nie emosioneel deur die dood van `n geliefde werk nie, in plaas daarvan raak hulle by begrafnisrituele betrokke. "The purpose of this ritualistic behaviour is to protect people from becoming too emotional. The Zulu`s divert the focus from the unpleasant experience to a complexity of ritual behaviour "(Richter & Müller, 2005:1007).

Cronje (2007) noem dat kinders in sommige kulture glad nie vertel word dat `n geliefde oorlede is nie, met die doel om hulle te beskerm. Volgens Kuhlase (2007) word sommige kleuters binne die Zoeloe-kultuur, na die dood van `n ouer na familielede gestuur wat vêr weg woon, aangesien hulle van mening is dat kleuters te klein is om te verstaan wat gebeur het. Volgens Malherbe (in Richter & Müller, 2005:1007) is dit een van die Zoeloe gebruike dat kinders na die dood van beide ouers deel moet bly van die kerngesin. Volgens Zoeloe-tradisie erf die oudste broer van die oorledene alles, aangesien hy vir die kinders verantwoordelik is en vir hulle moet sorg.

Kleuters binne die Zoeloe-kultuur word dus uitgesluit van begrafnisrituele en min geleentheid word geskep vir kleuters om uiting aan hul emosies te gee. Die kultuur waarbinne `n kleuter grootword het dus `n effek op die reaksie wat hy sal toon na die dood van `n geliefde.

**2.3.2 Geslagsverskille**

Alhoewel navorsers poog om die verskille in hantering van verlies by mans en vroue te verduidelik is daar geen definitiewe antwoorde nie (Cook & Oltjenbruns, 1998:107). Dyregrov (1991:52) noem dat hierdie aspek selde bespreek word, wanneer daar na kinders en rou verwys word. Dyregrov (1991:52) noem egter dat baie ouers melding maak van verskille tussen geslagte tydens die hantering van verlies. Hierdie verskille sluit die volgende in:

- Seuns is geneig om minder oor die dood te praat en nie uiting aan hul emosies te gee nie.
- Dogters is geneig om meer te huil.
- Dogters vind dit moeiliker om op daaglikse aktiwiteite, veral skoolwerk te fokus.
- Dogters maak makliker staat op `n ondersteuningsisteem soos byvoorbeeld vriende, as seuns.
- Seuns toon meer gedragsprobleme (Worden, 1996:91).

Cook en Oltjenbruns (1998:107) noem dat mans en vrouens binne een kultuur ook verskillend optree. Binne `n sekere kultuur leer mans en vrouens deur middel van straf en belonings wat aanvaarbaar is en wat nie (Cook & Oltjenbruns, 1998:107). Geslagsverskille het dus moontlik `n invloed op die wyse hoe kleuters uiting aan hul emosies binne `n verlies situasie sal gee.

**2.3.3 Die ouderdom van 'n kind wat verlies ervaar.**

Die ouderdom van 'n individu wat verlies ervaar het 'n groot impak op die manier hoe hy die verlies van 'n geliefde sal hanteer. Volgens Holland (2001:50) is baie volwassenes van mening dat kleuters nie die dood verstaan nie en daarom is dit ook nie vir hulle moontlik om te rou nie. Willis (2002:212), asook Webb (2002:13) beweer dat volwassenes die dood van 'n geliefde op 'n ander wyse as 'n kleuter ervaar. Lewis (1999:148) noem dat kinders onder die ouderdom van tien jaar nog nie die emosionele en kognitiewe vaardighede het om die dood van 'n geliefde effektief te kan hanteer nie *(Hierdie aspek is reeds bespreek onder 2.2.4 Kognitiewe ontwikkeling)*. Kinders is dus afhanklik van die hulp van volwassenes. Willis (2002:222) sit die verskille tussen 'n volwassene en 'n kind se belewenis van die dood soos volg uiteen:

- Volwassenes het die vermoë om hul emosies uit te druk en te vra wat hulle benodig, waar kinders verward is en nie verstaan hoekom hulle sekere emosies ervaar nie.
- Volwassenes het die lewenservaring om te verstaan dat die omstandighede rakende die dood na 'n ruk kan verander. Vir kinders is die konsep van tyd verwarrend en verstaan hulle nie dat omstandighede rakende die dood makliker kan word nie.
- Volwassenes het gewoonlik 'n gevestigde ondersteuningsisteem, waar kinders afhanklik is van die volwassenes in hul lewens.

Dyregrov (1991:9), asook Lewis (1999:148) meld dat kleuters se begrip van die dood direk verband hou met hul kognitiewe ontwikkeling. Webb (2002:4, 59-60), asook Goldman (2000:42-43) stem saam met bogenoemde stelling, aangesien beide melding maak van Jean Piaget se teorie oor kognitiewe ontwikkeling in verband met kinders se begrip van die dood. Soos kinders deur die verskillende fases van ontwikkeling beweeg neem hul kognitiewe vaardighede toe en begin hulle begryp dat die dood finaal is en dat dit met enige lewende organisme kan gebeur (Lewis, 1999:148).

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat kleuters ongeag hul kultuur en sosio-ekonomiese faktore, geraak word deur die verlies van 'n geliefde en dat hulle wél rou en hulp benodig om hul emosies te reguleer.

### 2.3.4 Persoonlikheidseienskappe

Cook en Oltjenbruns (1998:109) maak die stelling dat `n aantal persoonlikheidseienskappe `n individu se wyse van verlieservaring kan beïnvloed. Elke kleuter is `n unieke individu met unieke persoonlikheidseienskappe. Flory (2005:59) noem dat sekere kleuters makliker as ander huil, ander word weer vinniger aggressief. `n Kleuter met byvoorbeeld `n lae toleransie vir frustrasie en angs sal dit moeiliker vind om die dood van `n geliefde te hanteer as ander. Dit is dus altyd belangrik om die temperament van `n kind in gedagte te hou, tydens `n verlies-situasie.

Volgens Dyregrov (1991:26) kan persoonlikheidsveranderinge voorkom, wanneer die kleuter nie daarin slaag om die dood van `n geliefde effektief te hanteer nie. Sekere kinders onttrek hulself van die samelewing, ander is weer vreesbevange. Dyregrov (1991:26) noem dat wanneer kleuters nie die nodige hulp en ondersteuning ontvang om hul emosies te verwerk nie, persoonlikheidsveranderinge meer drasties en permanent kan word.

## 2.4 DIE KLEUTER SE REAKSIE NA DIE DOOD VAN `N OUER

Wanneer `n kleuter `n ouer aan die dood afstaan, kan hy moontlik emosioneel versteurd raak en kan hy op verskeie maniere sy emosies hanteer (Lewis, 1999:147). Willis (2002:222), asook Lewis (1999:148) is van mening dat `n kleuter se reaksie op die dood van `n geliefde grootliks beïnvloed kan word deur die volwassene se reaksie en terugvoer oor die dood. Volgens Bowlby (in Lewis, 1999:148) kan `n kleuter die dood van `n geliefde suksesvol oplos wanneer hy `n veilige en goeie verhouding met sy ouers gehad het voor die dood van die geliefde. Die kleuter moet ook gereeld die geleentheid gegee word om sy emosies te ontlont en om vrae te vra. Kleuters moet ook betrek word by die begrafnisrituele van die familie (Lewis, 1999:148).

Lewis (1999:149) noem dat kleuters die verlies wat hulle ervaar deur middel van gedrag, denke, gevoelens en fisiese simptome wys. Soos met enige trauma is `n kleuter se reaksie op die dood nie altyd bekend en sigbaar vir volwassenes nie, aangesien hulle moeilik hul emosies verwoord. Holland (2001:68) het tydens `n studie met 70 vrywilliges gevind dat kinders onder die ouderdom van 5 jaar tot en met adolessensie wisselende reaksies getoon het nadat hulle die nuus van `n ouer wat oorlede is, gehoor het. Kennis rakende `n kleuter se reaksie na die dood van `n ouer is dus noodsaaklik vir effektiewe verlieshantering.

**Tabel 2: Kinders se emosionele reaksie na die dood van `n ouer (Holland, 2001:68).**

| Reaksie | % |
|---|---|
| *Ongeloof* | *31* |
| *Gevoelloos* | *27* |
| *Trane* | *13* |
| *Skok* | *13* |
| *Verlig* | *13* |
| *Vrees* | *10* |
| *Hartseer* | *9* |
| *Skuldgevoelens* | *7* |
| *Hoekom ek?* | *6* |
| *Kwaad* | *4* |

Tabel 2 toon die reaksies soos deur Holland (2001:68) bevind aan. `n Paar van die meer algemene reaksies wat kleuters na die dood van `n ouer toon sal vervolgens bespreek word.

### 2.4.1 Slapeloosheid

Versteurings in slaappatrone manifisteer dikwels by kleuters wat verlies ervaar na die dood van `n ouer. Dyregrov (1991:17) is van mening dat slaapversteurings baie algemeen is by kleuters wat verlies ervaar, aangesien hul daaglikse aktiwiteite hulle besig hou en in die nag, hul gedagtes rondom die oorledene gesentreer is. Slaapversteurings kan vererger word wanneer `n persoon `n kleuter oor die dood van `n geliefde inlig met `n stelling soos, "Mamma het vir `n lang tyd gaan slaap en gaan nie weer wakker word nie." Die kleuter kan dan moontlik `n vrees ontwikkel om in die aand te gaan slaap. Dyregrov (1991:18) is van mening dat wanneer kleuters nie die geleentheid gegee word om deur die dag hul vrese en hartseer met ander te deel nie, nagmerries kan voorkom.

### 2.4.2 Sosiale onttrekking

Baie kleuters wat hul ouers aan die dood afgestaan het, isoleer hulself van hul portuurgroep. Dyregrov (1991:25) noem dat kleuters wat verlies ervaar baie kwesbaar en emosioneel is. Volgens Dyregrov (1991:25) is kleuters dikwels onbewus van die emosionele skade wat hulle ander kleuters aandoen, as gevolg van hul onkunde oor

ander se emosies. Ander kleuters is weer bang om oor hul emosies te praat uit vrees dat hulle kontrole oor hul emosies sal verloor en isoleer hulself verder van ander.

Wanneer die dood van `n ouer tot gevolg het dat die familie na `n ander plek moet verhuis, verg dit baie aanpassingsvaardighede van `n kind. Soms is die verlies wat die kind ervaar as gevolg van die ouer se dood en verhuising te veel en kies hy eerder om te onttrek (Dyregrov, 1991:26).

### 2.4.3 Skoolprestasie

Een van die grootste redes waarom kleuters wat verlies ervaar probleme met skoolwerk ondervind, is die feit dat hulle sukkel om te konsentreer. Die oorweldigende emosies wat `n kleuter tydens `n verlies-situasie ervaar, verg baie energie en het tot gevolg dat hul denkprosesse stadiger word. Hierdie probleme kan voortduur tydens die eerste paar jare na die dood van `n geliefde (Dyregrov, 1991:23-24). Holland (2001:37) het met sy navorsing bevind dat kinders meer korttermyn probleme ervaar met hul skoolwerk en later in ander studies gevind dat skoolprobleme soms oor `n langer periode kan voorkom. Worden (1996:67-69) het gevind dat meer seuns as dogters geneig is om probleme met skoolwerk te ervaar en dat seuns meer geneig is om leerprobleme te ontwikkel vir die res van hul skoolloopbaan. Worden (1996:69) noem dat swak skoolprestasie ook `n impak kan hê op kleuters se selfbeeld. Wanneer `n kleuter `n swak selfbeeld ontwikkel kan dit moontlik `n effek op die algehele ontwikkeling van die kleuter hê.

### 2.4.4 Vrees en angs

Volgens Dyregrov (1991:15) sentreer kleuters se angs gewoonlik oor vrese dat daar iets met die oorblywende ouer kan gebeur. Hierdie gevoelens van angs en vrese kan in `n aantal optredes geobserveer word:

- Kleuters word klouerig en toon skeidingsangs.
- Vrees oor eie dood, veral saans wanneer hulle gaan slaap.
- Fobiese gedrag kan getoon word wanneer hulle teenwoordig was ten tye van die dood.

Die genoemde gevoelens van angs en vrees word bevestig deur Worden (1996:58-61) en hy noem die volgende:

- Die kleuter vrees dat hy nie in staat sal wees om vir die oorblywende ouer te sorg nie.

- Hoe meer veranderinge en onderbrekings in `n kind se lewe plaasvind nadat die kind `n ouer aan die dood verloor, hoe erger die angs- en vrees gevoelens.

Volgens Kuhlase (2007) leef baie kleuters binne die Zoeloe-kultuur in vrees, aangesien hulle na die dood van `n ouer in die familie, die verantwoordelikheid moet neem om vir die res van die familie te sorg. Lewis (1999:154) noem dat die vrese wat `n kleuter het na die dood van `n geliefde verband hou met die onveiligheid wat hulle voel. Vir `n kleuter is een van die grootste vrese om van ouers geskei te wees en nie beskermd te voel nie. Aangesien kleuters moeilik hul vrese verbaliseer, word hierdie vrese gewoonlik omgesit in gedrag soos slaapversteurings, enurese, sosiale onttrekking en regressiewe gedrag (Dyregrov, 1991:18).

### 2.4.5 Fisiese simptome

Dyregrov (1991:24) noem dat kleuters wat verlies ervaar gewoonlik oor hoofpyn, maagpyn en seer spiere kla. Volwassenes reageer gewoonlik op hierdie klagtes en dit bevorder bogenoemde simptome. Wanneer daar geen mediese bewyse vir bogenoemde simptome gevind kan word nie staan dit bekend as somatisering. Volgens Worden (1996:64) is somatisering `n uitdrukking van rou by kleuters. Die navorser is van mening dat somatisering meer voorkom by jonger kinders as gevolg van hul beperkte verbale vermoë om emosies uit te druk. Daar moet egter ook ingedagte gehou word dat sekere kleuters werklik siek word na die dood van `n ouer. Worden (1996:65-66) noem dat siektes meer voorkom in families waar daar oneinigheid is as gevolg van verlies wat ervaar word en waar konflik hoër is. Goldman (2000:49) som die lys van simptome wat by kleuters wat verlies ervaar, gevind kan word soos volg op:

- *Gedrag:* slapeloosheid, verlies van aptyt, huilerigheid, slegte drome oor die oorledene, lusteloosheid, oor-aktief, sosiale onttrekking, bakleiery, baie stil, enurese.

- *Gedagtepatroon:* onvermoë om te konsentreer, besluiteloosheid, hulpeloosheid, lae selfbeeld, verward, ongeloof.

- *Gevoelens:* woede, skuldgevoel, hartseer, buierigheid, depressie, angs, alleenheid, intense gevoelens.

- *Fisiese simptome:* hoofpyn, moegheid, droë mond, duiseligheid, sensitiewe vel, maagpyn.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die reaksie van `n individu op die dood van `n geliefde sekere emosies, gedagtes en fisiese simptome ontlok. Hierdie reaksie staan as die rouproses bekend (Goldman, 2000:25).

## 2.5 DIE ROUPROSES VAN DIE KLEUTER

Rou word deur Goldman (2000:25) omskryf as:

> ...taking the internal experience of grief and expressing it outside of ourselves. It is the cultural expression of grief, as seen in traditional or creative rituals. Traditional rituals refer to one`s that are sanctioned culturally, such as funerals. Creative rituals can be writing a letter to the deceased and then destroying it.

Rou is dus `n proses waar `n individu uiting gee aan sy emosies en gedagtes rakende die dood van `n geliefde, binne die konteks van sy kultuur. Malherbe (in Richter & Müller, 2005:1007) noem dat daar binne die Zoeloe-kultuur nie emosioneel deur die dood van `n geliefde gewerk word nie. Aangesien die volwassenes binne die Zoeloe-kultuur min tyd spandeer om emosioneel deur die dood van `n geliefde te werk, word daar ook min klem op kleuters se emosies geplaas (Kuhlase, 2007). Wass (1991:11) konstateer die volgende:

> When it comes to death, we tend to think the child is incurious, thoughtless and unfeeling. In fact, children-even-younger children are very curious about death, especially when they first encounter it. They want to know what happened, how it happened, why it happened and what happens next. These basic questions as much as questions regarding birth, are signs of healthy normal development and deserve to be valued and dealt with. They are too important to be ignored, deflected or left for other sources to answer.

In baie kulture insluitende die Zoeloe-kultuur word kinders nie toegelaat om vrae te vra nie, aangesien hulle te klein is om die konsep dood te verstaan (Denis, 2003:2). Willis (2002:224) beklemtoon die feit dat elke individu, kind of volwassene, deur `n rouproses beweeg en dat elkeen die proses as uniek ervaar. Volgens Willis (2002:223) beskou kleuters die dood as tydelik. Alhoewel kleuters nie altyd die permanensie van die dood verstaan nie, is hulle baie sensitief vir die emosionele toestand van ander, veral hul ouers en sibbe. Blom (2004:212), asook Pennells en Smith (1996:9) maak die stelling dat kleuters dieselfde emosies as volwassenes ervaar, maar dat hulle beperkte vermoëns het om uiting daaraan te gee. Goldman (2000:25) noem dat kleuters eerder deur middel van gedrag as woorde rou. Die ouderdom en ontwikkelingsfase van kind bepaal dus die wyse hoe hy sal reageer na die dood van `n ouer (Pennells & Smith, 1996:9). Dit is dus van kardinale belang dat kleuters se emosies, ongeag hul kultuur, in aanmerking geneem

moet word deur ondersteunende ouers. Kleuters moet gehelp word binne die konteks van hul kultuur om uiting aan hul emosies te gee.

Wanneer daar na `n kind se rouproses verwys word na die dood van `n ouer, het die navorser gevind dat nie een outeur na dieselfde proses verwys nie (Goldman 2000:37; Worden, 1996:11-16; Wells, 1988:4-8). Ander outeurs verwys nie na `n spesifieke proses nie, maar bespreek kinders se emosionele en gedragsresponse na die dood van `n geliefde (Pennells & Smith, 1996:9-13; Dyregrov, 1991:12-27; Webb, 2002:7-14). Worden (1996:9), asook Willis (2002:222) noem dat die meeste professionele persone saamstem dat kinders soos wat hulle ontwikkel die vermoë het om te kan rou. Daar word egter gedebatteer oor wanneer kinders hierdie vermoëns ontwikkel. Ten spyte van verskeie menings noem Worden (1996:10) dat: "...the child must have achieved a coherent mental representation of important attachment figures, such as parents, as well as object constancy for mourning to occur." Die meeste kinders ontwikkel hierdie vaardigheid by drie- tot vierjarige ouderdom (Willis, 2002:222; Holland, 2001:50). Die aanname kan dus gemaak word dat `n kleuter oor die vermoë beskik om te kan rou. Worden (1996:13-16) bespreek vier take waardeur `n kind tydens die rouproses beweeg. Hierdie take sal vervolgens bespreek word met `n intergrering van ander outeurs se menings oor kleuters se wyse van rou.

### 2.5.1 Taak 1: Om die realteit van verlies te aanvaar.

Ontkenning is gewoonlik die eerste reaksie wat `n individu toon, wanneer hy met slegte nuus soos byvoorbeeld die dood van `n geliefde gekonfronteer word. Holland (2001:68), asook Lewis (1999:154) noem dat skok `n normale reaksie by kinders sowel as volwassenes is wanneer hulle met slegte nuus gekonfronteer word. Die moontlikheid bestaan egter dat `n kleuter min of geen reaksie toon, wanneer hy met slegte nuus gekonfronteer word. Dyregrov (1991:14) noem dat bogenoemde reaksies normaal en `n uitdrukking van ongeloof en skok is. Volgens Goldman (2000:30), asook Willis (2002:225) beteken dit nie dat kinders nie rou wanneer hulle met normale spel voortgaan na die dood van `n geliefde nie. Dit kan eerder beskou word as `n onbewuste verdedigingsmeganisme wat kleuters gebruik om hulself teen die oorweldigende emosies te beskerm.

Kleuters beskou die dood as tydelik en verstaan nie die permanensie van die dood nie (Webb, 2002:5). Goldman (2000:38) noem dat begrip van die dood die eerste taak is wat kleuters tydens die rouproses moet kan bemeester. Alhoewel kleuters se begrip van die

dood nog nie ten volle ontwikkel is nie, reageer hulle steeds sterk op die verlies van `n geliefde (Dyregrov, 1991:10; Worden, 1996:14). Volgens Goldman (2000:39), asook Webb (2002:4) is kleuters geneig tot magiese denke en kan hulle nie tussen hul denke en dade onderskei nie. Kleuters voel dus meestal hul dade het die dood van `n geliefde veroorsaak. As gevolg van die feit dat kleuters egosentries is, is skuldgevoelens natuurlike emosies wat by kleuters tydens die rouproses teenwoordig is (Dyregrov, 1991:22). Dyregrov (1991:22) noem dat kleuters meestal glo dat hul eie emosies en aksies die dood van `n geliefde veroorsaak het. Staudacher (1987:133) het gevind dat kleuters gewoonlik skuldgevoelens vanuit die volgende gedagtes ontwikkel:

- Straf as gevolg van wangedrag.
- Nie genoeg liefde aan oorledene gegee nie.
- Hulle die persoon moes wees wat dood is.

Worden (1996:13), asook Pennells en Smith (1996:15) stel dit dat alvorens kleuters die realiteit van die dood kan aanvaar hulle akkuraat en eerlik oor die dood ingelig moet word in `n taal wat hulle verstaan. Volgens Willis (2002:224) is daar nie `n perfekte tyd om kleuters oor die dood van `n ouer in te lig nie. Kleuters hanteer die nuus fisies en emosioneel gewoonlik beter wanneer hulle die nuus by `n familielid hoor in plaas van by `n vreemdeling. Binne die Zoeloe-kultuur word kleuters kortliks oor die dood van `n ouer ingelig deur die oudste vroulike familielid. Volgens Kuhlase (2007) word daar in sommige gevalle kleuters binne die Zoeloe-kultuur na familie gestuur wat ver woon, totdat die begrafnis afgehandel is. Willis (2002:224) is van mening dat, "One of the most damaging things that can be done is to send the child away tot visit someone until the funeral and initial grieving process is over." Die aanhoudende vrae wat kleuters oor die dood van `n geliefde vra is hul manier om die realiteit van die dood te verstaan (Worden, 1996:13). Binne die Zoeloe-kultuur word kleuters min geleentheid gegee om vrae te vra (Mbatha, 2008). Die gevaar ontstaan dat kleuters verantwoordelik vir die dood van `n ouer kan voel en vrese kan ontwikkel. Kleuters het dus `n beperkte vermoë om by die realiteit van die dood aan te pas en benodig die hulp van volwassenes.

### 2.5.2 Taak 2: Om die pyn en emosionele aspekte van verlies te ervaar.

Worden (1996:15) maak die volgende stelling: "It is necessary to acknowledge and work through the variety of emotions associated with the loss or these affects will manifest in other ways, perhaps somatically or in aberrant behavior patterns." Volgens Dyregrov

(1991:20), asook Oaklander (2006:120) is woede, angs en skuldgevoelens algemene reaksies by kleuters wat verlies ervaar en kan genoemde emosies fisies en verbaal uitgedruk word. Holland (2001:29) noem dat bogenoemde gevoelens van verlies vervang kan word met ʼn intense gevoel van neerslagtigheid.

Worden (1996:14) is van mening dat kleuters ʼn baie kwesbare groep is, aangesien hul kognitiewe ontwikkeling hulle toelaat om iets van die permanensie van die dood te verstaan, maar hulle steeds die sosiale vaardighede kort om hul gevoelens van verlies effektief te hanteer. Goldman (2000:56) glo dat kleuters fisiese uiting aan hul gevoelens gee as ʼn manier om oorweldigende emosies te hanteer. Oaklander (1988:207) is van mening dat aggressiewe gedrag ʼn refleksie van werklike gevoelens is:

> ...as one who has deep angry feelings, feelings of rejection, feelings of insecurity and anxiety, hurt feelings and often diffused sense of selfhood... He is unable or unwilling or fearful about expressing what he is feeling, for if he does, he may loose what strength he masters to engage... He feels he needs to do what he does as his method of survival.

Webb (2002:15) noem die volgende: "...cultures differ in major ways about public versus private expressions of grief." Binne die Zoeloe-kultuur is dit vreemd om uiting aan gevoelens van verlies te gee (Kuhlase, 2007). Worden (1996:63-64) het gevind dat kinders se aggressie meer algemeen voorkom by families waar die oorblywende ouer die verlies nie goed hanteer nie as gevolg van min ondersteuning. Die kleuter se vaardigheid om gevoelens van verlies suksesvol op te los, hang van die volwassene in sy lewe af. Die navorser is van mening dat die kleuter binne die Zoeloe-kultuur hulp benodig om uiting aan hul gevoelens van verlies te gee.

### 2.5.3 Taak 3: Om by omstandighede aan te pas waar die oorledene nie meer teenwoordig is nie.

Volgens Pennells en Smith (1996:16) kan kleuters buite beheer van omstandighede voel, wanneer hulle ʼn geliefde aan die dood afstaan. Kleuters is dus afhanklik van die leiding van volwassenes om by die omstandighede aan te pas waar die oorledene nie meer teenwoordig is nie. Worden (1996:15) noem dat die aard van aanpassing bepaal gaan word deur die rolle en verhoudinge wat die oorlede ouer in die kind se lewe gespeel het.

Volgens Goldman (2000:50) is gedenking die derde taak wat bemeester moet word tydens die rouproses. Kleuters benodig hulp om op formele en informele wyses hul geliefde te gedenk. Goldman (2000:50) meen dat kleuters se kreatiewe idees ʼn

noodsaaklike deel van die proses is. Kleuters kan byvoorbeeld blommetjies plant om hul geliefde te gedenk. Binne die Zoeloe-kultuur neem die volwassenes gewoonlik deel aan begrafnisrituele as hul manier van rou (Denis, 2003:2). Kleuters word gewoonlik uitgesluit en nie as deel van die proses beskou nie. Volgens die navorser is dit noodsaaklik dat kleuters betrek word by die begrafnisrituele ten einde suksesvol by die omstandighede aan te pas waar die oorledene nie meer teenwoordig is nie.

### 2.5.4 Taak 4: Om die dood van `n persoon te aanvaar en daarby aan te pas.

Pennells en Smith (1996:20) is van mening dat kleuters deur die fases van rou beweeg totdat hulle `n stadium bereik waar hulle in staat is om by die dood van `n ouer aan te pas. Worden (1996:58) het tydens sy navorsing gevind dat kleuters se hartseer binne die eerste jaar na die dood van `n ouer, gewoonlik afneem. Volgens Goldman (2000:51) begin kleuters dit weer waag om lief te hê en die lewe te geniet. Dit beteken egter nie dat hulle nie die oorledene vergeet nie. Die navorser is van mening dat die uniekheid van elke kleuter tydens `n verlies-situasie, in aanmerking geneem moet word en dat elke kleuter die nodige tyd gegee moet word om op sy eie manier die dood van `n ouer te verwerk. Tydens die gestaltterapeutiese proses is dit noodsaaklik dat die terapeut saam met die kind se proses beweeg, ten einde die kind te bemagtig.

Worden (1996:16) noem dat elke kind die bogenoemde take van rou op sy eie individuele wyse benader. Daar is `n verskeidenheid van normale reaksies met betrekking tot verlies van `n ouer. Persoonlike omstandighede beïnvloed die wyse van verlieshantering. Worden (1996:16) meld die volgende faktore wat die kind se wyse van rou en aanpassing na die dood van `n geliefde, beïnvloed:

- Die dood en die rituele daaraan verbonde.
- Die verhouding wat die kind met die oorlede ouer voor en na die dood gehad het.
- Die rol wat die oorblywende ouer in die kind se lewe speel en sy vaardigheid om `n ouer vir die kind te wees.
- Familie invloede soos byvoorbeeld die grootte, struktuur, ondersteuning en kommunikasiestyle van die familie.
- Ondersteuning van vriende en ander buite die familie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Karaktertrekke van die kind soos byvoorbeeld, geslag, ouderdom en die begrip van die dood.

## 2.6 GEVOLGTREKKING

Vanuit die bespreking van dié hoofstuk blyk dit dat `n kleuter se ervaring van verlies verwant is aan die kulturele en sosio-ekonomiese omgewing waarin hy grootword. Tydens hulpverlening aan die kleuter wat verlies ervaar, is dit van kardinale belang dat hul algehele ontwikkeling in aanmerking geneem moet word. Verskeie faktore soos die kultuur, geslag, ouderdom en persoonlikheidseienskappe beïnvloed die kleuter se reaksie op die dood van `n ouer. Die reaksie van `n kleuter op die dood van `n ouer ontlok sekere emosies, gedagtes en fisiese simptome wat as die rouproses bekend staan. Kleuters benodig hulp en leiding van volwassenes tydens die hantering van hul emosies.

Kulturele invloede speel `n groot rol tydens die kleuter se wyse van verlieshantering na die dood van `n ouer. Binne die Zoeloe-kultuur word die dood van `n geliefde op unieke wyse gehanteer. Baie tyd word aan begrafnisrituele spandeer en min tyd aan die emosionele hantering van die dood. Kleuters word nie by die begrafnisrituele betrek nie en min emosionele ondersteuning word aan hulle gebied. Die navorser is van mening dat daar binne die konteks van die Zoeloe-kultuur meer emosionele ondersteuning aan die kleuter na die verlies van `n ouer gebied moet word.

HOOFSTUK 3

# SPELTERAPIE DEUR MIDDEL VAN GESTALTGROEPWERK

## 3.1 INLEIDING

Kinders van alle kulture en uit alle sosiale klasse geniet dit om te speel en spel is deel van hulle normale ontwikkeling (Thompson & Rudolph, 2000:451). Spel gee aan die kleuter die geleentheid vir fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale groei en is gewoonlik spontaan en kreatief (Botha *et al.*, 1998:307-308). West (1996:13) noem dat spel verligting bied deurdat dit katarsiswaarde het en wanneer gevoelens ontlaai is, laat dit die kind oop vir deurwerking van traumatiese gebeure. Die navorser is van mening dat indien spel die primêre wyse is waarop die kleuter van sy wêreld sin maak, spel ook vir die begrip en prossessering van struikelblokke en emosionele pyn, voordelig behoort te wees. Volgens Axline (1993:8) is spel `n kind se natuurlike medium van kommunikasie en `n hulpmiddel wat kommunikasie tussen `n kind en `n terapeut bewerkstellig. `n Kleuter wat verlies ervaar na die dood van `n ouer kan dus deur middel van spel bemagtig word om sy verlies te verwerk.

Daar is verskeie benaderings wat terapeute kan gebruik as instrumente om hulle kliënte se gedrag, emosies en denke te verstaan, te analiseer en te interpreteer. Volgens Blom (2004:210), asook Oaklander (2006:119) is gestalt `n effektiewe benadering vir die werk met kinders wat verlies ervaar. Tydens die geïntegreerde terapeutiese proses kan die kleuter die geleentheid gebied word om sy emosies te openbaar en die unieke behoeftes van die kleuter kan deur middel van spel bevredig word.

Tydens hierdie studie sal daar van groepwerk vanuit die gestaltbenadering gebruik gemaak word. Die kleuter binne die Zoeloe-kultuur wat verlies ervaar sal deur middel van gestaltgroepwerk begelei word om uiting te gee aan die verlies wat hy ervaar. Binne hierdie groepwerksessies sal observasies gemaak word om vas te stel hoe die kleuter binne die Zoeloe-kultuur verlies ervaar. Om die gestaltgroepwerk suksesvol te implementeer, is `n deeglike teoretiese raamwerk egter noodsaaklik. Hierdie hoofstuk sal die nodige teoretiese agtergrond verskaf.

## 3.2 GESTALTTERAPIE

### 3.2.1 Gestaltterapie as terapeutiese benadering

Fritz Perls word beskou as die stigter van gestaltterapie. Gestaltterapie is in die 1940`s deur Fritz Perls en sy vrou Laura ontwikkel en dit is gebasseer op die aanname dat die mens die beste begryp kan word binne die konteks van sy omgewing (Thompson & Rudolph, 2000:164). Volgens die *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek* (1997:127) word gestaltterapie beskryf as `n besondere tipe psigoterapie wat op dit wat onmiddellik teenwoordig is, fokus. Die klem word op die hede geplaas, met die doel om die kliënt te help om die gewaarwordinge van sy ervarings in totaliteit te verbeter. Hierdie totaliteit omsluit die kognitiewe en emosionele totaliteit van elke persoon, elke oomblik en tydens elke gebeurtenis (Yssel, 1999:81).

### 3.2.2 Die gestaltterapeutiese proses


Tydens die gestaltterapeutiese proses word die kleuter begelei om tot verbeterde hantering van sy lewenseise te kom en om optimale funksionering te bereik. Hierdie proses-georiënteerde vorm van terapie neem dus die totale funksionering van die mens in ag. Aandag word gegee aan intellek, sensoriese kontakmaking, emosies en liggaamlike bewustheid (Carroll & Oaklander, 1997:184; Thompson & Rudolph, 2000:380). Die spesifieke gestaltterapeutiese aspekte wat as geïntegreerde proses tydens die spelterapeutiese intervensie benut word, sluit eerstens die vestiging en versterking van `n terapeutiese verhouding in waar die terapeut en die kleuter in `n ek-jy verhouding kontak maak. Binne hierdie verhouding val die fokus op die verhoging van die kleuter se bewustheid van homself en sy omgewing (Blom, 2004:53).

Nadat die voorgrondbehoefte geasseseer is kan dit terapeuties aangespreek word. Die navorser is van mening dat deurlopende assessering noodsaaklik is om op hoogte te bly van die kleuter se proses. Binne die terapeutiese deel van die intervensieproses word daar deurlopend geleentheid vir emosionele uitdrukking gebied, waarna begeleiding om die realiteit van die probleem te hanteer deur die terapeut gefasiliteer word (Blom, 2004:226). Die laaste terapeutiese aspekte sluit geleentheid vir selfkoestering en bemagtiging in, waar die kleuter gehelp word om sy eie vermoëns uit te brei en ook steun uit die gemeenskap te identifiseer. Die proses word deur terminering afgesluit waar samevatting van die sessie plaasvind en beplanning vir die volgende sessie gedoen word.

Die gestaltbenadering gaan van die standpunt uit dat individue met die nodige vlak van bewustheid en ondersteuning vanuit die omgewing, oor die vermoë sal beskik tot selfregulasie en om suksesvol met lewensprobleme te handel. Perls (in Thompson & Rudolph, 2000:167) skryf dat die doel van sy terapie (naamlik gestaltterapie) is om mense te help groei en beheer van hul lewens neem, om sodoende verantwoordelikheid vir hulself te neem. Blom (2004:210) noem die volgende:

> *Grieving and traumatized children* may have a lot of needs, such as the need to be aware of their feelings, the need to build trust, the need for power and control in their life, the need for family support and the need to express their feelings, such as fear, anxiety and anger. During gestalt play therapy they can become aware of these needs, and find healthy ways to satisfy it.


Kleuters wat verlies ervaar, beleef dus `n verskeidenheid emosies na die dood van `n ouer. Volgens Oaklander (2006:141) weet kinders nie hoe om te rou nie en is hulle meestal verward met al die emosies wat hulle ervaar. Binne die gestaltterapeutiese proses kan kleuters dus begelei word om hul emosies na die dood van `n ouer te hanteer. Figuur 1 verskaf `n visuele voorstelling van die terapeutiese proses, soos deur Blom (2004) voorgestel.




**Figuur 1: Die gestaltterapeutiese proses (Blom, 2004:48)**

### 3.2.3 Fundamentele beginsels van gestaltterapie

Ten einde optimale spelterapeutiese intervensie binne gestaltterapie te kan bied, moet die terapeut volgens die navorser oor deeglike kennis van die beginsels van die terapeutiese benadering beskik. Volgens Doerman (2003:2) kan gestaltterapie in verskeie formate aangebied word. Die formate sluit terapie met groepe, families en die individu in. Die basiese beginsels bly egter dieselfde. Die navorser bied in figuur 2 `n visuele voorstelling van die *fundamentele beginsels* van gestaltterapie aan.




**Figuur 2: Die fundamentele beginsels van gestaltterapie.**

#### 3.2.3.1 Holisme

Perls, die vader van gestaltterapie het groot klem op die mens wat as geïntegreerde organisme altyd as `n eenheid funksioneer, geplaas. Volgens Thompson en Rudolph (2000:164), asook Oaklander (1988:142) verwys die beginsel van holisme na die totale, geïntegreerde eenheid van die mens wat alle aspekte soos emosies, liggaam en denke insluit. Volgens Hergenhahn en Olson (2001:249) glo aanhangers van die gestaltbenadering dat die wêreld ervaar word as `n betekenisvolle geheel. Hough (1998:123) beweer dat die totale patroon van `n persoon se sensoriese ervarings in die gestaltbenadering gesien word as meer belangrik as die individuele elemente van daardie ervaring. Die geheel is dus groter as die som van sy verskillende dele en sielkundige verskynsels kan beter verstaan word wanneer dit as `n georganiseerde geheel gesien word en nie opgebreek word in kleiner dele nie (Blom, 2004:10).

Vanuit `n holistiese benadering kan `n individu die beste begryp word binne die konteks van sy omgewing. Aronstram (in Blom, 2004:9) noem dat die mens as geïntegreerde organisme altyd as eenheid funksioneer, maar kan nie sonder sy omgewing bestaan nie, aangesien die omgewing benodig word om sy behoeftes te bevredig. Die mens is dus altyd in kontak met sy omgewing. Dus kan die terapeut wat vanuit `n gestaltbenadering werk, nie net fokus op wat die kliënt sê nie, maar hoe die kliënt daaroor voel, dink en sy fisiese reaksies moet ook in ag geneem word.

Die navorser is van mening dat die kleuter binne die Zoeloe-kultuur as `n integrale deel van sy gesin beskou moet word. Alles wat met `n kleuter gebeur beïnvloed sy gesin en ook anders om. Die kleuter wat verlies ervaar staan dus nie uit as `n individu wat verlies ervaar nie, maar as deel van `n sisteem waarbinne voortdurende verandering plaasvind. Terapie met die kleuter kring dus wyer uit na die gesin as geheel. Tydens terapie met die kleuter wat verlies ervaar na die dood van `n ouer moet daar nie net op die emosies van hartseer gefokus word nie. Die sosiale, fisiese en intellektuele aspekte van die kleuter moet ook in ag geneem word. Die kultuur waarbinne die kleuter grootword speel ook `n beduidende rol in die hantering van die kleuter se verlies (Denis, 2003:2). Blom (2004:210) som bogenoemde soos volg op:

> By its holistic approach, gestalt play therapy therefore aims to focus on how the grieving child`s holistic functioning of senses, body, intellect, spiritual aspects and emotions are fragmented, to help the child to function as an integrated whole again.

### 3.2.3.2 Homeostase en die figuur-grondbeginsel

Die figuur-agtergrond formasie is ineengestrengel met die beginsel van organismiese self-regulasie of homeostase wat die aard van die verhouding tussen die individu en die omgewing beskryf. Volgens Hough (1998:123) verwys 'gestalt' na `n persoon se behoeftes op `n gegewe tyd. Alle lewende organismes het sekere behoeftes wat bevredig moet word om hulle voortbestaan te verseker. `n Individu het `n verskeidenheid van behoeftes op verskeie tye en elke behoefte versteur die ekwilibrium van die individu. Wanneer die ekwilibrium versteur word deur die verskyning van `n behoefte sal die individu probeer om hierdie behoefte te bevredig. Volgens Hough (1998:123) kan verskeie behoeftes nie gelyk bevredig word nie. Een behoefte geniet aandag terwyl ander op die agtergrond geskuif word (Congress, 1995:1118). Volgens Thompson en Rudolph (2000:165) het Perls geglo dat die sleutel tot suksesvolle aanpassing in die ontwikkeling van persoonlike verantwoordelikheid lê.

Thompson en Rudolph (2000:164) noem dat die mens deur die gestaltbenadering, vanuit `n positiewe mensbenadering, beskou word. Daar word geglo dat die individu in staat is om `n selfregulerende wese te wees. Volgens Blom (2004:11) impliseer die konsepte homeostase en organismiese selfregulasie dat die individu gedurig `n verskeidenheid van behoeftes ervaar, naamlik fisiese, emosionele, sosiale en intellektuele behoeftes. Wanneer hierdie behoeftes nie bevredig word nie veroorsaak dit `n ongemak totdat daar aksie geneem word om daardie behoeftes te bevredig en homeostase bereik word. Die proses waartydens aksie plaasvind om behoeftes te bevredig staan bekend as organismiese selfregulasie.

Dit is volgens die navorser belangrik om die kleuter wat verlies ervaar te help om sy voorgrondbehoeftes te identifiseer en daaraan aandag te gee. `n Kleuter wat verlies ervaar na die dood van `n ouer kan verskeie onvervulde emosionele en sosiale behoeftes ervaar wat almal tegelykertyd om vervulling roep (Oaklander, 2006:210). Aangesien die kleuter die neiging het om konfrontering en die ten volle belewing van angs, rou, skuldgevoelens en ander ongemaklike emosies te vermy, word hierdie emosies `n knaende onderstroming wat hom verhoed om ten volle te leef (Galloway, 2001:44). Tensy hierdie onafgehandelde situasies en onuitgedrukte emosies nie afgehandel word nie, sal dit die bewustheid van die huidige en effektiewe funksionering negatief beïnvloed. Dit mag meebring dat hierdie ongewensde gedrag openbaar word ten einde homeostase te handhaaf.

Volgens Blom (2004:14) is dit vir die voorskoolse kind moeilik om homeostase te bereik, aangesien hulle egosentries is. Die egosentriese kleuter kan dus nie verstaan dat `n ander persoon anders as hy voel binne dieselfde situasie nie en benodig die hulp van volwassenes. Oaklander (2006:120) noem dat kleuters die neiging het om hulself te blameer vir die dood van `n ouer en dat hulle enigiets sal doen om hulle behoeftes te bevredig. Aangesien elke kleuter `n unieke proses het en sodoende verskeie voorgrondbehoeftes het, is dit volgens die navorser belangrik om binne `n groepsituasie besondere aandag aan onderskeie groeplede se voorgrondbehoeftes te skenk. Die doel van gestaltterapie met kleuters is dus om hulle te bemagtig om bewus te word van hulle eie emosies (voorgrondbehoeftes) wat aanleiding gee tot onaanvaarbare gedrag en nuwe gedragswyses moet uitgetoets word om tot ekwilibrium te groei en dit te behou.

#### 3.2.3.3 Bewustheid en ervaring in die hier-en-nou

`n Belangrike aspek van gestaltterapie is om die kleuter te begelei tot `n bewustheid van sy eie proses. Elke kleuter wat in terapie betrek word het `n unieke proses. Yssel (1999:110) definieer die kind se proses as die wyse waarop hy homself in situasies hanteer en sy behoeftes bevredig. Volgens Congress (1995:1117) moet die kind in aanraking wees met interne gevoelens en prosesse, asook met ander persone en objekte in die eksterne omgewing. Wanneer `n verskeidenheid van ervarings en eksperimente aan die kind gebied word, kan hy meer bewus word van homself (Oaklander, 1999:165). Volgens Hough (1998:125) is die sentrale fokus van die gestaltbenadering op die hede. Daar word dus op huidige denke, gevoelens en aksies van die kind gefokus.

Volgens Congress (1995:1117) verwerp gestaltterapeute egter nie ervarings wat in die verlede plaasgevind het nie, maar fokus hulle eerder op hoe hierdie ervarings die kliënt se huidige gedrag beïnvloed. Congress (1995:1117) noem verder dat emosionele groei plaasvind indien `n kind groter bewustheid van beide innerlike en eksterne ervarings in die verlede en hede ontwikkel. Die kleuter moet dus begelei word tot verhoogde bewustheid van homself en sy omgewing in die hier-en-nou.

Tydens gestaltgroepwerk met die kleuter wat verlies ervaar moet die geleentheid gegee word tot `n verskeidenheid van ervaringe om sodoende bewustheid te bevorder. Volgens Yssel (1999:87) is dit nodig om die kind sensories op te skerp, sodat hy sy omgewing en homself kan leer ken en bewus kan word van gevoelens wat ontplooi word. Deur van al vyf sensoriese modaliteite gebruik te maak, kan die kleuter tydens spel gehelp word om sy bewustheidsvlak te verhoog.

#### 3.2.3.4 Polariteite

Volgens die gestaltteorie bestaan die persoonlikheid uit polariteite. Blom (2004:32) ondersteun dit wanneer sy meld dat `n kind in terme van teenoorgesteldes of polariteite funksioneer. Volgens Schoeman (1996a:29) is dit die taak van die terapeut om die kind te help om insig in polariteite te ontwikkel, ten einde hom in staat te stel om positiewe en negatiewe aspekte van die lewe te hanteer en te aanvaar om as `n geïntegreerde wese te ontwikkel. Gestaltterapie is dus daarop gerig om polariteite te integreer ten einde die mens beter te laat funksioneer en te verseker dat elke deel van die polariteit sy plek vind in `n goed-geïntegreerde persoonlikheid (Thompson & Rudolph, 2000:119).

Volgens Blom (2004:34) veroorsaak polariteite verwarring binne die kind self. Kinders onder die ouderdom van ses jaar verstaan polariteite moeilik, wat tot `n gefragmenteerde bestaan lei deurdat hulle negatiewe emosies ontken. Lewis (1999:150), asook Dyregrov (1991:43) noem dat gevoelens soos woede, hartseer en verwarring deel is van `n kleuter se emosionele reaksie na die dood van `n ouer. Kleuters het egter beperkte vermoëns om hul gevoelens te verbaliseer wat daartoe lei dat hulle hul emosies onderdruk. Volgens Schoeman (1996a:35) word emosies by kinders gedurig teenoor mekaar gestel. Kleuters voel verward deurdat hulle nie kan verstaan hoe dit moontlik is dat hulle liefde en haat teenoor dieselfde persoon kan ervaar nie.

Volgens Oaklander (1988:158) kan tekeninge, klei en biblioterapie tydens gestaltterapie gebruik word om die kind te help om polariteite te integreer. Alhoewel die kleuter beperkte vaardighede het om polariteite te verstaan, kan sy bewustheidsvlakke tydens terapie verhoog word om hom te help om homself in sy situasie te posisioneer.

### 3.2.3.5 Kontak en kontakgrensversteurings

Gesonde kontak behels interaksie tussen die individu en die omgewing. Dit impliseer die gebruik van sintuie (sien, hoor, voel, proe en ruik); bewustheid van en geskikte gebruik van aspekte van die liggaam; die vermoë om emosies op gesonde wyses uit te druk en die benutting van die intellek in sy verskeie vorme soos leer, uitdrukking van idees, denke, nuuskierigheid, behoeftes en afkeure. Indien enige van hierdie modaliteite geïnhibeer, beperk, afgesny of op `n manier geblokkeer word, ly goeie kontak skade (Oaklander, 1999:163; Schoeman, 1996a:54). Kontak het te make met die vermoë om ten volle teenwoordig te wees in `n situasie met al die aspekte van die organisme teenwoordig naamlik sintuie, intellektuele vermoëns en emosionele uitdrukking van die liggaam (Oaklander, 1997:294). Thompson en Rudolph (2000:380) noem die volgende:
"When children are anxious or troubled, they do not use their senses fully. They block emotions and inhibit contact. Gestalt therapy includes exercises and experiences that involve the senses and the expression of feelings."

Volgens Oaklander (1993:290) is die verhouding en kontak tussen die terapeut en kind twee belangrike voorvereistes vir verdere terapie. Sonder `n verhouding is verdere intervensie vrugteloos. `n Goeie terapeutiese verhouding tussen die terapeut en die kleuter dien dus as grondslag in die hulpverleningsproses. Oaklander (1999:163) noem dat gesonde kontak `n gevoel van veiligheid aan die kind bied. Oaklander (2006:141) maak die volgende stelling: "The child must be allowed time to withdraw from contact as

needed. It is the therapist`s responsibility to be fully contactful with the child, regardless of the child`s inability to do so." Die navorser is van mening dat goeie kontak bewerkstellig word wanneer die kleuter op sy vlak deur die terapeut begelei word tot bewustheid van homself, aangesien hy nie oor die vaardighede beskik om dit self te doen nie.

Volgens Polster en Polster (in Oaklander, 1999:163) is die kontakgrens die punt waar die individu die "ek" in verhouding tot dit wat nie "ek" is nie, ervaar en deur hierdie kontak word beide meer duidelik ervaar. As gevolg van omstandighede, byvoorbeeld wanneer `n kleuter verlies ervaar na die dood van `n ouer, kan die kleuter verskeie ongepaste gedragspatrone en simptome ontwikkel wat daartoe lei dat kontak vermy en die 'self' beskerm word. Die navorser is van mening dat die gestaltterapeut op die kleuter se weerstand teen kontak tydens terapie moet fokus. Vanuit die gestaltbenadering word weerstand gesien as die verdediging wat die individu opbou wat hom daarvan weerhou om die huidige ten volle en werklik te beleef. Ego-verdedigingsmeganismes kan die mens daarvan weerhou om eerlik en opreg te wees (Thompson & Rudolph, 2000:165). Gestaltterapie beskryf vyf vorme van weerstand wat ook beskou kan word as kontakgrensversteurings. Die kontakgrensversteurings wat veral by kinders aangetref word sluit die volgende in:

- **Introjeksie**

Introjeksie is die proses waardeur die individu inhoude (soos waardes, norme en eise) vanuit sy omgewing as deel van sy persoonlikheid opneem, sonder enige evaluering, diskriminasie of assimilasie daarvan (Oaklander, 1994:145). Die kind ontwikkel dus `n geloofsisteem oor wie en wat hy is en wie hy veronderstel is om te wees en aangesien hierdie inhoude nie werklik deur die kind geassimileer word nie, bly dit onverwerk en vreemd vir hom. `n Kleuter binne die Zoeloe-kultuur wat verlies ervaar na die dood van `n ouer, ontwikkel moontlik `n geloofsisiteem oor die wyse van hantering van emosies, wat hy by ouers of die kultuur waarbinne hy grootword, geleer het. Dit is nie noodwendig die kleuter se eie manier van verlieshantering nie en die navorser is van mening dat dit konflik binne die kleuter self kan veroorsaak.

- **Projeksie**

Kinders gebruik verskeie verdedigingsmeganismes om onaanvaarbare wense en behoeftes te hanteer. Projeksie is `n verdedigingsmeganisme wat deur alle kinders gebruik word. Volgens Minne (1997:69) is projeksie die neiging van `n individu om die

omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan. Soos introjeksie die neiging is om die self `n gasheer te maak van wat deel is van die omgewing, is projeksie die neiging om die omgewing gasheer te maak van wat deel is van die self (Joubert, 1997:95). Volgens Clark en Fraser (in Schoeman, 1996b:64) is projeksie om jouself te verbeel dat jou eie gevoelens aan iemand anders behoort. Projeksie is dus die verskynsel waar onaanvaarbare of ongewenste gedrag, gevoelens en drange aan ander objekte of persone toegeskryf word. `n Kleuter wat verlies ervaar na die dood van `n ouer, kan moontlik almal om hom vir dit wat hy moet deurmaak blameer, aangesien dit vir hom moeilik is om self sy emosies rondom die verlies, te hanteer. Blom (2004:78) noem dat die jonger kind hulp benodig om hul projeksies te besit. Volgens die navorser moet projeksies baie versigtig hanteer word tydens terapie, aangesien kleuters juis van projeksie gebruik maak as verdedigingsmeganisme aangesien dit vir hulle te moeilik is om sekere aspekte te erken as deel van hulself.

- **Retrofleksie**

Volgens Polster en Polster (in Oaklander, 1999:164) is retrofleksie die proses waar die individu aan homself doen wat hy eerder aan ander sou wou doen of, wanneer die individu aan homself doen wat hy eerder sou wou hê ander moet aan hom doen. Hierdie wanfunksionering geskied onbewustelik en deel van gestaltterapie is om die individu te help om `n self-regulerende sisteem te ontwikkel, sodat realisties met die wêreld omgegaan kan word. Volgens Corey (2000:311) kan retrofleksie gedurende die inisiële fase van groepwerk waargeneem word deur die neiging van sommige lede om "terug te hou" deur baie min te praat en om min emosie te toon. Hierdie energie wat teruggehou word, veroorsaak gewoonlik psigosomatiese simptome soos hoofpyn en maagpyn, wat dikwels by kleuters waargeneem kan word (Corey, 2000:311).

- **Defleksie**

Wanneer die onderwerp in `n gesprek doelbewus verander word is daar sprake van defleksie. Defleksie is dus `n metode om kontak te vermy met dit wat ongemaklik is om te hanteer. Volgens Corey (2000:311) sluit defleksie, introjeksie en projeksie as deel van `n ketting van gedrag in. `n Introjek van byvoorbeeld 'jy mag nie hartseer wees nie' kan lei tot deflektiewe gedrag in hartseer situasies. Defleksie kan dan `n alternatief wees om geïntrojekteerde reëls na te kom. Die navorser is van mening dat vermyding van oogkontak of die verandering van `n onderwerp, `n manier is waarop die kleuter kan poog om aandag van homself af te lei. Sodoende het dit `n verminderde emosionele ervaring

tot gevolg. 'n Kleuter wat verlies ervaar na die dood van 'n ouer is dikwels nog nie reg om die verlies te hanteer nie en vermy alle moontlike kontak daarmee. Die navorser is van mening dat gesonde kontak noodsaaklik is in die vervulling van voorgrondbehoeftes tydens die hantering van enige probleem. Die kleuter wat verlies ervaar benodig hulp om doeltreffende kontak met homself en sy omgewing te bereik en te handhaaf ten einde die invloed van verlies, doeltreffend te hanteer.

- **Samevloeiing**

Samevloeing beteken dat die individu geen grense tussen hom en sy omgewing ervaar nie (Joubert, 1997:96). Thompson en Rudolph (2000:165) stel dit soos volg: "People may incorporate too much of themselves into others or incorporate so much of the environment into themselves that they lose touch with where they are. Then the environment takes control." Oaklander (2006:166) maak die volgende stelling oor jong kinders: "...they absorb numerous messages about themselves – they believe everything they hear about themselves since they do not have the cognitive ability to discard what is false and doesn't fit for them."

Oaklander (1999:164) noem dat bogenoemde simptome en gedrag die wyse is waarop die kind poog om homeostase te bereik. Kontakgrensversteurings word dus gebruik wanneer die kind poog om sy omgewing te beheer. Blom (2004:20) noem die volgende:

> Healthy functioning implies that children must be capable of relevant contact and withdrawal with the environment in order to complete the gestalt on their foreground and to effect organismic self-regulation. Younger children do not have the capability to satisfy needs on their own and still need a lot of help from adults in their life in this regard.

Tydens gestaltgroepwerk word die groeplede aangemoedig om toenemend bewus te word van hul dominante styl om kontak te blokkeer (Corey, 2000:312; Thompson & Rudolph 2000:167). Volgens Thompson en Rudolph (2000:380) blokkeer kinders meestal hul emosies wanneer hulle gespanne is. Die navorser is van mening dat kontakgrensversteurings makliker identifiseer kan word, wanneer die jong kind in verhouding staan tot ander soos in die geval van groepwerk. Die jong kind benodig egter die hulp en leiding van volwassenes vir doeltreffende kontak, aangesien hul vermoëns beperk is (Blom, 2004:20).

### 3.2.4 Perls se vyf lae van doeltreffende kontak

Volgens Minne (1997:72) behoort die terapeut in gestaltterapie daartoe in staat te wees om elke kind se unieke proses waar te neem en dit af te stem op die terapeutiese proses. Volgens Blom (2004:35) het Perls die struktuur van die persoonlikheid beskryf in vyf lae van neurose wat aandui hoe mense hulle lewe kan fragmenteer en sodoende nooit sukses bereik nie. Yssel (1999:94) beweer dat `n persoon deur hierdie lae moet groei om doeltreffende kontak te bereik. Volgens Thompson en Rudolph (2000:166) vorm die vyf lae `n reeks terapeutiese stadiums vir die terapeutiese proses. Die navorser is van mening dat hierdie vyf lae die kind se innerlike proses kan verteenwoordig soos wat daar deur die terapeutiese proses beweeg word. Tydens die terapeutiese intervensie, vind daar `n verandering in die kind self plaas. Die kind beweeg sodoende deur die verskillende lae van verandering (Thompson & Rudolph, 2000:166). Tydens terapie met die kleuter moet hy begelei word om deur hierdie lae te beweeg om kontak met homself en die omgewing te maak, aangesien sy kognitiewe vaardighede beperk is. Volgens die navorser ervaar die jong kind hierdie proses nie altyd bewustelik nie en benodig hy die hulp van `n terapeut. Die vyf lae van neurose bied egter `n riglyn wat die terapeut tydens gestaltterapie met die kleuter kan gebruik om sy unieke proses waar te neem.

#### 3.2.4.1 Die valse laag

Verskeie konflikte wat `n persoon nog nie opgelos het nie kom in hierdie laag voor (Minne, 1997:72; Yssel, 1999:95; Thompson & Rudolph, 2000:166; Blom, 2004:35). Die laag word gekenmerk deur onopgeloste konflikte, aangesien die kind probeer om iets voor te gee wat hy nie is nie. Die kleuter is egosentries en wanneer hy blootgestel word aan trauma (naamlik verlies) is hy geneig om negatiewe introjekte kritiekloos te aanvaar. Om bewuswording van hierdie laag by die kleuter te fasiliteer is `n goeie terapeutiese verhouding uiters noodsaaklik. Volgens Blom (2004:35) word kinders wat in die valse laag funksioneer direk beïnvloed deur die omgewing, byvoorbeeld die ouers se hantering van die kind se emosies en die reëls vir die openbaring van emosies binne `n spesifieke kultuur. Binne die Zoeloe-kultuur word daar min geleenthede vir kleuters geskep om uiting aan hul emosies tydens `n verlies-situasie te gee (Kuhlase, 2007). Lewis (1999:150) noem dat emosies soos woede, hartseer en verwarring deel is van `n kleuter se emosionele reaksie na die dood van `n geliefde. Die kleuter binne die Zoeloe-kultuur ervaar dus sekere emosies na die verlies van `n ouer en word min geleentheid gegee om uiting aan sy gevoelens te gee nie. Bogenoemde kan tot onopgeloste konflikte by kleuters binne die Zoeloe-kultuur na die verlies van `n ouer, bydra. Volgens Blom (2004: 36) het die jong kind beperkte vermoëns om hierdie teenstrydige emosies te verstaan. Die

terapeut moet volgens die navorser dus deurgaans bewus wees van bogenoemde, sodat die kleuter se gedrag in konteks gesien kan word van sy innerlike proses.

#### 3.2.4.2 Die fobiese laag

Tydens dié fase ontken of vermy die kind negatiewe aspekte van die self (Thompson & Rudolph, 2000:166; Blom, 2004:36; Minne, 1997:73). Die navorser is van mening dat hierdie fase met baie angstigheid gepaard gaan, aangesien die kind bewus gemaak word van die valsheid in sy lewe, maar nie weet hoe om dit te verander nie. Blom (2004:37) beweer dat ten spyte van die angs wat kinders ervaar oor die vals laag, hulle weerstand toon om gedrag te verander in die fobiese laag. Die kind bly dus in die rolle wat hy tydens die vals laag aangeneem het, funksioneer. Die spelterapeut moet dus volgens die navorser die kleuter se vrese, sowel as angs weens verlies binne die veiligheid van die terapeutiese vehouding hanteer. Weens die kleuter se beperkte kognitiewe vermoë, om hierdie proses bewustelik te ervaar benodig hy die hulp van volwassenes.

#### 3.2.4.3 Die impasse laag

Thompson en Rudolph (2000:166), sowel as Blom (2004:37) noem dat die kind in hierdie laag nie `n beter manier ken om sy vrese te hanteer nie. Volgens die navorser is dit moontlik dat daar tydens dié fase `n hoë mate van weerstand kan voorkom, aangesien die kind onseker is oor wat om verder te verwag. Blom (2004:37) noem dat hierdie laag gekenmerk word deur weerstand, maar dat die weerstand nie dui op die kind se onwilligheid om deel te neem aan die terapeutiese proses nie, maar eerder dui op `n verlies aan kontak. Volgens Oaklander (2006:170) voel jong kinders meestal dat daar nie na hulle geluister word nie, aangesien hulle nie oor die vaardighede en woordeskat beskik om te sê wat hulle wil nie. Daar moet dus aan jong kinders gekommunikeer word dat hulle verstaan word en ondersteuning moet aan hulle gebied word. Volgens die navorser is die atmosfeer binne `n groep voordelig vir die kleuter wat deur dié fase beweeg, aangesien daar altyd iemand anders is wat soortgelyke situasie soos hy ervaar.

#### 3.2.4.4 Die implosiewe laag

Die kind raak tydens die fase bewus van die wyse waarop hy homself inperk en begin met nuwe gedrag eksperimenteer (Minne, 1997:73; Yssel, 1999:96; Thompson & Rudolph, 2000:166; Blom, 2004:38). Die kind het weerstand oorbrug en ontdek nuwe kragte in homself. Volgens Blom (2004:38) is kinders tydens hierdie fase ten volle bewus van hulle eie gedrag en emosies, maar ervaar hulle `n tekort aan energie om verantwoordelikheid daarvoor te neem en iets daaraan te doen. Dit is volgens die navorser belangrik om nog

steeds op bemagtiging te fokus en die vertrouensverhouding tussen terapeut en die kleuter is baie belangrik, aangesien dit nog steeds 'n fase van onsekerheid is. Al die kontakgrensversteurings moet in hierdie laag uit die weg geruim word. Die kleuter benodig egter hulp aangesien sy vermoëns beperk is.

#### 3.2.4.5 Die eksplosiewe laag

Wanneer daar na hierdie laag beweeg word, raak die kind betrokke by die loslating van gevoelens. Tydens hierdie fase het kinders die energie om verantwoordelikheid vir hulle gedrag en emosies te neem (Thompson & Rudolph, 2000:166; Blom 2004:38). Volgens Yssel (1999:97) kan die kind hierdie fase bereik wanneer nuwe gedrag waarmee daar tydens die vorige fase geëksperimenteer is, suksesvol blyk te wees. Kinders raak nou bewus van die emosies wat hulle openbaar en onderdruk. Onvoltooidhede kan dus begin oplos (Blom, 2004:39). Oaklander (2006:172) is van mening dat daar in gedagte gehou moet word dat die jong kind steeds egosentries is en dat hy nie oor die vermoë beskik om ander se emosies te begryp nie. Oaklander (2006:172) maak die volgende stelling: "...angry expressions are a child's way of expressing the SELF. He does not have the cognitive ability developmentally to be diplomatic nor does he have the words for what he wants to say." Kleuters is volgens die navorser nie in staat om verantwoordelikheid vir hul eie gedrag en emosies te aanvaar nie en benodig die hulp van volwassenes.

Aan die begin van die gestaltterapeutiese proses funksioneer kleuters normaalweg in die vals laag, waar hulle gedrag hoofsaaklik deur eksterne invloede en introjekte gelei word. Wanneer hulle bewus gemaak word van hul onvoltooidhede ervaar hulle angs, aangesien hulle nie weet hoe om hulle behoeftes op 'n ander wyse te bevredig nie. Hierdie angs lei tot die weerstand wat in die 'impasse laag' gevind word. Die kleuter steun op die terapeut om keuses te maak vir toekomstige gedrag en bevrediging van behoeftes. Tydens die 'implosiewe laag' kan die kleuter gehelp word om met nuwe gedrag te eksperimenteer. Kleuters het egter beperkte vermoëns om verantwoordelikheid te aanvaar om gedrag te verander tydens die eksplosiewe laag en benodig die hulp van volwassenes; selfs nadat die terapie getermineer word.

Tydens groepwerk met die kleuter moet die terapeut 'n proses fasiliteer waar bogenoemde fases deurgewerk kan word. Dit is noodsaaklik vir die terapeut om sensitief te wees vir elke kleuter se proses, sowel as die kultuur waarbinne die kleuter grootword. Intervensiestrategieë wat van toepassing is op die kleuterfase moet ontwerp word waardeur die kleuter bygestaan kan word om vanaf die vals laag tot die eksplosiewe laag

te beweeg. Tydens intervensie met die kleuter moet die kultuur waarbinne die kleuter grootword ook in ag geneem word.

### 3.2.5 Enkele spelterapietegnieke wat tydens die gestaltbenadering gebruik kan word

Thompson en Rudolph (2000:179) noem dat dit die gestaltterapeut se verantwoordelikheid is om bewus te wees van sekere struikelblokke om gestaltterapie binne 'n ander kultuur toe te pas. Volgens Thompson en Rudolph (2000:370) is navorsing oor die terapeutiese behoeftes van verskeie kulturele groepe egter beperk. Die navorser is van mening dat terapeute bereid moet wees om tegnieke en prosedures aan te pas om aan die behoeftes van kleuters binne verskillende kulture te voldoen.

Fisher, James en Kinson (in Thompson & Rudolph, 2000:363) bespreek vier faktore wat belangrik is vir suksesvolle terapie binne die multikulturele opset:

- Daar moet 'n goeie verhouding tussen die terapeut en die kliënt wees.
- Geen aannames moet gemaak word nie. Inligting moet gereeld versamel en bevestig word.
- Die terapeut moet sensitief wees vir die kliënt se behoeftes en verwagtinge.
- Die terapeut moet bereid wees om by die behoeftes van die kliënt aan te pas.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat gestaltterapie moontlik is binne die Zoeloe-kultuur, mits die terapeut genoeg kennis dra van die kultuur en bereid is om tegnieke en prosedures aan te pas tydens terapie. Verskeie gestaltterapietegnieke sal vervolgens bespreek word.

#### 3.2.5.1 Sensoriese kontakmaking

Volgens Blom (2004:98) het die ontwikkeling van sensoriese en liggaamlike bewustheid, spesifieke terapeutiese waarde vanuit die gestaltbenadering, aangesien dit bydra tot die kind se holistiese funksionering as 'n eenheid. Clarkson (in Blom, 2004:98) noem dat individue tot 'n groot mate hul sensoriese bewustheid verloor as gevolg van trauma. Yssel (1999:109) is van mening dat 'n kind weens 'n verlies aan bewustheid kontak met sy gevoelens en behoeftes verloor. Sensoriese kontakmaking is 'n voorvereiste vir 'n kind om in kontak met homself te kom. Die kind kan bewus gemaak word van sy emosies wat

hy op 'n spesifieke oomblik voel, deur op die kind se sensoriese en liggaamlike kontakmaking te fokus tydens terapie (Oaklander, 1988:109). Deur middel van sensoriese kontakmaking word beheer aan die kind teruggegee deur hom in kontak met homself te bring. Die volgende tabel is 'n opsomming van aktiwiteite wat tydens sensoriese bewustheid gebruik kan word (Oaklander, 1988:109-135; Thompson & Rudolph, 2000:174; Blom, 2004:101-107).

**Tabel 3: Sensoriese bewustheid**

| Sintuie | Tegnieke om bewustheid te verhoog |
|---|---|
| Tas | Klei, vingerverf, sand en water is mediums wat gebruik kan word om 'n kind se tassintuie te verhoog. Kinders kan verskeie objekte in 'n sak identifiseer. |
| Sig | Objekte kan deur water, sellofaan en glas bekyk word. Kinders kan hulself in die spieël bekyk. |
| Gehoor | Musiekinstrumente kan emosies ontlok wat onderdruk is. Daar kan na musiek geluister word en verskillende geluide of slaginstrumente kan uitgeken word. |
| Reuk | Daar kan bepaal word of kinders verskeie reuke kan identifiseer. |
| Smaak | Verskillende smake kan geproe word en 'n gesprek oor harde en sagte kos kan gevoer word. |

**3.2.5.2 Projeksietegnieke**

Ten einde die kind in staat te stel om sy emosies uit te druk, word daar van projeksietegnieke gebruik gemaak. Projeksie kan ook beskou word as verskeie spelvorme wat aangewend word in die hantering van die kind deurdat geleentheid geskep word vir die kind om met die spelterapeut te kommunikeer, gevoelens te ventileer en deur onvoltooidhede te werk. Daar is 'n verskeidenheid projeksietegnieke wat die spelterapeut kan gebruik. Oaklander en Owmby (in Thompson & Rudolph, 2000:176) het verskeie gestalttegnieke vir kinders aangepas om bewustheid te bevorder, naamlik die roosboomtegniek, die monstertegniek, en die leëstoeltegniek. Oaklander se 14 stappe kan as model benut word tydens die aanwending van projeksietegnieke. Volgens Kuhlase (2007), asook Malherbe (in Richter & Müller, 2005:1007) kan kleuters binne die Zoeloekultuur moontlik die aanwending van projeksietegnieke as vreemd ervaar, aangesien

enige terapie vir hulle vreemd is. Die vorme van spel waarbinne projeksietegnieke gebruik kan word sal vervolgens bespreek word.

### 3.2.5.2.1 Kreatiewe spel

Volgens Galligan (2000:170) ontdek die kind homself deur middel van kreatiwiteit en spel. `n Kleuter het nie die verbale vaardighede om homself teenoor `n volwassene uit te druk nie. Die navorser is van mening dat die kleuter deur middel van kreatiewe spel die geleentheid gebied word om homself uit te druk en om sy gevoelens te projekteer.

- **Teken**

Teken is `n projeksietegniek wat die kind in staat stel om `n beeld van sy lewe te skep soos hy dit ervaar. Volgens Finestone (2002:5) is kindertekeninge so verskillend en individueel dat elkeen `n uitdrukking moet wees van persoonlike bewuste en onbewuste prosesse. Die kleuter kan sy ongewenste gevoelens en wense in sy tekeninge projekteer. Die terapeut het dus die geleentheid om rondom hierdie projeksie te eksploreer. Verskeie outeurs (Minne, 1997:84; Schoeman 1996b:71; Oaklander, 1988:177) beweer ook dat teken op verskeie maniere aangewend kan word om projeksie aan te moedig. Oaklander (1988:63) noem dat `n verskeidenheid van teken materiaal aan die kind beskikbaar gestel moet word. Die kind moet aangemoedig word om `n keuse te maak. Die kind kan gevra word om `n roosboom, `n monster, sy familie, drome en vele meer te teken. Hierdie tekentegnieke laat dus die kleuter toe om sy projeksies bekend te maak wat volgens die navorser die geleentheid bied om onvoltooidhede te hanteer. Volgens Kuhlase (2007) is teken nie vreemd binne die Zoeloe-kultuur nie. Alhoewel kleuters binne die Zoeloe-kultuur in laer sosio-ekonomiese groepe minder toegang het tot `n verskeidenheid tekenmateriaal, geniet hulle dit om te teken. Volgens die navorser sal tekentegnieke dus suksesvol aangewend kan word by die kleuter binne die Zoeloe-kultuur.

Verskeie skrywers sien die voordele van tekeninge soos volg (Oaklander, 1988:177; Schoeman, 1996b:74; Blom 2004:147):

- ✓ `n Kind se tekeninge weerspieël sy lewensverhaal, sy emosies, sy onvervulde voorgrond behoeftes en polariteite.
- ✓ Dit fasiliteer kommunikasie tussen die kind en die spelterapeut ten spyte van onderdrukte gevoelens en weerstand wat die kind mag hê.
- ✓ Tekeninge bied geleentheid tot selfuitdrukking, spontaniteit en kreatiwiteit.

- ✓ Tekeninge as projeksiemedium bied geleentheid aan die kind om sy gevoelens en idees op die skepping te projekteer.
- ✓ In spelterapie is die akkuraatheid van die tekening nie van belang nie. Daarom bied dit aan die kind geleentheid om gevoelens van beheer en toereikenheid te ervaar deur die voltooiing van `n taak.
- ✓ Tekeninge reflekteer dikwels die kind se gevoelens teenoor homself en sy omgewing, dit maak stellings rondom dit wat in die kind se lewe aangaan en bied `n veilige uitlaatklep vir emosies.

- **Klei**

Klei word gereken as een van die mees terapeutiese hulpmiddels om uitdrukking aan emosies te gee. Volgens Geldard en Geldard (2002:156), asook Blom (2004:162) kan klei gebruik word om die kind in staat te stel om innerlike gevoelens op die klei te projekteer. Die kleuter kan sodoende gehelp word om onderliggende probleme te identifiseer en te hanteer. Geldard en Geldard (2002:157) noem dat klei `n waardevolle hulpmiddel is om kinders te help wat hulself emosioneel afgesluit het en emosioneel afgestomp is. Innerlike prosesse word openbaar, aangesien die tassintuig en spiere gestimuleer word. Vir kleuters wat verlies ervaar kan klei dus baie waardevol wees, aangesien dit hulle in kontak bring met hulle innerlike prosesse en hulle toelaat om deur belangrike interne prosesse te werk.

Volgens Oaklander (1988:67) is daar nie spesifieke reëls by kleiwerk nie. `n Kind kan iets uit klei skep en die skepping kan sonder meer vernietig word wanneer die kind ontevrede is daarmee. Dit gee die kind die gevoel van beheer en hy kan in kontak kom met sy emosies. Klei bied dus ook die gevoel van bemeestering. Klei is ook `n goeie skakel tussen die verbale en nie-verbale uitdrukking van die kind. Klei is dus `n terapeutiese projeksiemedium om aan die kind die geleentheid te bied om sowel sensoriese kontak te versterk en om op `n kreatiewe wyse sonder vrees vir mislukking emosionele uitdrukking te bereik (Yssel, 1999:135).

- **Sand**

Volgens Miller en Boe (in Blom, 2004:152) kan sandbak-werk as `n vorm van nie-direktiewe projeksiespel beskryf word. Volgens Geldard en Geldard (2002:150) kan die sandbak aangewend word om die kind die geleentheid te gee om ervarings in sy lewe te herproduseer en ook moontlikhede vir die toekoms te eksploreer deur fantasie. Tydens

terapeutiese werk in die sandbak kan die kleuter gevra word om enige objekte in die sand te maak en die terapeut kan verdere instruksies gee. Volgens Yssel (1999:137) is dit belangrik om 'n verskeidenheid objekte soos byvoorbeeld diere, mense, bome en motors te hê vir die sandbak. Die navorser stem met bogenoemde ooreen, aangesien die verskeidenheid objekte die kleuter optimale geleentheid gee om sy gevoelens in die sandbak te projekteer. Die kind kan ook gevra word om sekere situasies in sy lewe in die sandbak uit te beeld (Geldard & Geldard, 2002:151). Die kleuter kan dus sy wense en fantasieë projekteer op die objekte wat in die sandbak gebruik word en ook die situasie manipuleer om sodoende oplossings te vind en deur emosies te werk. Aangesien die fantasieë gebruik kan word om onderdrukte emosies na die voorgrond te bring is die navorser van mening dat die sandbak 'n uitstekende projeksietegniek is. Alternatiewe oplossings kan ook gevind word vir die probleem.

#### 3.2.5.2.2 Bibliospel

Bibliospel is volgens die navorser die gebruik van boeke en ander leesstof om die kleuter te help om te groei en probleme te hanteer. Volgens Nichol en Scheffer (1994:12) kan bibliospel omskryf word as 'n proses waartydens 'n dinamiese interaksie tussen die persoonlikheid van die leser en die leesstof plaasvind wat aangewend kan word vir persoonlikheidsevaluering. Volgens Thompson en Rudolph (2000:85) kan kinders emosioneel betrokke raak by die karakters waarvan hulle lees. Kinders projekteer hul eie emosies op die karakters en vind sodoende oplossings vir probleme en onvoltooidhede. Van der Merwe (1996a:108) dui aan dat biblospel nie net die lees van 'n boek behels nie, maar die gebruik van 'n lewensboek, briewe, tydskrifte, dagboeke en kalenders insluit. Die navorser is van mening dat wanneer die terapeut agtergrondsinligting het oor die kind, stories spesifiek gekies kan word om sekere onvoltooidhede en probleme aan te spreek.

Nichol en Scheffer (1994:14) identifiseer verskeie fases waardeur die kind tydens biblioterapie beweeg. Hierdie fases sluit die volgende in:

*Identifikasie:* Die kind vereenselwig homself met die karakters in die storie en kom so tot die ware besef van sy probleem.

*Projeksie:* Die kind verplaas onbewustelik sekere ongewenste drange, behoeftes en gevoelens op die karakters om so ontslae te raak daarvan.

*Veralgemening:* Die kind kom tot die besef dat hy nie alleen die probleem ervaar nie en neem waar hoe die karakter die probleem oplos.

*Katarsis:* Die kind kry die geleentheid om oor die probleem te praat en te redeneer.

*Insig:* Die kind ontwikkel insig ten opsigte van sy eie probleem wat die geleentheid bied om `n oplossing te vind.

Volgens Van der Merwe (1996a:115) kan biblioterapie ook op die volgende wyses aangewend word om projeksie aan te moedig:

- Stories kan deur die kind ontwikkel word.
- `n Reeks prente kan geteken word om `n storie te vertel.
- `n Gevoel of emosie van die karakter kan demonstreer word in spel.
- `n Alternatiewe einde vir die storie kan ontwikkel word.

Bibliospel is dus `n waardevolle tegniek vir die aanmoediging van projeksie, om onvoltooidhede te hanteer. Volgens die navorser kan bibliospel ook effektief aangewend word met die kleuter wat verlies ervaar na die dood van `n ouer. Kuhlase (2007) stem saam met bogenoemde stelling en noem dat bibliospel effektief aangewend kan word binne die Zoeloe-kultuur, aangesien dit kleuters die geleentheid bied om hul emosies te ontlont. Denis (2003:3) noem dat dit `n effektiewe manier is om kleuters binne die Zoeloe-kultuur stories te laat vertel oor die oorledene. Hierdie stories word dan opgeneem en in `n boek saamgestel. Die kleuter kry sodoende die geleentheid om die verlies wat hy ervaar oor te vertel en terapeuties daardeur te werk.

**3.2.5.2.3 Drama**

Drama word gebruik in spelterapie om vir die kind `n alternatiewe manier van kommunikasie te skep. Oaklander (1988:137) verduidelik die nut van sosio-drama soos volg:

> Play acting helps children get closer to themselves by giving them permission to go out of themselves. This seemingly contradictory statement actually makes sense. In play acting children never in truth leave themselves; they use more of themselves in the improvisational experience.

Wanneer die kleuter deur middel van drama `n aksie improviseer gebruik hy verskillende aspekte van homself in die proses. Hy gebruik sy verstand, sy liggaam en sy emosies om sy punt te stel. Deur kreatiewe drama ontwikkel die kleuter `n totale bewustheid van homself, sy liggaam, verbeelding en sintuie. Oaklander (1988:138) is van mening dat die gebruik van gesigsuitdrukkings en liggaamsbewegings sonder woorde die kind se sensoriese bewustheid verhoog, wat weer die kind beter in kontak bring met sy emosies.

Ghiaci, Richardson en Porter (in Van der Merwe, 1996b:128) verskaf die volgende voordele wat gedramatiseerde spel inhou:

- Dit gee die kind die geleentheid om op `n nie-bedreigende manier van sy emosies ontslae te raak.
- Deur ervaringe uit te speel kom hy in kontak met die realiteit.
- Gedramatiseerde spel skep `n spesiale manier van kommunikasie tussen die terapeut en kind.
- In gedramatiseerde spel kan die kind sy wêreld omskep soos hy dit graag wil hê.
- Deur `n spesifieke gebeurtenis oor en oor uit te speel, kan die kind insig verkry oor sekere aspekte van die gebeurtenis. Die kind se vrae word dikwels beantwoord gedurende gedramatiseerde spel.

Kreatiewe spel, bibliospel en drama is dus verskeie mediums wat benut kan word om kinders die geleentheid te bied om emosies te ontlaai en terselfdetyd verhoog dit bewustheid. Kuhlase (2007), asook Denis (2003:3) is van mening dat die bogenoemde tegnieke suksesvol tydens groepwerk met die kleuter binne die Zoeloe-kultuur aangewend kan word.

## 3.3 GESTALTGROEPWERK

Thompson en Rudolph (2000:417) noem dat volwassenes, sowel as kinders as lede van `n groep in hul alledaagse lewe funksioneer. Volgens Keitel, Kopala en Robin (1998:159) is 'bereavement groups' een meganisme vir kleuters om sosiale ondersteuning te verkry na die dood van `n ouer, sonder dat hulle op die ondersteuning van die oorblywende ouer hoef staat te maak. Baie ouers vermy dit om oor die dood te praat in `n poging om hul kleuters en hulself teen verdere trauma te beskerm. Binne die Zoeloe-kultuur is dit kenmerkend dat daar nie emosioneel deur die dood gewerk word nie. Nadat die begrafnisrituele afgehandel is, word daar nie weer oor die dood gepraat nie (Richter & Müller, 2005:1007). Keitel *et al.* (1998:162) noem dat kinders die risiko loop om gekompliseerde gedrag en rou te ontwikkel, wanneer hulle nie professionele hulp ontvang nie. Volgens die navorser bied gestaltgroepwerk aan kleuters, ongeag hul kultuur die geleentheid om in kontak te kom met hul gevoelens rakende die verlies van `n geliefde en die dood self.

Volgens Corey (2000:304) is gestaltterapie `n fenomenologiese benadering, aangesien dit fokus op individuele persepsies van die wêreld en hoe die individu bydra tot die skepping

van sy eie ervaringe. Gestaltterapie is dus ervarings-georiënteerd in sodanig die groeplede in kontak kom met wat en hoe hulle dink, voel en doen, terwyl hulle in interaksie is met ander groeplede. Lubetsky (in Keitel *et al.*, 1998:163) noem dat spelaktiwiteite kinders die geleentheid bied om emosies binne `n veilige omgewing deur te werk. Kuhlase (2007), asook Mbatha (2008) noem dat baie min kleuters binne die Zoeloe-kultuur in laer sosio-ekonomiese gebiede die geleentheid het om emosies te deur middel van terapie te ontlont. Gestaltgroepwerk deur middel van spelterapie is volgens die navorser `n uitstekende metode om die kleuter binne die Zoeloe-kultuur wat verlies ervaar na die dood van `n ouer, te ondersteun en te bemagtig.

### 3.3.1 Doelstelling van gestaltgroepwerk

Die basiese doelstelling van gestaltgroepwerk is volgens Corey (2000:304), om `n omgewing te skep wat groeplede in staat stel om bewustheid van wat hulle doen en ervaar, te verhoog. Oaklander (1988:288) meld die volgende as addisionele doelstelling van gestaltgroepwerk met kinders:

> The group is `n place for the child to become aware of how he interacts with other children, to learn to take responsibility for what he does and to experiment with new behaviours. In addition every child needs connection with other children, to know that others have similar feelings and similar problems.

Oaklander (2006:172) beweer dat: "...developmentally a young child is still egocentric, especially when emotions are involved, and he has trouble understanding another`s point of view." Tydens gestaltgroepwerk met kleuters moet daar dus `n proses gefasiliteer word waar die groeplede hul ervarings met mekaar deel, aangesien hulle beperkte vermoëns het. Toseland en Rivas (2001:157) noem dat die doelstelling van `n groep breed genoeg moet wees sodat individuele lede hul doelwitte kan bereik.

#### 3.3.1.1 Tentatiewe doelwitte vir die gestaltgroepwerk reeks

Zinker (in Corey, 2000:307) lig die volgende doelstellings vir die groeplede as geheel uit:

- Om helder en duidelike vrae te rig ten opsigte van eie behoeftes.
- Om konflik in groepsverband te hanteer.
- Om ondersteuning aan mekaar te bied.
- Om mekaar uit te daag tot verandering en uitbreiding van insig en grense.
- Om wedersydse vertroue en `n atmosfeer vir werk te skep.
- Om van die groep in plaas van die leier gebruik te maak vir probleemoplossing.

Die gestaltterapeut moet in gedagte hou dat kleuters se kognitiewe vermoëns te beperk is om bogenoemde doelwitte suksesvol te implementer. Die navorser het die volgende doelwitte vir die gestaltgroepwerkreeks wat tydens die studie met kleuters wat verlies ervaar binne die Zoeloe-kultuur, geformuleer:

- Om `n groepproses te fasiliteer waar die lede veilig voel om te groei en te leer van mekaar.
- Om groepkohesie aan te moedig, sodat groeplede veilig voel binne die groepsopset.
- Om deur die gebruik van funksionele hulpmiddels `n proses te fasiliteer waar die kleuters binne die Zoeloe-kultuur, uiting kan gee aan hul gevoelens oor die verlies wat hulle ervaar.
- Om deur middel van luistervaardighede en empatie hulp en ondersteuning aan die groeplede te bied.

### 3.3.2 Samestelling van groep.

Toseland en Rivas (2001:165) noem dat daar verskeie metodes vir die werwing en selektering van groeplede is. Die navorser is van mening dat die metode van werwing en selektering van groeplede van groep tot groep sal verskil. Oaklander (1988:285) is van mening dat elke terapeut oor die grootte en tipe groep moet besluit. Daar is nie een reël vir almal nie. Sy het gevind dat groepwerk die beste werk wanneer daar `n mede-groepwerker is en dit `n redelike klein groep is. Volgens Thompson en Rudolph (2000:421) moet kinders onder ses verkieslik in sessies betrek word wat nie langer as 20 minute duur nie.

Thompson en Rudolph (2000:421) stem saam met Oaklander dat die aantal kinders in `n groep afhang van ouderdom en konsentrasievermoë. Keitel *et al.* (1998:166) noem dat tydens die samestelling van `n groep faktore soos kultuur en óf groeplede mekaar ken, `n groot rol speel. Tydens die studie behoort al die groeplede aan een kultuur en hulle ken mekaar.

### 3.3.3 Stel van grense

Die voordele aan die stel van grense word soos volg deur Axline (1993:129) uitgelig:

> It seems that limitations used with intelligence and consistency serve to anchor the therapy session to the world of reality and to safeguard the therapy from possible misconcepstions, confusion, guilt feelings and insecurity.

Die stel van grense aan die begin van `n terapeutiese proses stel die terapeut sowel as die kind in staat om hulself binne die gegewe omstandighede te handhaaf. Volgens Landreth (in Blom, 2004:63) is die stel van grense noodsaaklik aangesien dit struktuur aan die ontwikkeling van `n terapeutiese verhouding gee en groei nie binne `n wanaangepaste verhouding kan plaasvind nie. Volgens Landreth en Van der Merwe (in Blom, 2004:63) het die stel van grense die volgende voordele tydens `n terapeutiese proses:

- Dit bring die terapeut en kind in kontak met alledaagse lewe (bewustheid in hier-en-nou word verhoog).
- Gee struktuur aan die terapeutiese verhouding.
- Deur middel van grense ervaar die kind hoe dit voel om keuses te maak en verantwoordlikheid te neem.
- Grense verskaf sekuriteit en voorspelbaarheid binne die terapeutiese situasie.

Volgens Landreth (in Blom, 2004:68) kan die stel van grense soos volg geïmplementeer word:

**Tabel 4: Die stel van grense**

| |
|---|
| **Stap 1.** Erken die kind se gevoelens, wense en behoeftes - reflekteer die kind se gevoelens wanneer hy dit noem. |
| **Stap 2.** Kommunikeer oor die grens - die grens moet spesifiek en duidelik wees. |
| **Stap 3.** Teiken aanvaarbare alternatiewe - die eerste drie stappe moet drie of vier keer aan die kind genoem word voordat die terapeut die vierde stap implementeer. |
| **Stap 4.** Formuleer die finale keuse. Hierdie stap word geïmplenteer as die kind nie op die eerste drie stappe reageer het nie en aanhoudend die grens verbreek. `n Finale keuse word nou aan die kind gestel. |

Die stel van grense is uniek tot elke groepopset. Groeplede ervaar die stel van grense nie net van die terapeut nie maar ook van ander groeplede. Volgens die navorser moet die terapeut buigbaar wees tydens die stel van grense binne `n groepopset.

### 3.3.4 Die proses tydens een gestaltgroepwerksessie.

Alhoewel elke groepsessie gestruktureerd behoort te wees, is dit vanuit `n gestaltperspektief belangrik dat die terapeut oop, buigbaar en kreatief moet wees

(Oaklander, 1988:286). Die terapeut moet dus goeie beplanning vir die sessie doen, maar ook bereid wees om haar tentatiewe beplanning vir die sessie te verander, indien een of meer groeplede ander behoeftes het wat aangespreek behoort te word. Die navorser is van mening dat dit belangriker is om die groep se proses te volg, veral met groeplede van `n vreemde kultuur, as om aandag aan die beplande gestruktureerde sessie te gee. Die verhouding tussen terapeut en groeplede word sodoende versterk.

Tydens gestaltgroepwerk met kleuters is dit volgens die navorser belangrik om in aanmerking te neem dat hulle beperkte sosiale, emosionele en kognitiewe vaardighede het. Kleuters vind dit moeilik om hul emosies te verwoord, aangesien hul kognitiewe vermoë beperk is en hulle nie oor die nodige vaardighede en woordeskat beskik nie (Dyregrov, 1991:43; Blom, 2004:138 Oaklander, 2006:172). Oaklander meld dat sy gewoonlik elke groepsessie begin deur aan elke kind die geleentheid te gee om sy huidige gevoelens en bewustheid te rapporteer en indien hy enigiets wil sê wat sedert die laaste byeenkoms met hom gebeur het. Volgens die navorser benodig die meeste kleuters egter hulp in die opsig, aangesien nie elke kleuter spontaan uiting aan sy gevoelens kan gee nie. Volgens Oaklander (1999:172) is die aangee van `n 'praatstok' nuttig om te voorsien dat elke kind die geleentheid kry om deel te neem. Die terapeut neem ook hieraan deel. Die navorser is van mening dat die aangee van `n 'praatstok' die terapeut die geleentheid kan gee om `n proses te fasiliteer waar die terapeut hulp aan die kleuter kan bied om uiting aan sy emosies te gee, waar hy dit nie altyd spontaan sal doen nie.

Oaklander (1988:290) meld dat groepreëls gewoonlik tydens die eerste byeenkoms deur die terapeut en die groeplede opgestel word. Volgens Cawood (2007:88) is kleuters egosentries en gee hulle nie vir enigiemand anders om nie. Hul hooftaak is om `n gevoel van selfbeskikking en onafhanklikheid te ontwikkel. As gevolg van bogenoemde faktore is die navorser van mening dat die stel van grense noodsaaklik is tydens gestaltgroepwerk met kleuters. Volgens Blom (2004:63) verskaf die stel van grense struktuur aan die ontwikkeling van die terapeutiese verhouding. Die leiding van `n volwassene word egter benodig tydens die stel van grense met kleuters in `n groepsverband.

Die gestalttegnieke sluit `n verskeidenheid van aktiwiteite in en oor die algemeen geniet kleuters dit. Die aktiwiteite fasiliteer die uitdrukking van gevoelens, definiëring en versterking van die self en ervarings met gesonder aspekte van die self. `n Verskeidenheid van projeksietegnieke word gebruik, soos byvoorbeeld tekeninge, klei,

collage, sandbaktonele, poppespel, fantasieë, musiek, liggaamsbeweging en metaforiese stories. Daar word ook op temas wat relevant is soos byvoorbeeld, eensaamheid, terg en verwerping gefokus (Oaklander, 1999:173). Verskeie aktiwiteite word dus gedoen en Oaklander (1988:287) noem dat dit belangrik is om aan elke kind die geleentheid te gee om sy ekspressiewe skepping met die ander in die groep te deel. Sy noem verder dat die wyse waarop kinders mekaar in die groep ervaar en hoe hulle teenoor mekaar reageer en met mekaar in verbinding tree binne groepsverband hulle interpersoonlike verhoudings in die algemeen weerspieël. Bogenoemde verteenwoordig die groeplede se proses en volgens die navorser moet die terapeut daarby aanpas.

Die einde van die groepsessie is volgens Oaklander (1999:173) `n tyd vir sluiting. Elkeen kry die geleentheid om enigiets wat hulle wil sê te sê. Die terapeut moet die sessie so struktureer dat daar voldoende tyd is vir opruim en sluiting (Oaklander, 1988:290). `n Suksesvolle groep is `n groep waarbinne elke kleuter veilig kan voel om kwesbaar te wees.

### 3.4 GEVOLGTREKKING

Gestaltgroepwerk is `n proses waar die groepleier vanuit die gestaltbenadering `n proses fasiliteer wat die groeplede se bewustheid van hul omgewing en hulself verhoog en waar die groeplede van mekaar leer. Die basiese konsepte in gestaltterapie is, holisme, bewustheid, kontak en kontakgrensversteurings, sowel as onvoltooidhede en polariteite.

Alhoewel kleuters beperkte vermoëns het, moet hulle tydens gestaltgroepwerk uitgedaag word om die wyse waarop hulle die verantwoordelikheid van bewustheid vermy, te ondersoek en aangemoedig word om interne en eksterne ondersteuning te soek. Verskeie terapeutiese tegnieke soos byvoorbeeld klei, bibliospel en drama kan aangewend word om kleuters te help om hul behoeftes aan te spreek. `n Terapeutiese groep het volgens Oaklander (1999:165) die voordeel dat dit `n klein, geïsoleerde wêreld is waarbinne teenwoordige gedrag ervaar kan word en nuwe gedrag uitgetoets kan word. Oaklander (1999:165-167) noem verder dat `n groep die ideale omgewing is waar kinders hulle kontakvaardighede kan verbeter. Kontakvaardighede of kontakfunksies sluit in die gebruik van al die sintuie, hoe ons kyk, luister, voel, ruik en proe, sowel as die uitdrukking van emosies.

Perls se vyf lae van neurose kan as riglyn gebruik word om by die kleuter se proses aan te pas tydens gestaltgroepwerk. Die fases van die rouproses moet tydens hulpverlening met die kleuter wat verlies ervaar, ook in aanmerking geneem word.

Dit bly egter `n uitdaging om die gestaltbenadering binne `n ander kultuur toe te pas, aangesien daar beperkte navorsing oor terapeutiese behoeftes van verskeie kulturele groepe soos byvoorbeeld die Zoeloe-kultuur, is. Vir suksesvolle hulpverlening aan die kleuter binne die Zoeloe-kultuur moet prosedures en tegnieke dus aangepas word.

HOOFSTUK 4

# DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN DIE VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS

## 4.1 INLEIDING

Die analisering, prosessering en interpretering van navorsingsbevindinge is van kardinale belang tydens die navorsingsondersoek, aangesien dit struktuur en betekenis aan die bestudeerde fenomeen verskaf (De Vos, 2002b:339). Om kennis en begrip van die bestudeerde fenomeen te verkry is daar tydens die vorige hoofstukke `n teoretiese raamwerk daargestel ten opsigte van die kleutertydperk binne die Zoeloe-kultuur; die belewenis van verlies binne die Zoeloe-kultuur, asook spel binne gestaltgroepwerk as kommunikasiemiddel. Die volgende hoofstuk sal op die empiriese studie, naamlik die analisering, prosessering en interpretering van die navorsingsbevindinge fokus om die doel en doelwitte wat vir die studie gestel is, te bereik. Die doel van hierdie studie was om ondersoek in te stel na die kleuter se belewenis van verlies, na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap.

## 4.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 4.2.1 Navorsingsbenadering

Daar is tydens die studie vanuit `n kwalitatiewe benadering gewerk. Volgens Strauss en Corbin (1998:11) word daar tydens kwalitatiewe navorsing gepoog om die ervaring van persone met probleme te verstaan. Die navorser het tydens die studie gepoog om insig te bekom ten opsigte van die kleuter se belewenis van verlies, na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap. Die studie kwalifiseer as kwalitatiewe navorsing eerder as kwantitatief, aangesien die doel van die studie eerder was om die ervaringe en belewenisse van die kleuters binne die Zoeloe-kultuur na die dood van `n ouer te verstaan as om antwoorde te verskaf (Fouché & Delport, 2002:79).

### 4.2.2 Tipe navorsing

Toegepaste navorsing was toepaslik vir hierdie studie, aangesien dit daarop gemik is om sosiale probleme te verstaan waarvoor intervensiestrategieë ontwikkel kan word (Neuman, 2000:22). Wanneer die kleuter binne `n Zoeloegemeenskap se belewenis van verlies verstaan word kan die gemeenskap bemagtig word om die sosio-emosionele belewenisse van die kleuters effektief aan te spreek.

### 4.2.3 Navorsingsprosedures en -werkswyse

Die empiriese data vir hierdie studie is deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering en waarneming tydens gestaltgroepwerk ingesamel. Volgens Silveira *et al.* (1988:2) bied groepwerk 'n struktuur waarbinne observasies gemaak kan word rakende 'n kind se interaksie met ander groeplede. Groepwerk kan dus as 'n effektiewe metode beskou word om kleuters se belewenisse en persepsies rondom 'n aspek te eksploreer. Prosesnotas is na elke groepwerksessie geskryf en waarnemings is sorgvuldig aangeteken. Volgens Cresswell (in De Vos, 2002b:344) is die beskrywing, klassifisering en interpretering van data die volgende stap wat tydens kwalitatiewe data-analise gevolg word. Die identifisering van onderliggende betekenisse en temas het deel gevorm van die proses tydens data-invordering.

### 4.2.4 Analisering van data

De Vos (2002b:339) noem dat die analisering van data 'n proses is waar daar orde, struktuur en betekenis aan die data wat ingesamel is, verskaf word. Volgens Cresswell (in De Vos, 2002b:344) is die finale fase tydens data-analise die visualisering en verteenwoordiging van data in die vorm van teks, tabel of figuur. Tydens hierdie hoofstuk is die verloop en evaluering van elke groepwerksessie in die form van teks sowel as tabel uiteengesit, waarna die kleuters wat aan die groepwerksessies deelgeneem het, individueel bespreek is. Daar was altesaam ses groepwerksessies en vyf kleuters het aan die groepsessies deelgeneem. Die kleuters woon almal die Isitimela Créche in 'n Zoeloe-gemeenskap in Kwa-Zulu Natal by. Elke kleuter het 'n simbool gekies wat gebruik is vir die weergee van die empiriese data.

## 4.3 INTERPRETASIES EN BEVINDINGE

### 4.3.1 Die verloop van die gestaltgroepwerksessies

### 4.3.2 Sessie 1

| **Inleiding en verduideliking van die doel van die groepwerksessies** |
|---|

### 4.3.2.1 Doelwitte vir die eerste sessie:

- Om kontakmaking en die begin van `n vertrouensverhouding tussen die kleuters en die navorser te bewerkstellig, deur die kleuters in te lig rondom die verwagtinge van die groep.
- Om `n veilige atmosfeer vir die kleuters te skep, waar hulle vry voel om uiting aan hul emosies te gee.
- Om struktuur en reëls daar te stel waarmee die kleuters kan identifiseer.
- Om aanpasbaar en buigsaam te wees rakende aspekte van die Zoeloe-kultuur.

### 4.3.2.2 Die verloop van die eerste sessie

*Rondte:* Tydens die aanvang van die eerste groepsessie het die navorser haarself voorgestel en die kleuters is almal verwelkom. Die navorser het aan die kleuters verduidelik dat sy besig is om `n boek te skryf oor kleuters wat `n ouer aan die dood afgestaan het en dat sy graag by hulle wil leer hoe hulle die dood binne die Zoeloe-kultuur ervaar. Volgens Kuhlase (2007) ontvang kleuters en selfs volwassenes binne die Zoeloe-kultuur geen terapie na die dood van `n geliefde nie. Dit is vir die meeste volwassenes sowel as die kinders binne die Zoeloe-kultuur vreemd om deur middel van terapie die dood van `n geliefde te verwerk. Die navorser het kortliks aan die kleuters op `n ouderdomsgerigte wyse beskryf wat hulle tydens die groepwerkreeks kan verwag en die navorser het geëksploreer hoe die kleuters daaroor voel om in die groep te wees. Oaklander (1988:290) noem dat die aangee van `n 'praatstok' nuttig is om te voorsien dat elke kind die geleentheid kry om deel te neem aan `n gesprek. Die aangee van die 'praatstok' het tydens die aanvang van die sessie bygedra om `n gesprek tussen die navorser en die kleuters te bewerkstellig, deurdat elke kleuter die geleentheid gekry het om die navorser se vrae te beantwoord. Die navorser het waargeneem dat die kleuters gemengde gevoelens van opgewondenheid, sowel as onsekerheid het oor die groepwerkreeks.

Volgens Thompson en Rudolph (2000:421) is die stel van grondreëls noodsaaklik aan die begin van `n terapeutiese proses. Reëls ten opsigte van die duur van `n sessie sowel as die groepwerkreeks word deur die terapeut bepaal (Thompson & Rudolph, 2000:421). Die duur van die eerste sessie is met behulp van `n kleuter-vriendelike horlosie aan die kleuters verduidelik. Daar is ook aan die kleuters genoem dat hulle vir ses sessies gaan ontmoet. Volgens Thompson en Rudolph (2000:422) moet kinders in `n groepsverband daaraan herinner word dat hulle na mekaar moet luister. Cawood (2007:88), asook

Oaklander (2006:172) noem dat kleuters egosentries is en wanneer dit by emosies kom hulle moeilik iemand anders se siening verstaan. Die navorser het die reël vir die groep vasgelê dat die kleuters nie mag praat terwyl `n ander lid van die groep praat nie. Oaklander (1988:290) maak die volgende stelling:

> The therapist`s role is an important one in group settings. It is she who must set the tone of the group as a place where the children can feel safe and accepted. A certain amount of modeling must take place; children take their cues from the therapist.

Wanneer kleuters se ontwikkelingfase in ag geneem word sal hulle moeilik saam op reëls vir die groep besluit. Die navorser het dus die leiding geneem om reëls vir die groep vas te lê.

Nadat die reël vir die groep vasgelê is, het die kleuters `n sirkel gevorm en die navorser het `n bal vir hulle gegooi. Die kleuter wat die bal gevang het, moes sy naam uitroep en `n simbool kies uit verskeie voorbeelde van simbole wat deur die navorser aan hulle voorgehou is (*Hierdie simbole is gebruik as skuilname tydens die skryf van die navorsingsverslag*). Tydens die gooi van die bal en uitroep van name het die navorser en die kleuters mekaar se name leer ken. Daarna is ontspanningsoefeninge gedoen en die kleuters het dit baie geniet. Blom (2004:54) noem dat die fokus van die eerste sessie tydens gestaltterapie hoofsaaklik is om `n terapeutiese verhouding te bou. Volgens die navorser het bogenoemde oefeninge groepkohesie sowel as die bou van `n terapeutiese verhouding tussen die navorser en die kleuters bewerkstellig, aangesien dit `n genotvolle oefening was wat almal laat ontspan het.

Om kontakmaking en bewuswording van die 'self' en ander te bewerkstellig is sensoriese bewustheidsoefeninge gedoen. Blom (2004:98), asook Oaklander (1988:122) is van mening dat kleuters deur middel van sensoriese en liggaamlike kontakmaking bewus gemaak kan word van hul emosies wat hulle op `n spesifieke oomblik ervaar. Om sensoriese kontakmaking te bewerkstellig, is elke kleuter se oë toegebind en elkeen het die geleentheid gekry om verskillende bestandele soos koekmeel, versiersuiker, sout en suiker te proe. Daarna is `n gesprek gefasiliteer rondom die proe van die verskeie smake.

Ter aansluiting by sensoriese kontakmaking is die inleiding tot emosionele uitdrukking gedoen. Blom (2004:137) maak die volgende stelling: "During the stage of emotional expression, the therapist will initially focus on aspects such as what emotions are, the

kinds of emotions and the body`s reaction to various emotions". Vier emosies naamlik, *kwaad, bly, hartseer, en bang* is deur middel van prente aan die kleuters gewys om hulle bewus te maak van verskeie emosies. Die prente het ook as hulpmiddel gedien om `n gesprek rondom die verskeie emosies tussen die kleuters en die navorser te bewerkstellig. Oaklander (1988:122) noem dat: "Some children are not aware of what emotions are". Om verder rondom emosies te eksploreer het die navorser `n proses gefasiliteer waar die kleuters die emosies op die prente moes na-maak (dramatiseer). Volgens West (1996:48) skep dramatiese spel `n afstand tussen die kind en sy emosies en die kind voel sodoende veilig. Die kleuters het dit geniet om die emosies op die prente na te maak en die navorser het by sommige kleuters waargeneem dat hulle moeilik tussen verskeie emosies onderskei, aangesien hulle traag en onseker gereageer het toe hulle die emosies op die prente moes namaak. Elke kleuter kon egter die emosie *bly* erken en benoem.

*Sluiting:* Die sessie is afgesluit deur aan elkeen die geleentheid te gee om deur middel van die emosie-prente te sê hoe hulle die sessie beleef het. Die navorser het elke kleuter die geleentheid gegee om op die emosie-prent te spring wat van toepassing was op hoe hy die sessie beleef het. Die meeste kleuters het op die *bly* gesiggie gespring.

#### 4.3.2.3 Evaluering van die eerste sessie

Die fokus van die eerste sessie was hoofsaaklik om `n terapeutiese verhouding tussen die kleuters en die navorser te bewerkstellig. Kontakmaking is volgens die navorser tydens die eerste sessie suksesvol bewerkstellig ten spyte daarvan dat die respondente van `n ander kultuur is en hulle moontlik die gestaltgroepwerk as vreemd kon ervaar. Die navorser is van mening dat goeie kontak bewerkstellig is deurdat die navorser gemaklik in die kleuters se taal met hulle kon kommunikeer. Volgens Blom (2004:55) is multikulturisme `n belangrike aspek om in aanmerking te neem tydens die bou van `n terapeutiese verhouding met kinders. Die navorser het tydens die eerste sessie gepoog om by elke kleuter se proses aan te pas om sodoende te verseker dat die groeplede veilig voel. Die navorser is van mening dat die aangee van die 'praatstok' bygedra het dat kontak met elke kleuter bewerkstellig kon word. Volgens die navorser is dit belangrik om elke kleuter op sy vlak te begelei, aangesien hy nie self oor die vaardighede beskik om dit te doen nie. Struktuur en veiligheid is aan die kleuters deur middel van die reëls wat aan hulle gestel is, gebied.

Volgens Oaklander (1988:122) weet sommige kinders nie wat emosies is nie. Dit beteken egter nie dat hulle nie emosies ervaar nie. Blom (2004:138) is van mening dat kinders geneig is om negatiewe emosies te onderdruk en om uiting aan hul emosies te gee deur middel van hul gedrag. Oaklander (1988:122-123) maak die volgende stelling:

> Children do not necessarily move automatically from conversation on emotions to expression of their own emotions. Various techniques, including drawings, clay work, fantasy, dramatized play, music, movement, stories, sand and metaphors are used during gestalt play therapy to help the child to express suppressed emotions.

Alhoewel die kleuter sekere emosies beleef na die dood van `n ouer sal hy nie outomaties van `n gesprek oor emosies, uiting aan sy emosies gee nie. Die kleuter moet dus eers deur middel van verskeie tegnieke begelei word om in kontak met sy emosies te kom, alvorens hy uiting aan sy emosies kan gee. Uit bogenoemde kan daar dus afgelei word dat kleuters hulp benodig om uiting aan hul emosies te gee. Daar is egter ook in aanmerking geneem dat dit die eerste sessie was en dit vir die kleuters vreemd was om oor emosies te praat, veral in `n kultuur waar daar min aandag aan emosies gegee word. Die doelwitte vir die eerste sessie is volgens die navorser bereik.

#### 4.3.2.4 Tabel 5: Die evaluering van individuele groeplede tydens die eerste sessie

| Simbool van groeplid | Evaluering van groeplid |
|---|---|
| ¥ | Tydens die observering van ¥, blyk dit dat sy die sessie baie geniet het. Sy het spontaan aan die aktiwiteite deelgeneem en was gewillig om met ander groeplede te kommunikeer. Sy het tydens die groepsessie die ander kleuters aangemoedig om deel te neem deur met hulle te kommunikeer, hoewel sy nie bewustelik na hulle uitgereik het of hulle bewustelik aangemoedig het om te kommunikeer nie. Sy was ook in staat om die verskeie emosies te benoem en tussen die verskeie emosies te onderskei. |
| £ | £ was skaam en huiwerig om aan die sessie deel te neem. Die navorser het £ probeer moed inpraat; hy was egter steeds huiwerig. Die navorser het dit gerespekteer en gesê £ kan deelneem wanneer hy gereed is. Tydens die emosionele uitdrukkings oefeninge het die navorser aan £ se lyftaal |

| | | |
|---|---|---|
| | | waargeneem dat hy huiwerig is om aan aktiwiteite deel te neem. Hy het egter by die *bly* emosie 'n glimlag op sy gesiggie gehad. |
| # | | # het tydens die bespreking van emosies gereeld gekla van maagpyn *(Haar ma het bevestig dat sy van maagpyn kla vandat haar pa oorlede is).* Worden (1996:64) noem dat somatisering 'n uitdrukking van rou by kinders is. Volgens die navorser probeer # om uitdrukking aan haar emosies te gee deur te noem dat sy maagpyn het. Sy het egter spontaan aan die ander aktiwiteite deelgeneem en sy kom goed oor die weg met die ander groeplede. |
| × | | × het tydens die eerste sessie skaam voorgekom. Hy was huiwerig om aan aktiwiteite deel te neem, maar met aanmoediging van die navorser en ¥ se aandag aan hom het hy egter deelgeneem aan die aktiwiteite en dit aan die einde geniet. |
| Ø | | Ø het aktief deelgeneem aan die aktiwiteite en gesprekke tydens die groepsessie. Tydens die dramatisering van die *bang* emosie het Ø aangedui dat hy baie keer bang voel. Die navorser het hom uitgevra wanneer hy bang voel, en hy het gesê dat hy saans bang is wanneer sy ma nie meer by hom is nie. Die navorser het erkenning aan Ø se emosie gegee deur vir hom te sê dat dit 'ok' is om bang te wees. |

### 4.3.3 Sessie 2

**Om sensoriese en emosionele bewustheid van die kleuters te bewerkstellig**

#### 4.3.3.1 Doelwitte vir die tweede sessie

- Om met behulp van sensoriese bewustheid, kontak tussen die navorser en die kleuters te bewerkstellig om sodoende die verhouding tussen die navorser en die kleuters te versterk.
- Om die reëls van die groep te herhaal sodat die kleuters hulself binne die gegewe omstandighede kan handhaaf.
- Om 'n veilige atmosfeer te skep, waar die navorser die kleuters se emosies rondom die dood van hul ouer(s) kan eksploreer.

#### 4.3.3.2 Die verloop van die tweede sessie

*Rondte:* Die kleuters is almal vir die tweede sessie welkom geheet. Daarna is hulle gevra om die rondte te doen. Volgens Oaklander (1988:285) is die rondte `n tegniek wat aan die begin van die sessies gebruik word. Elke respondent kry `n beurt om iets met die res van die groep te deel. Die navorser het die leiding geneem deur te vertel wat sy sedert die vorige sessie beleef het en dat sy opgewonde was om almal weer vir die tweede sessie te ontmoet. Nadat die navorser vir een van die kleuters gevra het hoe sy week was het hy byvoorbeeld gesê dat hy lekker met sy maatjies by die skool gespeel het. `n Ander kleuter het genoem dat dit vir haar lekker is om weer deel te neem aan die groepbyeenkoms. Die duur van die sessie is weer met behulp van `n kleuter-vriendelike horlosie aangedui. Vrae oor die reël wat vir die groep vasgelê is, is aan die kleuters gestel om hulle aan die reël te herinner.

Die navorser het waargeneem dat die kleuters opgewonde was en voordat die aktiwiteite wat vir die groep beplan is `n aanvang geneem het, was dit eers noodsaaklik om sensoriese kontakmaking te bewerkstellig om die groeplede se aandag by die groep te bepaal. Die sensoriese kontakmakingsoefening was ook beplan om die verhouding tussen die navorser en die kleuters te versterk. Volgens Blom (2004:104) kom kleuters vinniger in kontak met hul emosies wanneer hul sensoriese funksionering van 'hoor' bevorder word. Kuhlase (2007), asook Mbatha (2008) noem dat die meeste kleuters binne die Zoeloe-kultuur lief daarvoor is, om musiek te maak. Die navorser het met behulp van verskeie instrumente soos `n drom en klokkies musiek gemaak en die kleuters moes die klanke naboots wat hulle gehoor het. Die kleuters het die aktiwiteit baie geniet.

Na aanleiding van die vorige sessie het die navorser waargeneem dat kleuters die identifisering van emosies moeilik vind. Om die kleuters verder in kontak met hul emosies te bring, sodat daar rondom hul emosies geëksploreer kon word, het die navorser `n aktiwiteit beplan waar die kleuters gevra is om vier gesigte te maak uit natuurlike materiale soos byvoorbeeld klippe, sand en blare. Daar is in aanmerking geneem dat kleuters binne die Zoeloe-kultuur wat in informele nedersettings woon meer blootstelling aan natuurlike materiale soos klippe, sand en blare het as formele skryfbehoeftes. Die navorser het al die kleuters na buite geneem en vier groot ronde sirkels is in die sand getrek. Uit elkeen van die vier emosies, naamlik *hartseer, bang, kwaad* en *bly,* is daar gesigte gemaak uit bogenoemde hulpmiddels.

***Voorstelling van die 'bly' emosie*** ***Voorstelling van die 'bang' emosie***

*Voorstelling van die 'bly' emosie* *Voorstelling van 'bang' emosie*





*Voorstelling van 'hartseer' emosie* *Voorstelling van 'kwaad' emosie*





**Visuele voorstelling 1:** ***Voorstelling van die emosies***

Oaklander (1999:165) meld dat wanneer daar 'n verskeidenheid van ervarings en eksperimente aan kinders gebied word, hulle meer bewus kan word van hulself. Blom (2004:135) noem dat daar tydens gestaltterapie gefokus moet word op die erkenning van

emosies voordat kleuters hul onvoltooide emosies kan projekteer. Die navorser het met bogenoemde oefening beoog om `n proses te fasiliteer waar die kleuters in kontak gebring kan word met die emosies wat hulle ervaar rakende hul ouer(s) se dood. Die emosie-prente wat tydens die vorige sessie gebruik is, is as voorbeelde benut sodat die kleuters die 'gesiggies' in die sand kon maak. Daarna het elke kleuter `n beurt gekry om die betrokke emosie te benoem waarop die navorser gedui het. Daar is waargeneem dat die kleuters tussen die verskeie emosies kon identifiseer. Die navorser is van mening dat bogenoemde aktiwiteit groepkohesie bevorder het, aangesien die kleuters gemaklik saamgewerk het om die 'gesiggies' te maak. Die meeste kleuters het ook vry gevoel om die navorser vrae te vra oor hoe hulle te werk moet gaan om die 'gesiggies' te maak.

Die navorser het aan die kleuters genoem dat hulle `n speletjie gaan speel waar sy verskeie vrae gaan vra oor hoe hulle gevoel het nadat hulle hul ouer(s) aan die dood afgestaan het. Aangesien kleuters moeilik hul emosies verbaliseer, het elke kleuter `n beurt gekry waar daar aan hom `n ouderdomsgerigte vraag gevra is oor hoe hy gevoel het na die dood van sy ouer(s). Daarna moes die kleuter op die betrokke 'gesiggie' spring wat van toepassing was op sy emosie. Blom (2004:60) is van mening dat daar na `n kind se totale kommunikasie, naamlik nie-verbale kommunikasie sowel as fisiese simptome gekyk moet word, aangesien fisiese simptome en nie-verbale kommunikasie meer akkuraat as verbale kommunikasie by kleuters beskou word. Verskeie emosies wat die kleuters in verband met hul ouers se dood ervaar, is waargeneem *(Hierdie emosies sal onder 4.3.3.4, die evaluering van individuele lede tydens hierdie sessie bespreek word).*

Volgens Blom (2004:134) word die uitdrukking van aggressiewe energie as `n voorvereiste beskou vir gesonde emosionele ontwikkeling. Kuhlase (2008) meld dat aangesien die meeste volwassenes binne die Zoeloe-kultuur nie emosioneel deur die dood van `n geliefde werk nie hulle ook nie met die kinders praat oor hul emosies nie. Min geleentheid word dus gebied om uiting aan emosies te gee. Na aanleiding van die bogenoemde aktiwiteit is die kleuters die geleentheid gegee om fisies uiting aan hul emosies te gee. Die navorser was onseker oor hoe die kleuters op bogenoemde sou reageer, aangesien dit vir hulle vreemd mag wees. Vervolgens het die kleuters elkeen `n 'balletjie' klei ontvang en dié kon hulle teen die muur gooi so hard as wat hulle wou.

Volgens Oaklander (1997:304) gee aggressiewe energie aan kinders die ondersteuning wat hulle nodig het om tot aksie oor te gaan. Self-ondersteuning word by die kind bevorder indien hy binne spelterapie die geleentheid gebied word om aggressiewe energie uit te laat. Volgens Oaklander (1997:304) word die kind gehelp om trauma te verwerk indien hy die geleentheid gebied word om onderdrukte emosies uit te speel.

Die kleuters het herhaaldelik gevra of hulle kan aanhou klei gooi. Volgens die navorser het die klei-gooi die kleuters die geleentheid gebied om uiting aan aggressiewe energie te gee.

*Sluiting:* Die sessie is afgesluit deurdat die kleuters kon kies tussen seepblasies blaas of domino's speel. Die meerderheid het besluit om seepblasies te blaas. Die kleuters is gevra om met behulp van die 'gesiggies' wat hulle in die sand gemaak het aan te dui hoe hulle die sessie ervaar het. Al die kleuters het op die *bly* 'gesiggie' gespring. Daarna is die rondte gedoen om vas te stel wat elke kleuter die meeste tydens die sessie geniet het. Die meerderheid kleuters het aangedui dat hulle die klei-gooi die meeste geniet het. Een kleuter het aangedui dat sy dit baie geniet het om die 'gesiggies' in die sand te maak.

#### 4.3.3.3 Evaluering van die tweede sessie

Tydens die aktiwiteit waar die kleuters die 'gesiggies' in die sand gemaak het, het die navorser waargeneem dat die kleuters gemakliker met mekaar sowel as met die navorser begin kommunikeer. Die sensoriese kontakmakingsoefening het volgens die navorser bygedra dat die kleuters meer gefokus was. Die verhouding tussen die navorser en die kleuters is deur die bogenoemde aktiwiteite bevorder, aangesien dit genotvolle aktiwiteite was.

Denis (2003:2) noem dat daar binne die Zoeloe-kultuur nie met kinders oor die dood van `n geliefde gepraat word nie. Die meeste kleuters binne die Zoeloe-kultuur vind dit dus vreemd om oor die dood sowel as hul emosies rakende die dood van `n geliefde te praat. Volgens die navorser beteken dit egter nie dat hulle nie emosies rakende die dood van hul ouer(s) ervaar nie. Na aanleiding van die aktiwiteit waar die kleuters vrae gevra is oor hoe hulle na die dood van hul ouer(s) voel, is daar aan die kleuters se nie-verbale kommunikasie sowel as die betrokke emosiesgesiggies waarop die kleuters gespring het waargeneem dat hulle wel sekere emosies ervaar. Hierdie emosies moet egter verder geëksploreer word.

Volgens Blom (2004:35) word kinders wat in die valse laag funksioneer direk beïnvloed deur die omgewing, byvoorbeeld die ouers se hantering van die kind se emosies en die reëls vir die openbaring van emosies binne `n spesifieke kultuur. Die vraag kan ontstaan of dit binne die Zoeloe-kultuur gerespekteer moet word dat daar nie oop en eerlik met kinders oor die dood gekommunikeer word nie en of dit weens onkunde is dat daar gevoel word dat kleuters te jonk is om die konsep dood te verstaan en daarom word hulle nie die waarheid oor die dood van `n geliefde vertel nie. Volgens Kuhlase (2008), asook Cronje (2007) is dit deels weens onkunde dat die volwassenes binne die Zoeloe-kultuur nie hul kleuters eerlik oor die dood van hul ouer(s) inlig nie. Soos die meer tradisionele samelewing binne die Zoeloe-kultuur na `n meer moderne samelewing beweeg word die volwassenes egter deur kennis wat hulle opdoen, toenemend bewus dat kinders wel `n behoefte aan erkenning van hul emosies tydens `n verlies-situasie het (Cronje, 2007). Die navorser is egter van mening dat kulturele gebruike gerespekteer moet word en dat professionele persone tydens enige vorm van intervensie nie sonder die medewete en toestemming van die ouers mededelings aan kleuters/kinders sal maak wat kulturele opvattings en gebruike sal weerspreek nie.

Daar is ook tydens die tweede sessie waargeneem dat sommige kleuters nie eerlik oor die dood van hul ouers ingelig is nie. Die kleuters is op komplekse wyses oor die dood ingelig en die navorser is van mening dat dit die kleuter se manier van verlieshantering negatief beïnvloed. Alhoewel die kleuters beperkte kognitiewe vermoëns het om die dood van `n geliefde te verstaan, benodig hulle die begrip en eerlike leiding van volwassenes om die dood van `n geliefde effektief te hanteer.

#### 4.3.3.4 Tabel 6: Die evaluering van individuele lede tydens die tweede sessie

| Simbool van groeplid | | Evaluering van groeplid |
|---|---|---|
| ¥ | | Tydens die aktiwiteit waar die vrae aan die kleuters gevra is oor hoe hulle na die dood van hul ouer(s) gevoel het, het ¥ op die hartseer gesiggie gespring. Sy het gesê dat sy hartseer is, aangesien haar ma nie meer by haar is nie en dat sy wonder hoe dit met haar gaan. Goldman (2000:42) noem dat kleuters glo die oorledene kan steeds sy sintuie en denke gebruik en hulle wonder gereeld hoe dit met die oorledene gaan. |

| | | |
|---|---|---|
| £ | | Die navorser het waargeneem dat £ gemakliker met die navorser en ander kleuters gesels het tydens die maak van die emosiegesiggies. Nadat die navorser £ gevra het hoe hy gevoel het nadat sy pa oorlede is, het hy baie hard op die bang emosie gespring. Volgens Lewis (1999:154) is dit 'n normale reaksie by kleuters om na die dood van 'n geliefde vrees te toon. £ het genoem dat hy ook so bang voel wanneer hy van 'isilwane esibi' (monsters) droom. |
| # | | Lewis (1999:154) noem dat die vrese wat 'n kind na die dood van 'n geliefde het, verband hou met die onveiligheid wat hulle voel. # het huilerig op die bang emosie gespring toe sy gevra is hoe sy voel na die dood van haar pa. # het nie gereageer toe sy uitgevra is oor haar bang emosies nie. |
| × | | Nadat × gevra is hoe hy na die dood van sy pa gevoel het, het die navorser waargeneem dat hy onseker was op watter emosie hy moes spring. Hy het egter op die hartseer emosiegesiggie gespring. Nadat die navorser rondom die hartseer emosie geeksploreer het, het sy waargeneem dat daar aan × gesê is dat sy pa in die hospitaal is en dat hy nooit weer by hom kan gaan kuier nie. Hy is dus nie eerlik oor die dood van sy pa ingelig nie. |
| ø | | Nadat ø gevra is hoe hy na die dood van sy ma gevoel het, het hy huiwerig op die bang emosie gespring. Die navorser het hom gevra wat hom bang maak en hy het gesê dat hy nie sonder haar wil wees nie, hy wil dat sy terugkom. Die navorser het na die sessie vasgestel dat daar aan ø vertel is dat sy ma oorlede is en dat dit beteken dat sy op 'n baie ver plek soos Johannesburg is waar hy haar nooit weer kan sien nie. |

#### 4.3.4 Sessie 3

| |
|---|
| **Om rondom die kleuters binne die Zoeloe-kultuur se familieverhoudinge te eksploreer** |

##### 4.3.4.1 Doelwitte vir die derde sessie

- Om op die instandhouding van die verhouding tussen die kleuters en die navorser te fokus.
- Om verder op emosionele bewustheid binne die konteks van die verlies-situasie te fokus.
- Om familieverhoudinge te eksploreer en te bepaal watter invloed dit op die kleuters binne die Zoeloe-kultuur se verlieshantering het.

#### 4.3.4.2 Die verloop van die derde sessie

*(Na afloop van die tweede sessie het die navorser met die kleuters se families gesels om vas te stel hoekom die kleuters nie die waarheid oor die dood en die dood van hul ouer(s) vertel is nie. Daar is aan die navorser gesê dat hulle van mening is dat die kleuters te klein is om te verstaan wat met die oorledene gebeur het en dat hulle die kleuters sodoende probeer beskerm).*

*Rondte:* Die kleuters is almal verwelkom en daar is begin met 'n ysbreker voordat die rondtes gedoen is. Die kleuters het 'n 'geheuespel' gespeel met teddie-kaarte waarop verskillende gesiggies met emosies voorkom. Elkeen het 'n beurt gekry en die kleuters moes probeer om pare te maak. Die rondtes is gedoen en elkeen is gevra om te vertel hoe dit met hom gaan.

Blom (2004:102) noem dat 'voel-aktiwiteite' aangewend kan word om die verhouding tussen die terapeut en die kind te bevorder. Sensoriese kontakmaking is tydens die sessie bewerkstellig deur die kleuters aan verskeie teksture te laat voel, waarna 'n gesprek gefasiliteer is rondom hul voor- en afkeure. Daarna het die navorser met die kleuters die identifisering van die emosies *hartseer, kwaad, bly* en *bang* herhaal. Die navorser het vasgestel dat die kleuters maklik tussen die emosies kan onderskei.

Daar is met behulp van 'n plakkaat 'n gesprek gefasiliteer oor 'n familie. Die navorser het genoem dat sy graag die kleuters se families beter wil leer ken. Tydens die bespreking van die plakkaat is die kleuters herinner aan die groepreël, naamlik dat hulle nie mag uitskree nie. Die bespreking het goed verloop. Die navorser het 'stokkies mannetjies' wat 'n familie verteenwoordig aan die groeplede voorgestel. Daarna het elke kleuter die geleentheid gekry om sy familie voor te stel deur middel van die 'stokkies mannetjies' en dit met die res van die groep gedeel. Die navorser het waargeneem dat sommige kleuters hul families saam met die ouer wat oorlede is voorgestel het en ander weer sonder. Daarna het die navorser saam met die kleuters hul families geëksploreer *(Die eksplorering van die families sal in 4.3.4.4, evaluering van individuele lede verder bespreek word).* Daar is waargeneem dat sommige kleuters goeie verhoudings met hul grootouers, sowel as lede van die uitgebreide gesin het.

Blom (2004:135) noem dat aktiwiteite soos byvoorbeeld klei-gooi waar kinders fisies uiting aan hul emosies gee, kinders help om in kontak te kom met hul onvoltooide emosies. Die kleuters het daarna die geleentheid gekry om bokshandskoene aan te trek en uiting aan hul emosies te gee teen 'n slaansak. Die kleuters het die oefening baie geniet en die navorser is van mening dat die kleuters uiting aan hul aggressiewe energie kon gee.

*Sluiting:* Aan die einde van die sessie is `n selfvertroetelingsaktiwiteit gedoen waar die kleuters almal saam `n prentjie gemaak het deur middel van verf deur `n strooitjie te blaas. Die groepbyeenkoms is afgesluit deurdat elke kleuter moes noem wat vir hom die slegste en wat die lekkerste was. Al die kleuters het aangedui dat hulle die sessie baie geniet het en hulle het gevra of hulle tydens die volgende sessie weer kan boks met hul handskoene.

**4.3.4.3 Evaluering van die derde sessie**

Die aktiwiteit waar die kleuters hul familielede moes voorstel was `n baie insiggewende aktiwiteit. Daar is tydens die sessie waargeneem dat sommige van die kleuters hul oorlede ouers as deel van hul families aangedui het, aangesien hulle vir hul ouers wag om terug te kom. Volgens Webb (2002:5) beskou kleuters die dood as tydelik. Die afleiding kan gemaak word dat aangesien kleuters nie die permanensie van die dood verstaan nie, hulle steeds hoop dat hul ouers terug kom en daarom die oorlede ouer nog as deel van hul familie aandui.

Volgens Kuhlase (2007), asook Mbatha (2008) is daar binne die Zoeloe-kultuur baie uitgebreide gesinne wat in een huis saamwoon weens omstandighede soos armoede. Die navorser is van mening dat die wyse waarop die kleuter die verlies van `n ouer sal beleef, afhang van die tipe verhouding wat die kind met die ouer gehad het. Daar is waargeneem dat sommige kleuters goeie verhoudings met hul grootouers en ander lede van die uitgebreide gesin het.

Kleuters wat beperkte inligting oor die dood van `n ouer ontvang, tesame met hul beperkte begrip oor die dood vind dit baie moeilik om die dood van `n ouer sonder begeleiding van `n volwassene te hanteer. Volgens die navorser het kleuters `n behoefte aan erkenning van hul emosies deur volwassenes tydens `n verlies-situasie. Tydens die sessie is daar erkenning aan die kleuters se emosies gegee en die navorser het waargeneem dat hulle `n behoefte gehad het om uiting aan hul emosies te gee. Hulle het gevra of hulle weer kan boks en kleigooi.

Volgens die navorser funksioneer die meeste kleuters in die impasse laag, aangesien hulle toenemend in kontak met hul emosies rakende die verlies van hul ouer(s) kom. Hulle het egter beperkte vaardighede om hul emosies te verbaliseer en te hanteer. Volgens die navorser is `n groepsituasie voordelig vir die kleuters, aangesien daar ander kleuters is

wat soortgelyke situasies ervaar en sodoende voel die kleuter nie alleen nie.



**Visuele voorstelling 2: Voorstelling van `n groeplid se familielede**

**4.3.4.4 Tabel 7: Die evaluering van individuele lede tydens die derde sessie**

| Simbool van groepslid | Evaluering van groeplid |
|---|---|
| ¥ | Nadat die navorser saam met ¥ haar familie geëksploreer het en haar gevra het hoe dinge verander het vandat haar mamma nie meer daar is nie het sy gesê dat sy baie kere hartseer is. Die navorser het haar gevra wie nou vir haar sorg vandat haar ma nie meer daar is nie en sy het gesê dat haar tannie nou vir haar sorg. Daar is ook vasgestel dat haar pa in Johannesburg werk en dat sy geen kontak met hom het nie. |
| £ | £ het tydens die eerste sessie moeilik tussen emosies onderskei. Die navorser het tydens die sessie waargeneem dat £ kon aandui hoe hy voel. Hy het genoem dat hy hartseer is oor sy pa wat oorlede is, maar dat hy nou `n ander pa het wat na hom kyk (sy nefie). Hy het ook tydens die sessie gevra of hy sy nefie in die plek van sy pa kan aandui, aangesien hy nou sy pa is. |
| # | # kom goed oor die weg met ander groeplede. Sy het haarself langs haar ma geposisioneer tydens die familieoefening en genoem dat sy altyd by haar ma wil bly. Die navorser het haar gevra of sy bang is sy verloor haar ma en sy het haar kop geknik. Sy toon dus volgens die navorser vrese dat sy haar ma kan verloor. Volgens Lewis (1999:154) is bogneomde `n normale reaksie wat kinders toon na die dood van `n geliefde. |

| | | |
|---|---|---|
| × | | × het gedurende die sessie baie tyd spandeer aan die voorstelling van sy familie. Hy was baie deurmekaar oor wie deel van sy famile is. Die navorser kon waarneem dat × baie waarde heg aan sy verhouding met sy ouma. Hy het homself langs sy ouma geposisioneer. Nadat die navorser hom hierna gevra het, het hy gesê dat hy baie van sy ouma hou. |
| ø | | ø het sy ma nie as deel van sy familie aangedui nie. Die navorser het ø met behulp van die emosiegesiggies gevra hoe hy daaroor voel dat hy sy ma nooit weer gaan sien nie en hy het op die bang gesiggie gewys. Hy het tydens die aktiwiteit egter aangedui dat hy baie lief is vir sy sussie en sy ouma, aangesien hulle nou vir hom sorg. |

#### 4.3.5 Sessie 4

**Om rondom die kleuters se belewenisse na die dood van `n ouer te eksploreer.**

##### 4.3.5.1 Doelwitte vir die vierde sessie

- Om rondom die kleuters se belewenisse van verlies te eksploreer.
- Om die kleuters te bemagtig ten opsigte van verlieshantering deur middel van selfbeeld-bou aktiwiteite.

##### 4.3.5.2 Die verloop van vierde sessie

*Rondte:* Aan die begin van die sessie is al die kleuters gegroet en hulle het met behulp van `n 'mikrofoon' almal die geleentheid gekry om oor die afgelope week te rapporteer. Van die kleuters het oor gebeure by die skool gerapporteer. Ander het genoem dat hulle bly is dat hulle weer in die groep kan ontmoet. Die tydgrens is aan die lede met behulp van `n horlosie gestel en domino's is met die kleuters gespeel as deel van `n ontspanningsoefening.

Daarna het die navorser aan elkeen `n papier uitgedeel waarop hulle hul wense kon teken. Daar is aan kleuters voorbeelde van wense genoem soos byvoorbeeld `n nuwe speelding of om by iemand na wie hulle verlang te gaan kuier. Nadat die kleuters hul wense geteken het, het elkeen van die kleuters sy wense met die res van die groep gedeel. Voorbeelde van wense wat geteken is was karre en poppe. Een kleuter het `n groep vriende geteken. Blom (2004:138) meld dat kinders nie outomaties van `n gesprek oor emosies sal beweeg na die uitdrukking van emosies nie. Verskeie tegnieke soos byvoorbeeld tekeninge, klei en musiek word gebruik tydens gestaltterapie om kinders te

help om uiting aan hul emosies te gee. Die tekeninge het daartoe bygedra dat `n gesprek oor die kleuters se wense gevoer is.

Na die bogenoemde aktiwiteit het die navorser aan die kleuters verskeie emosies met behulp van kaartjies gewys. Die emosies is weereens bespreek en elke kleuter het die geleentheid gekry om `n kleur vir elkeen van die bespreekte emosies te kies. Daar was nie `n spesifieke doel met die kies van die kleure nie, aangesien die meeste kleuters te jonk is om emosies te verstaan en dit bewustelik aan `n kleur te koppel. Daar is met die aktiwiteit beoog om die emosies op `n interessante wyse met die kleuters te bespreek.


Daarna is daar `n proses gefasiliteer waar elke kleuter se liggaam op `n groot stuk papier geteken is. Die kleuters het elkeen die geleentheid gekry om deur middel van verskeie kleure aan te dui waar binne hul liggame hulle die betrokke emosies voel. Daarna is die kleuters aangemoedig om hul liggaamlike reaksies op elkeen van die emosies te wys. Volgens Blom (2004:137), asook Dyregrov (1991:43) vind kleuters dit moeilik om hul emosies te verwoord, aangesien hul kognitiewe vermoëns beperk is en hulle nie oor die nodige woordeskat beskik nie. Blom (2004:138) meld dat wanneer kinders daarin slaag om hulle liggame se reaksies oor `n spesifieke emosie te identifiseer, hulle bewus word van onderliggende emosies. Kleuters benodig egter hulp in die opsig. Een van die kleuters het genoem dat hy graag weer sal wil klei gooi. Die navorser het tyd ingeruim daarvoor en die kleuters kon uiting aan hul emosies gee deur middel van klei gooi.

*Sluiting:* Die sessie is afgesluit en opgesom deur middel van evaluering. Daar is waargeneem dat die kleuters die sessie baie geniet het.

**4.3.5.3 Die evaluering van die vierde sessie.**

Tydens hierdie sessie is daar verskeie emosies en reaksies rakende die dood van die kleuters se ouer(s) waargeneem. Alhoewel kleuters beperkte kognitiewe vermoëns het, is die navorser van mening dat dit `n sessie was waar die kleuters toenemend bewus geword het van hul emosies rakende die verlies van hul ouer(s). Tydens die sessie het hulle ook die geleentheid gehad om binne `n veilige omgewing uiting aan hul emosies te gee. Binne die Zoeloe-kultuur word die aanname gemaak dat die kleuters te jonk is om die dood te verstaan en daarom word daar nie met hulle oor die dood van `n geliefde gepraat nie. Daar is tydens die sessie waargeneem dat alhoewel kleuters binne die Zoeloe-kultuur soms hul emosies moeilik verbaliseer en hulle `n beperkte begrip van die dood het, hulle wel emosies ervaar rakende die verlies van `n ouer en dat hulle `n

behoefte het om uiting daaraan te gee. Die navorser het ook waargeneem dat van die kleuters tydens die bespreking van emosies aangedui het dat hulle bang is. Volgens Lewis (1999:154) is dit `n normale reaksie vir kinders om vrees te toon na die dood van `n ouer. Die navorser is van mening dat die kleuters `n behoefte aan sekuriteit en erkenning van emosies deur `n volwassene benodig in `n onseker tyd soos na die dood van `n ouer.



**Visuele Voorstelling 3: Voorstelling van `n groeplid se emosies op sy liggaam**

**4.3.5.4 Tabel 8: Die evaluering van individuele groepslede**

| Simbool van groeplid | Evaluering van groepslid |
|---|---|
| ¥ | Tydens die bespreking van die hartseer emosie het ¥ aangedui dat sy by haar hart en in haar kop hartseer voel wanneer sy aan haar ma dink. Die navorser het erkenning gegee aan haar hartseer emosie rakende die verlies van haar ma. Volgens die navorser is ¥ bewus van die emosie wat sy voel en ook in staat om uiting aan haar emosie te gee. |
| £ | Blom (2004:139) noem dat kinders tydens die proses van emosionele uitdrukking hulp benodig om uiting aan hul emosies te gee. Die aktiwiteit waar die kleuters aangedui het waar binne hul liggame hulle watter spesifieke emosie voel was baie waardevol vir £ gewees, aangesien hy voorheen moeilik tussen verskeie emosies geïdentifiseer het. Hy het genoem dat hy gedurende die dag gelukkig voel, maar dat hy saans bang voel aangesien sy pa nie meer daar is nie. Hy ervaar dus vrees wat volgens Lewis (1999:154) `n normale reaksie na die verlies van `n ouer is. |

| | |
|---|---|
| # | # het tydens die aktiwiteit aangedui dat sy die bang emosie in haar maag en haar voete voel *(sien visuele voorstelling 3)*. Volgens Worden (1996:58) is dit `n normale reaksie vir kinders om vrees te toon na die dood van `n geliefde. |
| × | × het tydens die sessie aangedui dat hy die bang emosie in sy hart en in sy keel voel. Tydens die sessie het × ook van die geleentheid gebruik gemaak om uiting aan sy 'kwaad gevoelens' te gee. Worden (1996:62) noem dat veral seuns die behoefte het om fisies uiting aan hul emosies te gee. |
| ø | ø het tydens die aktiwiteit aangedui dat hy kwaad is, aangesien niemand met hom by die skool wil speel nie. Hierdie kwaad emosie voel hy in sy maag. Die navorser het erkenning aan ø se gevoelens gegee en hy het tevrede geglimlag. |

### 4.3.6 Sessie 5

**Om onvoltooidhede deur middel van bibliospel aan te spreek**

#### 4.3.6.1 Doelwitte vir die vyfde sessie

- Om deur middel van bibliospel die emosies wat die kleuters na die dood van hul ouer(s) ervaar het, aan te spreek.
- Om die kleuters vir die terminering van die groepwerkreeks voor te berei.

#### 4.3.6.2 Die verloop van die vyfde sessie

*Rondte:* Die groeplede is almal verwelkom, waarna hulle gevra is om die rondte te doen. Elkeen van die kleuters het `n beurt gekry om met behulp van die mikrofoon oor die gebeure van die afgelope week te rapporteer. Daarna het `n kort hersiening van die vorige sessie gevolg en die doel van die groep is weereens herhaal. Die reëls van die groep is herhaal en die tydgrens is aan die kleuters gestel.

Die kleuters is gevra om hul oë toe te maak en te ontspan, waarna ontspanningsoefeninge met hulle gedoen is. Die navorser het daarna `n storie aan hulle vertel deur middel van `n boek wat handel oor `n meisie wat in `n arm familie grootgeword het. Sy het haar ma aan die dood afgestaan toe sy vyf jaar oud was. Hierdie meisie was baie hartseer oor wat gebeur het en sy het gewens dat haar ma terugkom en dat alles weer kon wees soos wat dit voorheen was. Nichol en Scheffer (1994:14) meld dat kinders

tydens bibliospel hulself met die karakters in die storie vereenselwig en hulle verplaas dan onbewustelik sekere ongewenste behoeftes en gevoelens op die karakters om ontslae te raak daarvan. Een van die kleuters het tydens die sessie genoem dat hy ook soos die karakter in die storie wens dat sy ma weer by hom kon wees. Sommige van die ander kleuters het ook genoem dat hulle ook wens hul oorlede ouer kon weer by hulle wees. Soos reeds genoem het kleuters beperkte vaardighede om die emosies waarvan hulle bewus word self te hanteer en benodig hulle die hulp van volwassenes. Daar is tydens die sessie erkenning gegee aan die kleuters se emosies. Nichol en Scheffer (1994:14) noem dat die kind tydens bibliospel besef dat hy nie alleen die probleem ervaar nie en hy neem waar hoe die karakter die probleem oplos. Schoeman en Van der Merwe (1996:123) is van mening dat dit vir die kind belangrik is om hanteringsvaardighede aan te leer deur te observeer hoe die karakter in die storie sy probleme hanteer. Die kleuters is bewus gemaak van hoe die karakter in die storie sy probleme hanteer het. Daarna is die kleuters almal gevra om `n einde vir die storie te kies. Een van die kleuters het genoem dat die karakter in die storie weer gelukkig geword het en dat sy iemand gekry het wat vir haar sorg. Die navorser het waargeneem dat dit baie waardevol vir die kleuters was.

Daarna is daar `n proses gefasiliteer waar bogenoemde kleuter deur die navorser aangemoedig is om haar storie te vertel. Sy het genoem dat haar ma baie siek was en dat haar tannie vir haar vertel het haar ma is dood. Sy was baie hartseer, maar is nou gelukkig aangesien haar tannie vir haar nou sorg. Deur middel van bogenoemde aktiwiteit het die kleuter die geleentheid gekry om die verlies wat sy ervaar, terapeuties deur te werk deurdat sy daaroor gepraat het. Daarna het die kleuters gevra of hulle kan klei gooi. Die geleentheid is aan hulle gegee om uiting aan hul emosies van verlies te gee. Daar is weereens waargeneem dat die kleuters binne die Zoeloe-kultuur `n behoefte aan erkenning van hul emosies het. Daarna is die kleuters op terminering van die groepwerkreeks voorberei deur `n opsomming van wat tydens al die vorige groepsessies gebeur het.

*Sluiting:* Die sessie is opgesom en die lede het die sessie evalueer met behulp van emosiegesiggies.

#### 4.3.6.3 Evaluering van die vyfde sessie

Die navorser is van mening dat die kleuters met die karakter in die storie kon identifiseer en dat dit vir hulle waardevol was om te sien hoe die karakter haar emosies hanteer het. Kleuters het egter beperkte vermoëns om vaardighede ten opsigte van emosiehantering self aan te leer en benodig steeds die hulp van volwassenes. Daar is weereens waargeneem dat die kleuters binne die Zoeloe-kultuur `n verskeidenheid emosies na die dood van `n ouer ervaar en dat hulle `n behoefte het aan erkenning van die emosies. Daar is ook waargeneem dat bibliospel effektief met die kleuter wat verlies ervaar na die dood van `n ouer binne die Zoeloe-kultuur aangewend kan word. Die navorser is van mening dat dit vir die kleuters die geleentheid bied om hul emosies te ontlont.

#### 4.3.5.4 Tabel 9: Die evaluering van individuele lede tydens die vyfde sessie

| Simbool van groeplid | | Evaluering van groeplede |
|---|---|---|
| ¥ | | ¥ was tydens die sessie gewillig om haar storie oor haar oorlede ma te vertel. Volgens die navorser het dit haar die geleentheid gebied om terapeuties deur die verlies van haar ma te werk. |
| £ | | Tydens die sessie het die navorser aan £ se lyftaal waargeneem dat hy met die karakter in die storie geïdentifiseer het. Hy het die heeltyd sy kop geknik en sy gesigsuitdrukkings het daarvan getuig dat hy saam met die karakter voel. |
| # | | Tydens die sluiting van die sessie het # genoem dat sy vir haar ma by die huis die storie wat sy tydens die sessie gehoor het gaan vertel. Dit blyk of # die sessie baie geniet het. |
| × | | Daar is tydens die sessie geobserveer dat × baie stil was. Hy het egter aandagtig geluister tydens die vertel van die storie. Hy het die klei-gooi baie geniet en ontslae geraak van aggressiewe energie. |
| Ø | | Die navorser het geobserveer dat ø aandagtig geluister het, terwyl die groeplid haar storie vertel het. ø het die klei-gooi baie geniet. |

### 4.3.7 Sessie 6

| Die terminering van die groepwerkreeks. |
|---|

#### 4.3.7.1 Doelwitte vir die sesde sessie

- Om te evalueer of die doelstelling van die groepwerkreeks bereik is deur die kleuters se belewenis daarvan te evalueer.

#### 4.3.7.2 Die verloop van die sesde sessie

*Rondte:* Die groeplede is almal verwelkom en daar is aan die kleuters herhaal dat dit die laaste groepbyeenkoms is. Volgens Blom (2004:202) moet kinders voorberei word op die terminering sodat hulle dit nie as verwerping beskou nie. Die kleuters is tydens die vorige sessie al op die terminering van die groepwerkreeks voorberei, aangesien die hele terapeutiese opset (groepbyeenkomste) `n eerste is vir al die kleuters en dit binne hul kultuur as vreemd ervaar word. Daarna het die kleuters deur middel van `n boek met verskeie emosiegesiggies aangedui hoe hulle elkeen van die sessies beleef het, terwyl die navorser kortliks elke sessie opgesom het. Daar is waargeneem dat die kleuters oor die algemeen die groepwerkreeks geniet het. Die navorser wil tot die gevolgtrekking kom dat kleuters tydens die groepwerkreeks die geleentheid gehad het om kontak met hul emosies te maak. Daar is waargeneem dat dit vir die kleuters waardevol was om uiting aan hul emosies te kon gee. Aangesien gefokus is op die dood van `n ouer wil die navorser die afleiding maak dat die ervaring en uitleef van emosies verband gehou het met hierdie verlies.

Die kleuters se gevoelens rondom terminering van die groepwerkreeks is geëvalueer deur die rondte te doen. Die navorser het aan hulle genoem dat sy trots is op almal en dat elkeen spesiaal is. Daar is waargeneem dat sommige kleuters hartseer is oor die terminering van die groepwerkreeks. Blom (2004:202) noem dat kinders gedurende die laaste sessie die geleentheid kan kry om hul gunsteling speletjie te kies. Die kleuters het saam besluit dat hulle almal wil klei gooi en daarna die *teddiespeletjie* wil speel. Daarna is daar aan elkeen `n pakkie lekkers uitgedeel en die navorser het ook aan elkeen `n houertjie met klei uitgedeel om die lede te bedank vir hul deelname aan die groep.

*Sluiting:* Die sessie is opgesom en die navorser het aan die kleuters genoem dat sy nog `n verrassing vir hulle het, naamlik dat hulle die volgende dag `n piekniek by die dam gaan hou. Die kleuters was baie opgewonde.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

#### 4.3.7.3 Evaluering van die sesde sessie

Die groepwerkreeks het oor 'n periode van drie weke gestrek waar die kleuters twee maal per week 'n sessie bygewoon het van ongeveer 'n 45 minute lank. Volgens die navorser was die lede gereed vir terminering, alhoewel hulle gevra het vir 'n opvolg van die groepe. Tydens die evaluering van die sessies is daar waargeneem dat die kleuters die sessie waar hulle die emosiegesiggies in die sand geteken het die meeste geniet het. Hulle het ook die sessie waar daar gebruik gemaak is van bibliospel baie geniet. Daar is ook waargeneem dat die klei-gooi aktiwiteit baie waardevol vir die kleuters was aangesien dit hulle die geleentheid gebied het om uiting aan hul emosies te gee.

#### 4.3.7.4 Tabel 10: Die evaluering van individuele lede tydens die groepwerkreeks

| Simbool van groeplid | | Evaluering van groeplede |
|---|---|---|
| ¥ | | Die navorser is van mening dat die groepwerkreeks baie waardevol vir ¥ was. Sy was in staat om uiting aan haar gevoelens van hartseer te gee deur byvoorbeeld haar strorie te vertel hoe sy haar ma verloor het. Sy was oudste lid en ook die leiertjie en het goed oor die weg gekom met die ander groeplede. |
| £ | | £ was aan die begin van die groepwerkreeks huiwerig om deel te neem. Hy was skaam en het ook moeilik tussen verskeie emosies geïdentifiseer. Daar is waargeneem dat hy tydens die derde sessie begin veiliger voel het, deurdat hy gemakliker met die ander groeplede gepraat het, veral tydens die aktiwiteite waar hulle met die handskoene kon boks. |
| # | | Daar is waargeneem dat # deur middel van somatisering die verlies van haar pa uitleef, deurdat sy gereeld genoem het haar maag pyn wanneer daar van emosies gepraat word. Sy het egter aktief deelgeneem aan al die gesprekke en aktiwiteite tydens die groepwerkreeks en sy het goed kontak gemaak met die ander groeplede. |
| × | | × was aan die begin van die groepwerkreeks skaam en huiwerig om deel te neem. Tydens die tweede sessie is daar vasgestel dat hy nie die waarheid oor sy oorlede pa vertel is nie. Nadat die nuus deur die navorser en × se ma aan hom oorgedra is dat sy pa oorlede is, was hy verward en kwaad. Hy het sy ma geslaan en vir haar gesê sy jok, hy is dan in die hospitaal. Tydens die sessie daarna was hy stil, maar tydens die oefening waar die groeplede met die handskoene kon boks het hy aanhoudend geboks. Die navorser het vir × gesê dat dit vir haar lyk asof hy kwaad is en hy het sy kop geknik. Die navorser het hom die geleentheid gegee om uiting aan sy emosies te gee deur die slaansak te boks. Die navorser het waargeneem dat hy tydens die res van die groepsessie veiliger begin voel het, aangesien hy 'n sug van verligting gegee het en hy tevrede geglimlag het. |

| | | |
|---|---|---|
| **Ø** | | ø het reeds tydens die eerste sessie genoem dat hy bang is sy ma kom nie weer terug nie. Daar is ook vasgestel dat hy nie die waarheid oor die dood van sy ma vertel is nie. Hy het geweet sy is dood, maar daar is vir hom gesê dat dit net beteken sy woon op 'n ander plek vêr van hier. ø se beperkte begrip oor die permanensie van die dood het dit vir hom moeiliker gemaak om te begryp dat sy ma nie weer gaan terugkom nie. Hy het tydens die sessie uiting aan sy 'kwaad gevoelens' gegee rakende die verlies van sy ma. Die navorser is van mening dat die sessie baie waardevol vir ø was. |

**4.4 BEVINDINGE MET BETREKKING TOT DIE ROUPROSES**

Na aanleiding van die waarneming van die kleuters tydens die groepwerkreeks kom die navorser tot verskeie bevindinge. Dit sal vervolgens bespreek word met betrekking tot die rouproses soos in hoofstuk 2 onder (2.5) bespreek.

**4.4.1 Taak 1: Om die realiteit van die verlies te aanvaar**

Worden (1996:13), asook Pennells en Smith (1996:15) is van mening dat alvorens kleuters die realiteit van die dood kan aanvaar, hulle akkuraat en eerlik oor die dood ingelig moet word in 'n taal wat hulle verstaan. Tydens die studie is daar waargeneem dat sommige respondente nie die waarheid oor die dood en spesifiek die dood van hul ouer(s) vertel is nie. Wass (1991:11) noem dat kleuters se vrae oor die dood deel is van hul normale ontwikkeling en dat hulle antwoorde op hierdie vrae benodig. Kleuters se reaksie op die dood is egter nie altyd sigbaar nie, aangesien hulle moeilik hul emosies verwoord. Binne Zoeloe-kultuur word die aanname gemaak dat kleuters geen emosies rakende die oorlede het nie, aangesien min van hulle daaroor praat (Kuhlase, 2007).

Volgens Malherbe (in Richter & Müller, 2005:1007) word daar binne die Zoeloe-kultuur nie emosioneel deur die dood van 'n geliefde gewerk nie. Die navorser is van mening dat kleuters vrese ontwikkel wanneer hulle nie die geleentheid gebied word om vrae oor die oorledene te vra nie. Daar is tydens die studie waargeneem dat ook die kleuters binne die Zoeloe-kultuur 'n behoefte het om vrae oor die dood te vra en dat hulle erkenning van hul emosies benodig. Die navorser wil dus tot die gevolgtrekking kom dat dit baie moeilik is vir die kleuters binne die Zoeloe-kultuur om die realiteit van die dood te aanvaar wanneer hulle nie oop en eerlik oor die dood van 'n geliefde ingelig word nie en ook nie die geleentheid het om daaroor te praat nie.

Weens kleuters se beperkte begrip oor die dood benodig hulle binne die Zoeloe-kultuur die leiding van volwassenes om vrae te beantwoord en om erkenning aan hul emosies van verlies te gee om sodoende die realiteit van die dood te aanvaar.

**4.4.2 Taak 2: Om die pyn en emosionele aspekte van verlies te ervaar.**

Volgens Dyregrov (1991:20), asook Oaklander (2006:120) is woede, angs en skuldgevoelens algemene reaksies by jong kinders wat verlies ervaar. Tydens die studie is die moontlikheid waargeneem dat die kleuters binne die Zoeloe-kultuur `n verskeidenheid emosies rakende die verlies van hul ouers kan ervaar en dat hulle `n behoefte het om uiting aan hul emosies te gee. Oor die algemeen word daar binne die Zoeloe-kultuur nie emosioneel deur die dood van `n geliefde gewerk nie en kleuters kry dus min geleentheid om uiting aan hul emosies van verlies te gee. Volgens Lewis (1999:150) hang die kleuter se vaardigheid om gevoelens van verlies suksesvol op te los van die volwassenes in sy lewe af. Binne die Zoeloe-kultuur bied volwassenes egter nie hierdie hulp aan kleuters/kinders nie. Daar is tydens die groepwerkreeks waargeneem dat die kleuters binne die Zoeloe-kultuur wél `n verskeidenheid emosies rakende die verlies van hul ouers ervaar en dat hulle gebaat het daarby om uiting aan hul emosies te gee. Kleuters binne die Zoeloe-kultuur is dus nie klein wesens wat geen emosies na die dood van hul ouers ervaar nie.

**4.4.3 Taak 3: Om by omstandighede aan te pas waar die oorledene nie meer teenwoordig is nie.**

Volgens Denis (2003:2) neem slegs die volwassenes binne die Zoeloe-kultuur deel aan begrafnisrituele. Daar is egter waargeneem dat kleuters binne die Zoeloe-kultuur `n verskeidenheid vrae het oor wat met die oorledene gebeur het en dat hulle `n behoefte het om te verstaan. Volgens Goldman (2000:42) is dit `n normale reaksie vir `n kleuter om te wonder hoe dit met die oorledene gaan, aangesien hy nie die permanensie van die dood verstaan nie. Die kleuter binne die Zoeloe-kultuur benodig egter die gerusstelling van volwassenes om by die omstandighede aan te pas waar die oorledene nie meer teenwoordig is nie. Daar is ook tydens die studie waargeneem dat die kwaliteit verhouding wat die kleuter met die oorlede ouer voor sy dood gehad het die kleuter se wyse van verlies sal beïnvloed. Kleuters binne die Zoeloe-kultuur is gewoonlik deel van groot uitgebreide families. Daar is waargeneem datván die kleuters beter verhoudinge met hul grootouers het as met hul eie ouers. Die kleuter se ondersteuningsnetwerk na die dood van sy ouer sal dus ook die wyse bepaal hoe hy na die dood van sy ouer sal aanpas by sy

nuwe omstandighede.

#### 4.4.4 Taak 4: Om die dood van `n persoon te aanvaar en daarby aan te pas.

`n Kleuter se ervaring van verlies is verwant aan die kulturele en sosio-ekonomiese omgewing waarin hy grootword (Granot, 2005). Tydens die studie is daar waargeneem dat elke kleuter sy unieke proses het hoe hy deur die dood van sy ouer werk en dat sy manier van verlieshantering verwant is aan die omstandighede waarin hy grootword. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die kleuter binne die Zoeloe-kultuur die leiding van volwassenes benodig om sukesvol na die dood van sy ouer aan te pas.

### 4.5 GEVOLGTREKKING

Tydens die gestaltgroepwerk is die kleuters binne die Zoeloe-kultuur se belewenis van verlies na die dood van `n ouer waargeneem. Die mening word gehuldig dat die doelwitte en doelstelling wat vir die groepwerkreeks beplan was, bereik is. Daar is met vyf kleuters begin en die groep het ook met vyf kleuters geëindig. Die kleuters wat aan die groepwerkreeks deelgeneem het, het die geleentheid gehad om die groep by te woon met ander kleuters wat ook `n ouer aan die dood afgestaan het. Die riglyne wat tydens gestaltgroepwerk gevolg is, soos byvoorbeeld die rondtes wat gedoen is en die tydgrens wat aan kleuters gegee is, het volgens die navorser bygedra om die effektiwiteit van die groepwerkreeks te verseker.

Hoewel navorsing oor die terapeutiese behoeftes van verskeie kulturele groepe beperk is, het die navorser gevind dat die emosionele-bewustheidsoefeninge van die gestaltterapie suksesvol toegepas kan word binne die Zoeloe-kultuur. Gestaltgroepwerk het die navorser in staat gestel om kleuters se belewenis van verlies binne die Zoeloe-kultuur waar te neem.

HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Nadat `n literatuurstudie gedoen is en die empiriese data deur middel van ongestruktureerde waarneming tydens gestaltgroepwerk verkry en verwerk is, is dit vir die navorser moontlik om samevattings, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die studie. Die doel van die studie was om ondersoek in te stel na die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap. Om die doel te bereik, is die volgende doelwitte daargestel:

- Om met behulp van `n literatuurstudie en inligting verkry vanuit gesprekke met kundiges, `n teoretiese raamwerk daar te stel ten opsigte van die kleutertydperk binne die Zoeloe-kultuur; die belewenis van verlies binne die Zoeloegemeenskap; spel binne gestaltgroepwerk as kommunikasiemiddel.

- Om `n empiriese ondersoek te loods en sodoende vas te stel hoe die kleuter verlies ervaar na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap.

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer, in `n Zoeloegemeenskap.

Die studie is dus uitgevoer om ondersoek in te stel na die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap. Die volgende navorsingsvraag is geformuleer:

**Wat is die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegmeenskap?**

Algemene samevattings, gevolgtrekkings en aanbevelings sal na aanleiding van die volgende besprekingspunte voorgestel word:

- Navorsingsmetodologie
- Literatuurstudie wat op die volgende fokus:
    - ✓ Die kleuter se belewenis van verlies binne die Zoeloe-kultuur
    - ✓ Spelterapie deur middel van gestaltgroepwerk
- Empiriese studie

## 5.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 5.2.1 Samevatting

Hoofstuk een verskaf `n inleiding en algemene oriëntering tot die studie. Wêreldwyd word kinders meer en meer aan situasies wat verlies impliseer, blootgestel. Wanneer `n kind `n ouer aan die dood afstaan is dit `n traumatiese belewenis wat potensieel die kind se lewe drasties beïnvloed. Indien `n kind wat verlies ervaar, nie bemagtig word om sy verlies te integreer nie, kan hierdie leemte wat as gevolg van verlies manifesteer op negatiewe wyse gevul word. Volgens Berard (1998:64) is onkunde en ongemak rakende die identifisering, verbalisering en hantering van emosies in die alledaagse lewe vir volwassenes en kinders `n probleem. Baie kinders se verliese word nie aangespreek nie, aangesien volwassenes kinders die pyn om daaroor te praat wil spaar.

Binne die Zoeloe-kultuur blyk die emosies van kleuters nie noodwendig vooropgestel te wees nie (Cronje, 2007). Sover vasgestel kon word is daar nog geen navorsing oor die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer binne `n Zoeloegemeenskap gedoen nie. Die vroeë identifisering en hantering van verliese by kleuters is volgens die navorser noodsaaklik om sodoende moontlike toekomstige probleme uit te sluit.

Die keuse van die onderwerp is aan die begin van die hoofstuk gemotiveer en die probleem is geformuleer. Die doel en doelwitte van die studie is geïdentifiseer en die navorsingsvraag vir die studie is duidelik uiteengesit. Ongestruktureerde onderhoudvoering en waarneming in die vorm van gestaltgroepwerk het tydens die studie verseker dat die data rakende die kleuter se belewenis van verlies in `n Zoeloegemeenskap suksesvol ingevorder is. Die navorser het Cresswell se model vir kwalitatiewe data-analise tydens die studie gevolg om te verseker dat die data wat ingevorder is, korrek verwerk word. Aspekte met betrekking tot die voorondersoek is ook verduidelik en `n omskrywing is gegee van die universum. Die steekproef en die wyse van steekproefneming is afgebaken. Etiese kwessies wat in ag geneem is, is kortliks bespreek, asook die leemtes van die studie. Die hoofstuk eindig met `n begripsomskrywing van die hoofkonsepte en `n uiteensetting van die navorsingsverslag.

## 5.3 LITERATUURSTUDIE

Die literatuurstudie is in twee hoofstukke verdeel (Hoofstuk 2 & 3). Hierdie hoofstukke sal onderskeidelik bespreek word.

**Hoofstuk 2: Die kleuter se belewenis van verlies binne die Zoeloe-kultuur**

**5.3.1 Samevatting**

Kulturele invloede speel `n betekenisvolle rol tydens die kleuter se wyse van verlieshantering na die dood van `n ouer. Binne die Zoeloe-kultuur word die dood van `n geliefde op unieke wyse hanteer. Baie tyd word aan begrafnisrituele spandeer en min tyd aan die emosionele hantering van die dood (Kuhlase, 2007). Kleuters word nie by die begrafnisrituele betrek nie en min emosionele ondersteuning word aan hulle gebied. Volgens Killian en Perrot (1994:10) glo die meeste volwassenes binne die Zoeloe-kultuur dat kinders teen die dood beskerm moet word, aangesien hulle te jonk is om die konsep 'dood' te verstaan. Besonderhede oor die dood van `n geliefde word dus nie aan kleuters verskaf nie. Blom (2004:212), asook Pennells en Smith (1996:9) noem dat kinders dieselfde emosies as volwassenes ervaar, maar dat hulle beperkte vermoëns het om hierdie emosies te kommunikeer. Kleuters benodig dus die hulp en leiding van volwassenes tydens die hantering van hul emosies na die dood van `n ouer.

**5.3.2 Gevolgtrekkings**

- Die kleuterstadium is `n kritieke stadium vir die konstante versterking van `n positiewe gevoel van selfwaarde.

- Kleuters beskik nie oor die emosionele - en kognitiewe vaardighede om die dood van `n ouer effektief te hanteer nie.

- Kleuters vind dit moeilik om hul emosies te verwoord, aangesien hul kognitiewe vermoë beperk is en hulle nie oor die nodige vaardighede en woordeskat beskik nie.

- Wanneer volwassenes nie oor die dood van `n geliefde met kleuters praat nie, sal die kleuter met sy beperkte kognitiewe, sosiale en emosionele vermoëns ook nie die vrymoedigheid hê om vrae oor die dood te vra nie.

- `n Kleuter se ondersteuningsnetwerk speel dus `n belangrike rol in die wyse waarop hy by die nuwe omstandighede na die dood van `n ouer sal aanpas. Die kleuter se wyse van verlieshantering is verwant aan die kultuur waarbinne hy grootword.

- Kleuters binne die Zoeloe-kultuur word nie toegelaat om aan begrafnisrituele deel te neem nie. Dit benadeel die emosionele ontwikkeling van die kleuter.

- Kleuters toon reaksie op verlies deur middel van gedrag, denke, gevoelens en fisiese simptome. Die dood van `n geliefde laat die kleuter met `n gevoel van onveiligheid.

- Spel vorm `n essensiële deel van `n kleuter se sosiale ontwikkeling. Spel weerspieël ook die algemene kultuur waarbinne die kleuter grootword. Danse en algemeem beskikbare materiale moedig die kleuter binne die Zoeloe-kultuur aan om kreatief en vernuwend te wees in hul spel.

**Hoofstuk 3: Spelterapie deur middel van gestaltgroepwerk.**

**5.3.3 Samevatting**

Daar is verskeie benaderings wat terapeute kan gebruik as instrumente om hulle kliënte se gedrag, emosies en denke te verstaan, te analiseer en te interpreteer. Volgens Blom (2004:210), asook Oaklander (2006:119) is gestaltterapie `n effektiewe benadering vir die werk met kinders wat verlies ervaar. Groepwerk is `n sosiale proses waar kinders in interaksie met mekaar is en oor hulself en ander leer. `n Terapeutiese groep het volgens Oaklander (1999:165) die voordeel dat dit `n klein, geïsoleerde wêreld is waarbinne teenwoordige gedrag ervaar kan word en nuwe gedrag uitgetoets kan word. Oaklander (1999:165-167) noem verder dat `n groep die ideale omgewing is waar kinders hulle kontakvaardighede kan verbeter. Kontakvaardighede of kontakfunksies sluit in die gebruik van al die sintuie, sowel as die uitdrukking van emosies. Dit bly egter `n uitdaging om die gestaltbenadering binne `n ander kultuur toe te pas, aangesien daar beperkte navorsing oor terapeutiese behoeftes van verskeie kulturele groepe is. Vir suksesvolle hulpverlening deur middel van gestaltgroepwerk aan kleuters, moet die terapeut buigbaar wees om tegnieke en prosedures aan te pas. Alhoewel die kleuter beperkte kognitiewe, emosionele en sosiale vermoëns het om bewustelik deur die terapeutiese proses te werk kan Perls se vyf lae van neurose as riglyn gebruik word om by elke kleuter se proses tydens gestaltgroepwerk aan te pas.

### 5.3.4 Gevolgtrekkings

- Spel is die kind se natuurlike medium van kommunikasie en `n hulpmiddel wat kommunikasie tussen die kind en die terapeut bewerkstellig.

- Die spelterapeut moet ingelig wees oor die kultuur en gebruike van die kleuter indien daar kruis-kultureel gewerk word.

- Die spelterapeut moet bewus wees van moontlike struikelblokke by die toepassing van spelterapie/gestaltgroepwerk binne die kulturele opset van die kliënt.

- Die terapeut moet speltegnieke en - prosedures aanpas om aan die behoeftes van kleuters binne verskillende kulture te voldoen.

- Kreatiewe spel, bibliospel en drama kan as mediums benut word om emosies te ontlaai en bewustheid te verhoog. Hierdie mediums kan tydens gestaltgroepwerk met die kleuter binne die Zoeloe-kultuur aangewend word.

- `n Terapeutiese groep skep die ideale omgewing vir die kleuter om gedrag te ervaar en uit te toets, sowél as kontakvaardighede te verbeter.

- Perls se vyf lae van neurose kan as riglyn gebruik word om die Zoeloesprekende kleuter se proses tydens gestaltgroepwerk te volg.

## 5.4 EMPIRIESE STUDIE

### 5.4.1 Samevatting

Om vas te stel hoe die kleuter verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap ervaar, is ongestruktureerde onderhoudvoering en waarneming deur middel van gestaltgroepwerk gedoen. Die analisering, prosessering en interpretering van die navorsingsbevindinge het daartoe bygedra dat die verlies wat die kleuters in `n Zoeloegemeenskap na die dood van `n ouer ervaar, eksploreer kon word. Sodoende kan die gemeenskap bemagtig word om die sosio-emosionele belewenis van die kleuters te begryp.

### 5.4.2 Gevolgtrekkings

- Gestaltgroepwerk deur middel van spelterapie is 'n suksesvolle metode om die kleuter binne die Zoeloe-kultuur, wat verlies ervaar na die dood van 'n ouer te ondersteun en te bemagtig.

- 'n Gestaltgroep, bestaande uit vyf kleuters van dieselfde kultuur bied die nodige veiligheid om die eksplorering van gevoelens te fasiliteer.

- Kleuters beleef 'n verskeidenheid van emosies na die dood van 'n ouer en sal nie outomaties tydens 'n gesprek oor emosies, uiting aan hul emosies gee nie. Kleuters benodig die hulp van volwassenes om uiting aan hul emosies te gee.

- Kleuters vind dit moeilik om die realiteit van die dood te aanvaar wanneer hulle nie oop en eerlik oor die dood van 'n geliefde ingelig word nie en nie die geleentheid gebied word om daaroor te praat nie.

- Sensoriese kontakmakingsoefeninge kan suksesvol binne die Zoeloe-kultuur aangewend word om die kleuters se aandag by 'n groep te bepaal en om 'n verhouding tussen die terapeut en die kleuters te versterk deur middel van hulpmiddels soos musiek en drama.

- Binne die Zoeloe-kultuur word kleuters op komplekse wyses oor die dood van 'n geliefde ingelig wat die kleuter se manier van verlieshantering negatief beïnvloed.

- Bibliospel sowel as tekentegnieke kan effektief aangewend word met die kleuter wat verlies ervaar na die dood van 'n ouer binne die Zoeloe-kultuur.

- Kleuters binne die Zoeloe-kultuur baat daarby om uiting aan onderdrukte emosies te gee deur middel van boks en klei-gooi.

- Elke kleuter beweeg op 'n unieke wyse deur die rouproses na die dood van 'n ouer. Die kleuter se ondersteuningsnetwerk en kulturele invloede speel 'n belangrike rol in die kleuter se manier van verlieshantering.

- Die toepassing van die gestaltbenadering met die kleuter binne die Zoeloe-kultuur wat verlies ervaar, bly `n uitdaging:
  - ✓ Die ontwikkelingsvlak van die kleuter, sowel as kulturele opvattings en gebruike moet deurgaans tydens intervensie met die kleuter binne die Zoeloe-kultuur ingedagte gehou word. Die navorser se vermoë om Zoeloe te praat het kommunikasie met die kleuters moontlik gemaak.
  - ✓ Die navorser moes konstant waak teen die maak van aannames, byvoorbeeld dat alle emosies wat deur die respondente geprojekteer is noodwendig met verlies en die dood verband hou.

### 5.4.3 Aanbevelings

- Professionele persone se intervensie met kleuters moet kultuur-sensitief wees en mag dus nie teenstrydig wees met kulturele opvattings en gebruike nie. Die toestemming van ouers moet dus verkry word.

- Die ouers/voogde, personeel van die Isitimela Créche, sowel as lede van die groter Zoeloegemeenskap moet ingelig word ten opsigte van die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer, sodat die volwassenes bemagtig kan word om die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer beter te verstaan.

- Deur die ontwikkeling van kultuur-sensitiewe programme moet die Zoeloegemeenskap daarvan bewus gemaak word dat kleuters daarby baat om na die dood van `n ouer hul emosies tydens terapie te ontlont.

- Gestaltgroepsessies is `n intervensiemetode wat deur middel van professionele persone gebruik kan word om kleuters na die dood van `n ouer binne die Zoeloe-kultuur te ondersteun.

- Binne die konteks van die Zoeloe-kultuur moet daar meer emosionele ondersteuning aan die kleuter na die verlies van `n ouer gebied word om moontlike toekomstige probleme wat die kleuter mag ervaar, uit te sluit.

- Hierdie studie kan moontlik as basis dien vir verdere indiepte studie aangaande die kleuter se belewenis van verlies.

- Aangesien kinders van verskillende ouderdomsgroepe die verlies van `n ouer op verskillende wyses ervaar, sal dit interessant wees om die belewenisse van verlies binne die Zoeloe-kultuur van middelkinderjariges en adolessente met mekaar te vergelyk.

### 5.5 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag vir die studie is soos volg geformuleer:

**Wat is die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap?**

Deur middel van die kwalitatiewe navorsingsbenadering kon die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer, geëksploreer word. Die direkte korrelasie tussen die doelstelling vir die navorsing en die navorsingsvraag dui daarop dat die beantwoording van die navorsingsvraag ook sal korreleer met die bereiking van doelwitte. Die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap is beskryf deur middel van die literatuurstudie en die empiriese navorsing.

Na aanleiding van die studie, is die navorser van mening dat die navorsingsvraag bevredigend beantwoord is. Alhoewel die navorsingsinligting nie veralgemeen kan word nie het die studie volgens die navorser baie insiggewende inligting rakende die onderwerp opgelewer.

### 5.6 SLOTOPMERKING

Die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer, is verwant aan die kultuur en sosio-ekonomiese omgewing waarin hy grootword. Alhoewel die aanname binne die Zoeloe-kultuur gemaak word dat kleuters te jonk in om die konsep 'dood' te verstaan en hulle dikwels nie die geleentheid gebied word om emosioneel deur die dood van `n geliefde te werk nie, is hulle nie klein wesens wat geen emosies na die dood van `n ouer ervaar nie.

Kleuters binne die Zoeloegemeenskap benodig die leiding en begrip van volwassenes om vrae ten opsigte van die dood te beantwoord in `n taal wat hulle verstaan. Dit is ook noodsaaklik om erkennning aan kleuters binne die Zoeloegemeenskap, se emosies van

verlies te gee deurdat geleenthede geskep word waar hulle uiting aan hul emosies kan gee.

**BRONNELYS**

Axline, V.M. 1993. *Play Therapy*. London: Churchill Livingstone.

Babbie, E. 2001. *The Practice of Social Research*. 9th ed. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Berard, R.M.F. 1998. The adolescent with cancer – psychosocial issues. *Oncology*, September: 60-64.

Berk, L. E. 2006. *Child Development. Children's understanding of death*. Illinois State University: Pearon, Inc.

Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt Play Therapy: Practical guidelines for child therapists*. Fichardtpark: Drufoma.

Botha, A., Van Ede, D.M., Louw, A.E., Louw, D.A. & Ferns, I. 1998. Die kleutertydperk. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds.) *Menslike Ontwikkeling*. Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Carroll, F. & Oaklander, V. 1997. Gestalt Play Therapy. In O'Connor, K. & Braverman, L.M. (Reds.) *Play Therapy Theory and Practice: A Comparative Presentation*. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Cawood, A. 2007. *Kinders moet grense hê. Doeltreffende dissipline sonder straf*. Welgemoed: Metz Press.

Congress, E.P. 1995. Gestalt. In *Encyclopedia of Social Work*, 19:1117-1124.

Cook, A.S. & Oltjenbruns, K.A. 1998. *Dying and grieving. Life span and family perspectives*. 2nd ed. Orlando: Harcourt Brace & Company.

Corey, G. 2000. *Theory and Practice of Group Counseling*. 5th ed. California: Brooks/ Cole.

Corr, C.A. 1995. Children`s understanding of death: Striving to understand death. In Doka, K.J. *Children Mourning, mourning children.* Washington: Hospice Foundation of America.

Craig, G.J. & Baucum, D. 2002. *Human development.* New York: Prentice Hall.

Cronje, M. 2007. Onderhoud met Me Marietjie Cronje, Maatskaplike Werker by die SAVF, Bhekuzulu. 16 Februarie. Vryheid.

De Jager, M. 2004. *Babagim: brein-en liggaamsoefeninge vir babas.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Denis, P. 2003. *Are Zulu children allowed to ask questions? Silence, death and memory in the time of AIDS.* Durban: Universiteit van Natal. (MA-Verhandeling).

De Vos, A.S. 2002a. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Schiences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

De Vos, A.S. 2002b. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Venter, L. 2002. Ouantitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Doerman, D.J. 2003. Gestalt Therapy. *Gale Encyclopedia of Medicine* [O]. Beskikbaar: http://www.findarticles.com
Toegang op 2007/02/23

Doka, K.J. 1995. *Children mourning, mourning children.* Washington: Hospice Foundation of America.

Dyregrov, A. 1991. *Grief in children: A Handbook for adults.* London: Jessica Kingsley Publishers Ltd.

Finestone, M. 2002. *Die bruikbaarheid van Koppitz se emosionele indikatore om depressie te identifiseer op die Teken-`n Mens toets van getraumatiseerde kinders.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (MA-Verhandeling).

Flory, V. 2005. *Your child`s emotional needs: what they are and how to meet them.* Sydney: Finch Publishing.

Fouché, C.B. 2002a. Research strategies. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Fouché, C.B. 2002b. Problem formulation. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Fouché, C.B. & De Vos. 2002. Quantitative research designs. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Galligan, A.C. 2000. That Place Where We Live: The Discovery of Self Through Creative Play Experience. *Journal of Child & Adolescent Psychiatric Nursing*, 13(4): 169-177.

Galloway, H.J. 2001. *Die invloed van spelterapie deur middel van gestaltgroepwerk op die skolastiese prestasie van kinders met leerprobleme: `n Maatskaplikewerkperspektief.* Pretoria: Universiteit van Pretoria (MSD Mini-Verhandeling).

Geldard, K. & Geldard, D. 2002. *Counseling Children. A Practical Introduction.* 2nd ed. London: SAGE Publications Ltd.

Goldman, L. 2000. *Life and loss: A guide to help grieving children.* 2nd ed. Philadelphia: Accelerated Development Inc. Publishers.

Granot, T. 2005. *Without You. Children and young people growing up with loss and its effects.* Gateshead: Athenaeum Press.

Greeff, M. 2002. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Hergenhahn, B.R. & Olsen, M.H. 2001. *An introduction to Theories of Learning.* 6th ed. New Jersey: Prentice Hall Inc.

Hough, M. 1998. *Counseling Skills and Theory.* Abingdon: Bookpoint Ltd.

Holland, J. 2001. *Understanding children`s experiences of parental bereavement.* London: Jessica Kingsley Publishers.

Jennings, S. 1993. *Playtherapy with children. A practioner`s guide.* London: Blackwell Scientific Publications.

Joubert, J.M.C. 1997. *`n Gestalthulpprogram vir die kind met enurese vanuit `n maatskaplikewerk-perspektief.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. Ongepubliseerde (D.Phil-Proefskrif).

Keitel, M.A., Kopala, M. & Robin, L. 1998. Loss and grief groups. In Stroiber, K.C. & Kratochwill, T.R. *Handbook of Group intervention for children and families.* Boston: Allyn & Bacon.

Killian, B. & Perrot, M. 1994. How children view death: a positive outlook. *The thinking person`s AIDS awareness magazine,* 1(4):10-12.

Kuhlase, R. 2007. Onderhoud met Me. Ruth Kuhlase, onderwyseres by Thuthuka Kleuterskool. 22 November. Paulpietersburg.

Kuzel, A.J. 1999. Sampling in Qualitative Inquiry. In Crabtree, B.F. & Miller, W.L. *Doing Qualitative Research.* 2nd ed. California: Sage Publications, Inc.

Landreth, G.L. 1991. *Play Therapy. The Art of the Relationship.* Munchie: Accelerated Development Inc.

Landreth, G.L. 2002. *Play Therapy. The Art of the Relationship.* 2nd ed. New York: Brunner-Routledge.

Leedy, P.D. 1997. *Practical Research: Planning and design.* 6th ed. Ohio: Prentice Hall.

Lewis, S. 1999. *An adult's guide to childhood trauma: Understanding traumatized children in South Africa.* Cape Town: David Philip Publishers (Pty) Ltd.

Mbatha, S. 2008. Onderhoud met Me Sarafina Mbatha, inwoner van `n informele nedersetting in `n Zoeloe-gemeenskap in Noord Kwa-Zulu Natal. 18 Maart. Paulpietersburg.

Minne, D. 1997. *`n Spelterapeutiese riglyn vir die hantering van emosies by die kind in middelkinderjare.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. Ongepubliseerde (MSD Mini-Verhandeling).

Neuman, W.L. 2000. *Social research methods – qualitative and quantitative approaches.* 4th ed. Boston: Allyn and Bacon.

*New Dictionary of Social Work.* 1995. Cape Town: CTP Book Printers (Pty) Ltd.

Nichol, R.J. & Scheffer, J. 1994. Biblioterapie en kinderpsigiatrie. *Geneeskunde,* 36(5) Julie: 12-21.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children: A Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents.* New York: The Gestalt Journal Press.

Oaklander, V. 1993. From meek to bold: A case study to Gestalt play threpy. In Kottman, T. & Schaefer, C. (Eds.) 1993. *Play Therapy in Action – A casebook for Practitioners*. New Jersey: Jason Aronson Inc.

Oaklander, V. 1994. Gestalt Play Therapy. In O,Connor, K.J. & Schaefer, C.E. (Editors). *Handbook of play therapy. Volume two: Advances and Innovations.* New York: John Wiley & Sons, Inc.

Oaklander, V. 1997. The Therapeutic Process with children and adolescents. *Gestalt Review*, Vol 1 (4): 292-317.

Oaklander, V. 1999. Group Play Therapy From a Gestalt Therapy Perspective. In Sweeney, D.S. & Hofmeyer, I.C. (Reds.) *Handbook of Group Play Therapy: How to do it, How it works; Whom its best for.* San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Oaklander, V. 2006. *Hidden treasure. A Map to the child`s inner self.* London: Karnac Books.

Olivier, L. 1998. *Assesseringsriglyn vir gestaltterapeute met bibliospel as hulpmiddel in die hulpverlening van kinders wat verlies ervaar.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (MA-Verhandeling).

Pennells, M. & Smith, S.C. 1996. *The forgotten mourners: Guidelines for working with bereaved children.* London: Jessica Kingsley Publishers Ltd.

Richter, A. & Müller, J. 2005. *The forgotten children of Africa: Voicing HIV and AIDS orphans' stories of bereavement: A Narrative approach.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (MA-verhandeling).

Royse. D. 1991. *Research Methods in Social Work.* Chicago: Nelson-Hall Publishers.

Schoeman, J.P. 1996a. The art of the relationship with children – Gestalt approach. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. *Entering the child`s World. A Play Therapy Approach.* Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P.1996b. Projection techniques. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. *Entering the child`s World. A Play Therapy Approach.* Pretoria: Kagiso.

Silveira, W.R., Trafford, G. & Musgrove, R. 1988. *Children need groups. A Practical Manual for Group Work with Young Children.* Arbedeen: University Press.

Silverman, D. 1993. *Interpreting Qualitative Data: Methods for Analysing Talk, Text and Interaction.* London: SAGE Publications.

Staudacher, C. 1987. *Beyond grief: A guide for recovering from the death of a loved one.* Oakland: New Harbinger Publications Inc.

Strauss, A. & Corbin, J. 1998. *Basics of qualitative research: Techniques and procedures for developing grounded theory.* London: Sage.

Strydom, H. 2002a. The pilot study. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Strydom, H. 2002b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. *Counseling Children.* 5th ed. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Toseland, R.W. & Rivas, R.F. 2001. An introduction to group work practice. 4th ed. Boston: Allyn & Bacon.

Van der Merwe, M. 1996a. Biblio-play. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. *Entering the child's World. A Play Therapy Approach.* Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe, M. 1996b. Dramatic Play. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. *Entering the child's World. A Play Therapy Approach.* Pretoria: Kagiso.

*Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek.* 1997. Johannesburg: Heinemann.

*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* 1994. Midrand: Perskor Uitgewery.

Wass, H. 1991. Helping children cope with death. In Papadatou, D. & Papadatos, C. *Children and death.* University of Athens: Hemisphere publishing corporation.

Witthaus, S. 2004. *Enhancing your child's development: a guide for parents, teachers and therapists.* Ongepubliseerde handleiding: Pretoria.

Webb, N.B. 2002. The child and death. In Webb, N.B. (Editor). *Helping bereaved children: A handbook for practitioners.* New York: Guilford Press.

Wells, R. 1988. *Helping children cope with grief: Facing a death in the family.* London: Sheldon Press.

West, J. 1996. *Child Centered Play Therapy.* 2nd ed. London: Edward Arnold.

Willis, C.A. 2002. The grieving process in children: Strategies for understanding, educating, and reconciling children's perceptions of death. *Early Childhood Education Journal,* 29(4): 221-226.

Worden, J.W. 1996. *Children and grief: When a parent dies.* New York: The Guilford Press.

Yssel, J.M. 1999. *Gestaltterapie met die allergiese kind in die middelkinderjare.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (DPhil-Proefskrif).

**Bylaag 1**

**SAVF**
Suid-Afrikaanse Vrouefederasie

Gesinsorg
in die gemeenskap - vir die gemeenskap
Family Care
in the community - for the community

SAVF Jubileum/Rusoord/Dienssentrum/Boekwalk
Afrikanerstraat 82 Afrikaner Street
VRYHEID 3100

E08
VRYHEID
3100

: (034) 982 2220/1
Faks/Fax : (034) 9808056

22 Februarie 2007

Aan wie dit mag aangaan

**Anzel Niebuhr**

Hiermee word toestemming verleen dat die bogenoemde persoon navorsing mag doen by **Isitimela Creché**.

Baie dankie.

JM Cronjé
BESTUURDER

**Bylaag 2**

**Die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap.**

**Respondent se naam:**____________________ **Datum:**______________

**Navorser:** Anzel Niebuhr
MSW Spelterapie student aan die Universiteit van Pretoria.

**Ingeligte toestemming**

**1. Titel van studie:** Die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap.

**2. Doel van die studie**: Die doel hierdie studie is om ondersoek in te stel na die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap.

**3. Navorsingsprosedure:** Die respondente sal aan agt groepsessies deelneem van ongeveer 45 minute elk. Gedurende die groepsessies sal verskeie aktiwiteite gebruik word om `n proses te fasiliteer waar die respondente hul belewenis van verlies na die dood van `n ouer met ander kan deel. Daar sal tydens die groepsessies `n video-opname gemaak word om data-invordering met akkuraatheid te verseker.

**4. Risiko`s en ongemak:** Die navorser sal nie van eninge aktiwiteite gebruik maak wat doelbewus tot fisiese skade of emosionele ongemak van die respondente sal lei nie.

**5. Voordele:** Die resultate van die studie kan die navorser help om insig rakende die kleuter se belewenis van verlies na die dood van `n ouer in `n Zoeloegemeenskap, te verkry. Die respondente kry ook die geleentheid om met ander kleuters wat soortgelyke verlies ervaar, te sosialiseer.

**6. Respondent se regte:** Die respondente het die reg om enige tyd van deelname aan die studie te onttrek. Daar sal ook aan respondente verduidelik word dat hulle op vrywillige basis deelneem.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**7. Konfidensialiteit:** Ek verstaan dat die inhoud van die groepsessies konfidensieel gehou sal word. Ek verstaan dat die resultate van die studie gepubliseer mag word in die vorm van `n mini-verhandeling, vir die navorser om `n MSW Spelterapie graad te behaal.

**8.** As ek enige vrae of bekommernisse oor my kind se deelname aan die studie het, kan ek vir Anzel Niebuhr by 072 722 8282 kontak.

Ek verstaan my kind se regte as `n respondent, en ek verleen toestemming dat my kind om aan die studie mag deelneem. Ek verstaan waaroor die studie gaan en hoekom die studie uitgevoer word. Ek begryp ook dat die navorsingsdata vir `n periode van 15 jaar geberg sal word en dat daar geen finansiële vergoeding aan die deelname verbonde is nie. Ek sal `n getekende kopie van die ingeligte toestemmingsvorm ontvang.

________________________________ __________

**Ouer of Voog van respondent se handtekening** **Datum**

________________________________ __________

**Navorser se handtekening** **Datum**

Bylaag 3

**Umntwana omncane ulimala kanjani ngokushona komzali emphakathini wakwaZulu.**

**Igama lophendulayo:_______________________ usuku:___________________**

**Umcwaningi: Anzel Niebuhr**
**Umfundi we MSW Spelterapie e University yase Pretoria**

**Imvume yombiko**

**1. Isihloko sesifundo:** Umntwana omncane ulimala kanjani ngokushona komzali emphakathini wamaZulu.

**2. Inhloso yesifundo:** Inhloso yalesisifundo ukufuna ukuthi kusho ukuthini ukuphila komntwana omncane emva kokushonelwa umzali wakhe emphakathini wama Zulu.

**3. Indlela yokusebenza komcwaningi:** Abaphendulayo bazoya ezifundweni zamaqembu ezingu 8, imizuzu engu 45, isifundo sisinye. Ngenkathi kufundwa ngamaqembu kuzosetshenziswa izindlela eziningi ezehlukene. Ukunikeza umntwana othile ithuba lokutshela abanye ngalokho okumehlelayo ngokulahlekelwa ngokulahlelelwa umzali (umama) kuzothanthwa izithombe ze video ngenkathi befunda ngamaqembu ukuqiniseka ukuthi imininingwane yiyo ngempela.

**4. Ingozi nokuphoxeka:** Umcwaningi akazukusebenzisa noma yiziphi izinto ngenhloso yokulimaza ngokomzimba noma ngokwemizwa kulabo ekufanele baphendule.

**5. Inzuzo:** Umphumela walesisifundo usiza umcwaningi ukuba athole ulwazi lwenhlalo yomntwana omncane oshonelwe umzali emphakathini wamaZulu. Opendulayo naye uthola ithuba lokuxoxa nokuba nobudlelwano nabanye abafana naye.

**6. Ilungislo lophendulayo:** Opendulayo unelungelo lokuhoxa ukuba yingxenye yesifundo noma ngasiphi isikhathi. Bazochazelwa abaphendulayo ukuthi bayingxenye yalokhu ngoba bethanda/ngokuthanda kwabo.

7. **Impihlo:** Ngiyaqonda ukuthi okuqukethwe yilezizifundo zamaqembu kuzohlala kuyimfihlo. Ngiyaqonda ukuthi imiphumela yesifundo ingasakazwa ngendlela emfishane yokuxoxisana, ukuze imcwaningi athole iziqu ze MSW Spelterapie.

8. Uma nginanoma umuphi noma ngikhathazekile ngokusebenza kwengane yami esifundweni, ngingathinta u Anzel Niebuhr 072 722 8282.

Ngiyaliqonda ilungeto lomntwana wami njengophendulayo, futhi ngiyamnika imvume umntwana wami, yokuba abeyingxenye esifundweni. Ngiyayazi inhloso yalesisifundo nesizathu sokuba sifundwe. Ngiyaqonda futhi ukuthi imininingwane yesifundo izogcinwa isikhathi seminyaka engu 15 nokuthi akukho ukukhokhelwa ngemali kulabo abazihlanganisile nesifundo. Ngizokwamukela ikhophi esayiniwe yemininingwane yokwamukelwa.

**Kusayina umzali noma umphathi** **usuku**

**Kusayina umcwaningi** **usuku**